1982065745

U.O.V.S. - BIBLIOTEEK
*198206574501220000019*

[illegible] OTR
[illegible] 1968
[illegible]

DIE BEROEPSVERWAGTINGS EN -ORIëNTERING VAN SENIOR LEERLINGE IN QWAQWA

deur

MADELINE VERWEY (geb. JANSE VAN RENSBURG)

VOORGELê OM TE VOLDOEN AAN DIE VEREISTES VIR DIE GRAAD

MAGISTER COMMERCII

in

BEDRYFSIELKUNDE

in die

FAKULTEIT EKONOMIESE EN ADMINISTRATIEWE WETENSKAPPE

aan die

UNIVERSITEIT VAN DIE ORANJE-VRYSTAAT

STUDIELEIER: PROFESSOR H.P. LANGENHOVEN
M.A., D.Phil. (Stell.)

BLOEMFONTEIN

JANUARIE 1982

DIE
NIE

Universiteit van die Oranje-Vrystaat
BLOEMFONTEIN

21-04-1982

T 371.4250968591 VER

# VOORWOORD

Hiermee my dank aan:

Die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN) vir finansiële steun.

My studieleier, Professor H.P. Langenhoven, wat altyd oor die nodige tyd beskik het vir raad en leiding.

Die Departement van Onderwys en Opleiding se afdeling Sielkundige Dienste vir die voorsiening van inligtingsmateriaal.

Die Departement van Onderwys van Qwaqwa, veral die onderwysbeplanner mnr. B.M. Khotseng en mnre. P.R. Leeuw en N.C. Monei wat gemoeid is met Sielkundige Dienste vir hulp verleen tydens die veldwerk.

Mev. J.M. Colditz vir proeflees en hulp met die bibliografie en mev. Veronica van der Westhuizen vir die tik van die tabelle.

My ouers en Ma Johanna vir aanmoediging, hulp en bystand wat verleen is.

My twee woelwaters, CT en Marina vir al hul geduld.

My man Tobie, wat altyd bereid was om deur woord en daad leiding en raad te gee. Vir al sy geduld, verdraagsaamheid en aanmoediging, baie dankie.

M.V.

Januarie 1982.

INHOUDSOPGAWE

BLADSY

HOOFSTUK 1. INLEIDING 1

1.1. PROBLEEMSTELLING 1

1.2. BEGRIPSBEPALING 2

1.2.1. Beroepsverwagtings 2

1.2.2. Beroepsoriëntering 3

1.2.3. Senior leerlinge 4

1.3. HIPOTESE 4

1.4. METODE VAN ONDERSOEK 6

HOOFSTUK 2. ENKELE FAKTORE WAT BEROEPSVERWAGTINGS BEÏNVLOED 8

2.1. ALGEMEEN 8

2.2. DIE ONDERSKEIE STADIA VAN BEROEPSVERWAGTINGS BY LEERLINGE 9

2.3. DIE GEMEENSKAP WAARBINNE DIE KIND HOM BEVIND 12

2.4. DIE HUIS WAARIN DIE KIND GROOTWORD 15

2.5. DIE PORTUURGROEP WAARMEE DIE KIND HOM ASSOSIEER 18

2.6. DIE INVLOED VAN GESLAG OP BEROEPSVERWAGTINGS 19

2.7. DIE INVLOED VAN OPLEIDING OP VERWAGTINGS EN LOONSKALE 23

2.8. DIE INVLOED VAN DIE SKOOL EN DIE ONDERWYSER 27

2.9. DIE INVLOED VAN DIE KOMMUNIKASIEMEDIA 31

2.10. DIE INVLOED VAN WETGEWING OP BEROEPSVERWAGTINGS 32

2.11. SAMEVATTING 32

HOOFSTUK 3. DIE POSISIE VAN BEROEPSVOORLIGTING AS INTEGRALE DEEL VAN SKOOLVOORLIGTING IN VERSKEIE LANDE 34

3.1. INLEIDING 34

3.2. SKOOLVOORLIGTING IN VERSKEIE LANDE 35

3.2.1. Frankryk 35

3.2.2. Wes-Duitsland 39

3.2.3. Swede 45

3.2.4. Switserland 52

3.2.5. Denemarke 57

3.2.6. Oostenryk 62

3.2.7. Skotland 65

3.2.8. Die Verenigde State van Amerika 68

3.3. SAMEVATTING 72

HOOFSTUK 4. DIE STAND VAN SKOOLVOORLIGTING IN DIE SWART SKOLE VAN SUID-AFRIKA 76

4.1. INLEIDING 76

4.2. DIE DOEL VAN SKOOLVOORLIGTING 76

4.3. DIE HUIDIGE BEHEERSTRUKTUUR VAN SKOOLVOOR= LIGTING 77

4.4. PERSOONLIKHEIDS-, ONDERWYS- EN BEROEPS= VOORLIGTING 80

4.4.1. Persoonlikheidsvoorligting 80

4.4.2. Onderwysvoorligting 84

4.4.3. Beroepsvoorligting 85

4.5. DIE TAAK VAN DIE VOORLIGTER-ONDERWYSER 87

4.6. DIE KWALIFIKASIES, BESKIKBARE KURSUSSE EN BEVORDERINGSMOONTLIKHEDE VAN VOORLIGTER-ONDERWYSERS 89

4.7. SILLABUSSE VIR SKOOLVOORLIGTING 90

4.7.1. Algemeen 90

4.7.2. Die standerd 5 sillabus 90

4.7.3. Die standerd 6 sillabus 92

4.7.4. Die standerd 7 sillabus 95

4.7.5. Die standerd 8 sillabus 97

4.7.6. Die standerd 9 sillabus 98

4.7.7. Die standerd 10 sillabus 99

4.8. HANDBOEKE EN HULPMATERIAAL 101

4.8.1. Algemeen 101

4.8.2. Die voorgeskrewe handboek 102

4.8.3. Addisionele handboek 103

4.8.4. Werksprogramme 105

4.8.5. Die inligtingsentrum 106

4.8.6. Films 106

4.8.7. RGN toetse as hulpmiddel 109

4.9. AANBEVOLE METODES VAN AANBIEDING 109

4.10. DIE METODE VAN REKORDHOUDING 111

4.11. TOETSING EN EVALUASIE 112

4.12. INSPEKSIE EN KONTROLE VAN DIE VOORLIGTINGSDIENS 116

4.13. GEVOLGTREKKING 119

HOOFSTUK 5. DIE BEROEPSVERWAGTINGS, -VOORKEURE EN -KENNIS VAN SENIOR LEERLINGE IN QWAQWA 123

5.1. ALGEMEEN 123

5.2. DIE BEROEPSVERWAGTINGS VAN LEERLINGE SOOS WEERSPIEëL DEUR HUL BEROEPSKEUSE 125

5.2.1. Die amptelike klassifikasie van beroepe 125

5.2.2. Die beroepsverwagtings volgens rangorde van belangrikheid vir die standerd 8 en 10 stadia 130

5.2.3. Die beroepsverwagtings van leerlinge in drie verskillende gemeenskappe 134

5.2.4. Die beroepsverwagtings volgens die beroep van die hoof van die huis (vader) 138

5.2.5. Die beroepsverwagtings volgens ouder=dom en portuurgroep 140

5.2.6. Die beroepsverwagtings volgens geslag 143

5.2.7. Die beroepsverwagtings teenoor die Junie-maand eksamenuitslae 146

5.2.8. Die beroepsverwagtings en die onder=wyser 150

5.3. DIE VOORKEURE VAN LEERLINGE TEN OPSIGTE VAN PRAKTIESE-, KOMMUNIKATIEWE- EN TEORETIESE BEROEPE 151

5.4. DIE BEROEPSKENNIS VAN LEERLINGE 155

5.4.1. Die algemene beroepskennis van senior leerlinge in Qwaqwa 155

5.4.2. Die invloed van skoolstanderd op die beroepskennis van leerlinge 157

5.4.3. Die invloed van die gemeenskap op die beroepskennis van leerlinge 162

5.4.4. Die kennis van leerlinge insake enkele beroepe 164

5.4.5. Die verband tussen die beroepsverwag=ting en beroepskennis van leerlinge 168

5.5. SLOTOPMERKING 174

HOOFSTUK 6. DIE BEROEPSORIëNTERING VAN SENIOR LEERLINGE IN QWAQWA NA AANLEIDING VAN HUL BEROEPSVERWAGTINGS, -VOORKEURE EN -KENNIS 176

6.1. ALGEMEEN 176

6.2. BEROEPSORIëNTERING MET INAGNEMING VAN DIE INVLOEDE BUITE DIE SKOOL 176

6.2.1. Gemeenskap 177

6.2.2. Ouerhuis 179

6.2.3. Ouderdom 180

6.2.4. Geslag 181

6.3. BEROEPSORIëNTERING NA AANLEIDING VAN DIE LEERLINGE SE SKOOLPRESTASIE 182

6.4. BEROEPSORIëNTERING NA AANLEIDING VAN DIE VOORKEURE VAN LEERLINGE 183

6.5. BEROEPSORIëNTERING MET INAGNEMING VAN DIE BEROEPSVERWAGTINGS EN KENNIS VAN SEKERE BEROEPE 184

6.5.1. Professionele beroepe 184

6.5.2. Tegniese beroepe 189

6.5.3. Plaas- en bosbouwerkers 190

6.6. BEROEPSORIëNTERING EN DIE KENNISVLAK VAN LEERLINGE 191

6.7. SLOTOPMERKING 192

HOOFSTUK 7. GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS 193

7.1. GEVOLGTREKKINGS TEN OPSIGTE VAN HIPOTESES 193

7.2. AANBEVELINGS NA AANLEIDING VAN HIPOTESES 198

7.3. ALGEMENE AANBEVELINGS 202

| | |
|---|---|
| BYLAE | 204 |
| BIBLIOGRAFIE | 208 |
| ONDERHOUDE | 215 |

LYS VAN TABELLE

BLADSY

2.1. Die arbeidsmark-betrokkenheid van mans en vroue, 1900, 1950 en 1960 (persent) 22

4.1. Die omvang van die toetsprcgramme 112

5.1. Qwaqwa, 1981, die amptelike klasifikasie van senior leerlinge (standerd 8 en 10) 126

5.2. Suid-Sotho, 1970, beroepsindeling van persone met 'n standerd 8 en hoër kwalifikasie 127

5.3. Qwaqwa, 1981, die beroepsverwagtings volgens rangorde van belangrikheid, standerd 8 leerlinge 130

5.4. Qwaqwa, 1981, die beroepsverwagtings volgens rangorde van belangrikheid, standerd 10 leer= linge 133

5.5. Qwaqwa, 1981, die beroepsverwagtings van stan= derd 8 leerlinge in drie verskillende skole 135

5.6. Qwaqwa, 1981, die beroepsverwagtings van stan= derd 10 leerlinge in drie verskillende skole 136

5.7. Qwaqwa, 1981, die beroepskeuse van leerlinge teenoor die beroep beoefen deur die vader, standerd 8 leerlinge 138

5.8. Qwaqwa, 1981, die beroepskeuse van leerlinge teenoor die beroep beoefen deur die vader, standerd 10 leerlinge 139

5.9. Qwaqwa, 1981, beroepsverwagting teenoor ouder= dom, standerd 8 leerlinge 141

5.10. Qwaqwa, 1981, beroepsverwagting teenoor ouderdom, standerd 10 leerlinge 142

5.11. Qwaqwa, 1981, beroepsverwagtings volgens geslag van standerd 8 leerlinge 144

5.12. Qwaqwa, 1981, beroepsverwagtings volgens geslag van standerd 10 leerlinge 145

5.13. Qwaqwa, 1981, die beroepsverwagtings teenoor die Junie-maand eksamenuitslae, standerd 8 leerlinge 147

5.14. Qwaqwa, 1981, die beroepsverwagtings teenoor die Junie-maand eksamenuitslae, standerd 10 leerlinge 148

5.15. Qwaqwa, 1981, die voorkeure ten opsigte van praktiese-, kommunikatiewe- en teoretiese beroepe, standerd 8 leerlinge (persentasies) 152

5.16. Qwaqwa, 1981, die voorkeure ten opsigte van praktiese-, kommunikatiewe- en teoretiese beroepe, standerd 10 leerlinge (persentasies) 153

5.17. Qwaqwa, 1981, die algemene beroepskennis van senior leerlinge (standerd 8 en 10) 157

5.18. Qwaqwa, 1981, die invloed van skoolstanderd op die beroepskennis van leerlinge 158

5.19. Qwaqwa, 1981, die invloed van die gemeenskap op die beroepskennis van standerd 8 leerlinge (persentasie korrekte antwoorde verstrek) 162

5.20 Qwaqwa, 1981, die invloed van die gemeenskap op die beroepskennis van standerd 10 leerlinge (persentasie korrekte antwoorde verstrek) 163

5.21. Qwaqwa, 1981, die korrekte antwoorde verskaf op vier vrae, standerd 8 en 10 leerlinge 164

5.22. Qwaqwa, 1981, kennis van senior leerlinge ten opsigte van die beroepe mediese dokter, tegnikus en onderwyser 166

5.23. Qwaqwa, 1981, die beroepskennis van senior leerlinge volgens beroepskeuse 170

# HOOFSTUK 1. INLEIDING

## 1.1. PROBLEEMSTELLING

Voorligting op skool is 'n relatief jong veld. Skoolvoor=ligting is 'n afdeling wat maar sedert die veertigerjare van hierdie eeu redelike aandag geniet. Aan sekere skole bestaan skoolvoorligting slegs in teorie. Wat die praktyk betref word die voorligtingsperiode te algemeen deur die leerlinge as 'n huiswerkperiode en deur die onderwysers as 'n stopperiode op die skoolrooster gesien. Omdat skoolvoorligting nie tot sy reg kom nie, word leerlinge nie behoorlik toegerus die beroepswêreld ingestuur nie.

Die beplanning en besinning oor skoolvoorligting in Suid-Afrika is tot op hede in 'n groot mate in die hande van opvoed=kundige sielkundiges. Hulle deel skoolvoorligting in drie gedeeltes in, naamlik opvoedkundige voorligting, persoon=struktuurvoorligting en beroepsvoorligting (van der Walt, 1978, p.1.). Daar word van die veronderstelling uitgegaan dat indien die eerste twee gedeeltes voldoende aandag ont=vang, die derde deel, naamlik beroepsvoorligting onnodig is omdat die leerling "in staat sal wees om self realistiese en wyse keuses uit te oefen wanneer hy in 'n bepaalde situasie geplaas word" (van der Walt, 1981, p.4.). Met hierdie stel=ling kan veral die bedryfsielkundige nie heeltemal saamstem nie. Die gebied van die beroepsvoorligting behoort 'n veel groter aandeel gegun te word in skoolvoorligting.

Genoegsame beroepskennis is 'n belangrike voorwaarde waaraan voldoen moet word voordat 'n leerling 'n "realistiese en wyse keuse" kan uitoefen. Veral in die swart state van Suid-Afrika kan daar nie verwag word dat die leerlinge oor vol=doende beroepskennis sal beskik nie. Beroepsvoorligting kan veral hier 'n betekenisvolle bydrae lewer om die beroeps=moontlikhede en beroepskennis bekend te stel.

Skoolvoorligting op sigself moet aan leerlinge 'n betekenis=volle doel voorhou om sinvol te wees. Beroepsvoorligting as integrale deel van skoolvoorligting behoort so ingeklee te word dat dit aan die leerlinge die praktiese doel en waarde van skoolvoorligting sal verskaf. Opvoedkundige- en persoonstruktuurvoorligting alleen, kan vir die leerling vaag wees. Deur dit aan 'n toekomstige beroepskeuse te kop=pel kan dit meer doel en betekenis kry. In die voorligtings=proses is dit nodig om kennis te neem van die beroepsverwag=tings en -oriënterings van leerlinge, sodat dit in die regte rigting gelei kan word, indien dit nie realisties is en al die feite en omstandighede in ag neem nie.

## 1.2. BEGRIPSBEPALING

### 1.2.1. Beroepsverwagtings

Onder beroepsverwagtings word verstaan dit wat die werker of voornemende werker van sy beroep verwag, die behoeftes wat hy daarin bevredig wil hê en die dinge wat hom tevrede

of ontevrede met sy werk sal maak. Verskeie faktore sal 'n rol daarin speel soos die aard van die werk, die geleenthede wat dit bied, die manier waarop hy behandel word, die ver= goeding wat hy ontvang en sy eie hoedanighede. Die faktore wat dit bepaal, is moeilik operasionaliseerbaar, maar in die werker se beroepskeuse kan verwag word dat hierdie faktore grotendeels verreken is. In hierdie ondersoek sal die beroepskeuses van leerlinge dus as maatstaf van hul verwagtings gebruik word. Hierdie beroepskeuses sal byvoor= beeld in verband gebring word met die hoedanighede van die leerlinge self, soos skoolprestasie en werkgeleenthede in die arbeidsmark, om die realisme daarvan te toets.

1.2.2. Beroepsoriëntering

Onder beroepsoriëntering word verstaan die instelling van 'n persoon teenoor die beroepslewe. Teenoor sekere beroepe of beroepsgroepe sal hy meer positief ingestel of georiënteer wees, as teenoor ander omdat dit beter aan sy verwagtings voldoen en beter pas by sy besondere aanleg, belangstelling en omstandighede. Party mense sal byvoorbeeld meer positief ingestel wees teenoor of voorkeur gee aan werk van 'n teo= retiese aard, ander, werk van 'n praktiese aard, en nog ander, werk waarin kommunikasie belangrik is. Hierdie oriëntering teenoor beroepe moet veral die aanleg en ander hoedanighede van die persoon in ag neem, maar ook die vereistes wat die werk stel en geleenthede wat dit bied. Waar die nodige kennis van die een of die ander nie op standaard is nie,

mag hierdie oriëntasie onrealisties wees. By beroepsvoorligting moet daarvan kennis geneem word en kan dit in 'n meer realistiese rigting gestuur word. Indien daar in die aanbieding van beroepsvoorligting nie ag geslaan word op die houdings, die invloede van buite en die bestaande kennis van leerlinge nie, sal beroepsvoorligting nie noodwendig deurbreek tot oriëntering nie. Omdat hierdie twee begrippe nou verwant is, word hulle egter as sinoniem tot mekaar gebruik.

### 1.2.3. Senior leerlinge

In die steekproef is daar slegs van standerd 8 en 10 leerlinge gebruik gemaak. Hoewel standerd 9 leerlinge ook as senior leerlinge beskou kan word, is hulle nie in hierdie studie betrek nie, aangesien standerd 8 en 10 as voldoende beskou is, en ook 'n geleentheid vir vergelyking tussen die hoër en laer gekwalifiseerde groepe gebied het. Standerd 8 en 10 is telkens apart gehanteer om die nodige vergelykings te tref.

## 1.3. HIPOTESE

Die eerste hipotese wat gestel word, is dat daar 'n verband is tussen die beroepsverwagtings van leerlinge in Qwaqwa en hul kennis aangaande die beroepswêreld. Hierdie induktiewe hipotese kan as 'n rigtinggewende hipotese soos volg omskryf word: Die beroepsverwagtings van leerlinge in Qwaqwa is nie realisties nie, vanweë die gebrekkige kennis aangaande

die beroepswêreld.

ŉ Tweede hoof-hipotese wat hiermee saamhang is dat daar ŉ verband bestaan tussen invloede van buite en die beroepsver=wagtings van leerlinge. Weens die omvangrykheid van die tweede hipotese kan die volgende sub-hipoteses gestel word:

a) Daar bestaan ŉ verband tussen die beroepsverwagtings van leerlinge en die gemeenskap waarbinne hulle hul bevind.
b) Daar bestaan ŉ verband tussen die beroepsverwagtings van leerlinge en die beroep beoefen deur die vader.
c) Daar bestaan ŉ verband tussen die beroepsverwagtings van leerlinge en hul ouderdom.
d) Daar bestaan ŉ verband tussen die beroepsverwagtings en die geslag van die leerling.
e) Daar bestaan ŉ verband tussen die beroepsverwagtings van leerlinge en hul skoolprestasie.

ŉ Derde hoof-hipotese kan gestel word, naamlik dat daar ŉ verband bestaan tussen die beroepsoriëntering van leerlinge wat ingedeel kan word in ŉ teoretiese, kommunikatiewe en praktiese instelling en die beroepskeuse van leerlinge.

Die eerste, tweede en derde hipotese sal empiries ondersoek word met behulp van ŉ vraelys wat aan senior leerlinge in Qwaqwa gestel sal word.

Verder sal daar ondersoek ingestel word na die mate waarin beroepsvoorligting as integrale deel van skoolvoorligting (intern tot die skool) ŉ oriënterende invloed op die keuse

van, en voorbereiding vir 'n spesifieke beroep, kan uitoefen. Daar sal ook op gelet word hoe invloede van buite (ekstern tot die skool) op die beroepsverwagting van leerlinge, beroepsvoorligting kan beïnvloed. 'n Studie van beroepsvoor= ligting sal daarom as belangrike voorvereiste dien vir die empiriese studie. Om meer lig te werp op die invloed van buite op die beroepsverwagtings van leerlinge, word 'n lite= ratuurstudie in hoofstuk 2 gedoen waarin enkele faktore wat beroepsverwagtings beïnvloed, ondersoek word. Die plek van beroepsvoorligting in skoolvoorligting in verskillende lande word in hoofstuk 3 bepaal. In hoofstuk 4 sal die stand van skoolvoorligting in swart skole van Suid-Afrika bespreek word.

## 1.4. METODE VAN ONDERSOEK

Die empiriese ondersoek word beperk tot senior leerlinge in Qwaqwa. Sowat 380 standerd 8 en 338 standerd 10 leerlinge is by die ondersoek betrek. Onderskeid word gemaak tussen die beroepsverwagtings van dié twee skeibare senior skool= vlakke. Om hierdie rede is dit nie nodig geag om ook stan= derd 9 leerlinge te betrek nie.

Dieselfde vraelys word vir beide standerd 8 en 10 leerlinge gebruik. Die doel hiervan is om ook vergelykings te tref tussen hierdie twee groepe leerlinge.

Die vraelys, wat in bylae A volledig ingevoeg is, is in Afrikaans sowel as Engels opgestel. Engels word reeds vanaf

standerd 3 as taalmedium in die skole van Qwaqwa gebruik, terwyl Afrikaans by die Suid-Sotho in die Vrystaat meer bekend is. Aangesien daar by die invul van die vraelyste van die dienste van die Onderwysbeplanner van Qwaqwa, mnr. B.M. Khotseng en die inspekteurs van sielkundige dienste, mnre. N.C. Monei en P.R. Leeuw, gebruik gemaak word, is dit nie nodig geag om die vraelys ook in Suid-Sotho te vertaal nie.

Die skole in Qwaqwa is persoonlik deur hierdie navorser en genoemde beplanner en inspekteurs besoek. Die vraelyste is in die teenwoordigheid van hierdie vier persone deur die leerlinge ingevul sodat daar gewaak kon word teen die onder=linge uitruil van inligting deur die leerlinge. Vrae oor onduidelikhede kon ook in die taal wat die leerlinge verkies ter plaatse beantwoord word. In hierdie opsig was die per=soonlike teenwoordigheid en kontrole van die navorser van groot waarde. Dit het egter 'n beperking geplaas op die aantal leerlinge wat ondervra kon word. Weens die persoon=like kontrole was byna al die vraelyste egter bruikbaar vir ontledingsdoeleindes.

Elke vraelys bevat die naam en persoonlike besonderhede van die leerling. Hierdie besonderhede is gekontroleer met die gegewens van die skoolhoof se kantoor en terselfdertyd met die nodige bykomstige gegewens aangevul, naamlik die Junie=maand eksamenuitslae van elke leerling.

# HOOFSTUK 2. ENKELE FAKTORE WAT BEROEPSVERWAGTINGS BEÏNVLOED

## 2.1. ALGEMEEN

Die beroepsverwagtings wat deur leerlinge gekoester word, kan realisties of onrealisties wees. "There are several studies showing that young people choose unrealistically but within a realistic range, and, in general, it seems that the poorer the school performance, the lower the realism of aspiration" (Keil, 1968, p.164). Die realisme van hier= die verwagtings word deur verskeie eksterne faktore oftewel informele faktore soos Keil (1968, p.169) dit noem, beïn= vloed. Dit is noodsaaklik dat die skoolvoorligter van hier= die eksterne of informele faktore wat reeds die beroepsver= wagtings van die kind beïnvloed het, sal kennis neem, alvo= rens hy met oriëntering deur middel van beroepsvoorligting kan begin.

Groenewald (1963, p.80) is byvoorbeeld van mening dat die invloed van die gesin en die sosiale klassebepaaldheid met die gepaardgaande waardesisteme, sowel as die opvoeding= sisteem tesame met die invloed van die onderwyser en die moontlikheid van roleksperimentering, die beroepskeuse in 'n belangrike mate bepaal. Sekere omstandighede en gebeur= tenisse (Gysbers, 1981, p.58) soos die huis, skool, werk en die gemeenskap, werkskennismaking en dit waarmee die indi= vidu kennis maak tydens sy lewe, sal 'n invloed uitoefen op sy beroepsverwagtings. Deur middel van hierdie faktore, kan

die leerling sy toekoms begin voorspel, dink aan moontlike alternatiewe, en hom voorberei om te voldoen aan die eise wat 'n beroep aan hom sal stel. Volgens Maclean (1966, p.2) het die kind se verhouding met sy ouers, onderwysers, broers en susters en ander vriendskappe 'n groot invloed op sy hou=dings, neigings en sy persoonlikheid.

In hierdie hoofstuk sal verskeie van bogenoemde faktore wat beroepsverwagtings kan beïnvloed, ondersoek word. Uit die literatuur blyk dit dat daar 'n enorme aantal faktore bestaan. Hieruit is die belangrikste faktore geïdentifiseer wat ook bruikbaar in die bespreking van die faktore wat 'n invloed het op die beroepsverwagtings van senior leerlinge in Qwaqwa (hoofstuk 5) blyk te wees.

## 2.2. DIE ONDERSKEIE STADIA VAN BEROEPSVERWAGTINGS BY LEERLINGE

Die navorsing van Keil (1968, p.164) het aangetoon dat die familie, omgewing, portuurgroepe, die opleiding wat ontvang is, invloede van die massamedia, die graad van formele beroepsvoorligting en die aard van die werksondervinding, relevante faktore is vir die beroepsverwagtings van 'n per=soon. Die toetrede tot die werk is dus 'n proses wat soos volg verduidelik kan word:

- Die sosialisering van die jong persoon in die werksituasie, tesame met
- vorige werksondervinding en

- breër sosiale invloede, wat lei tot
- die formulering van 'n stel houdings teenoor en verwagtings aangaande die beroep.

Volgens Ligon (1970, p.107) is die beroepskeuse ook 'n proses wat uit verskillende stadia bestaan. Daar bestaan nie 'n bepaalde punt waar die hoërskoolleerling besluit om 'n bepaalde beroep te volg nie. Sy opleiding, familie-agtergrond, belangstellings, vermoëns, verwagtings en gevoelens oor homself dra alles by tot sy besluit. Die inligting wat aan hom verskaf word, sowel as die beroepsgeleenthede wat beskikbaar is, speel 'n rol in die besluit wat hy moet neem.

Ginzberg (Ferris, 1975, p.134) is van mening dat beroepskeuse 'n langtermyn proses is. Dit is 'n kompromis tussen dit wat die individu verkies en die beskikbare realistiese moontlikhede. Hierdie stadia begin reeds by die geboorte van die individu en gaan voort tot sy dood. Volgens Ginzberg kan dit in drie stadia verdeel word, naamlik die fantasiekeuses voor elf jaar, die tentatiewe keuses tussen elf en sewentien jaar, en die realistiese keuses vanaf die sewentiende jaar tot jongvolwassenheid, wanneer 'n persoon 'n finale beroepskeuse maak. Die tentatiewe (onrealistiese) periode behels:


- die belangstellingstadium, aangesien keuses wat in hierdie tydperk gemaak word gebaseer is op belangstellings,
- die vermoëns beroepsverwagtingstadium, en
- by sewentien jaar die oorgangsfase.

Die realistiese periode bestaan uit:

- die ontdekkingsfase waartydens die individu alternatiewe soek,
- die kristaliseringstadium waar 'n persoon sy keuse maak,
- en laastens die spesifiseringstadium waartydens die indi=vidu sy keuse afbaken.

So bestaan daar verskeie teorieë ten opsigte van die stadia in beroepsverwagtings wat 'n invloed uitoefen op die beroeps=keuse wat 'n persoon kan uitoefen, soos die teorieë van John Holland (Ferris, 1975, pp.136-139) waar klem gelê word op persoonlikheid en model-omgewings.

FIGUUR 2.1 LOOPBAANONTWIKKELING EN DIE ONDERWYSMODEL VAN FERRIS




Bron: Ferris, 1975, p.143

Volgens van der Walt (1979, p.63) is skoolvoorligting 'n ontwikkelingsproses en is dit noodsaaklik dat die onderwyser bewus sal wees van die ontwikkelingstadia, fisies, geeste= lik, sosiaal en emosioneel, van die leerlinge met wie hulle moet werk.

In die model, soos geskets in Figuur 2.1 gee Ferris (1975, p.143) 'n duidelike uiteensetting van die beroepsontwikke= lingsproses. Volgens sy model is die individu met sy "emer= ging self" die sentrale fokuspunt. Verskeie invloede werk in op die individu. Die beroepswêreld word geag om 'n inte= grale deel te wees van die individu se sogenaamde "emerging self". Beroepsvoorligting kan meehelp om die invloede wat op die individu inwerk positief te rig sodat dit kan lei tot 'n suksesvolle beroepskeuse.

Sekere faktore het op verskeie stadia 'n effek op formele sowel as informele invloede. Vervolgens sal daar na die informele faktore wat 'n invloed uitoefen op die beroepsver= wagtings gekyk word. Hierdie informele invloede moet die beroepsvoorligter deeglik in ag neem om sy formele invloed te laat slaag.

## 2.3 DIE GEMEENSKAP WAARBINNE DIE KIND HOM BEVIND

Badenhorst(1975, p.40) is van mening dat die persoon, sy kultuur en samelewing 'n dinamiese eenheid vorm, en dat ver= anderinge in die nasie se gemeenskaplike wêreld, uitdrukking vind in 'n individuele waardeskaal, normesisteem, mensbeeld

en belewinge.

Sekere unieke eienskappe in 'n gemeenskap het 'n belangrike invloed op die beroepsingesteldheid van 'n persoon. Daar bestaan volgens Lipsett (1968, p.112) 'n groter neiging onder stedelike jeug as plattelandse jeug om na 'n kollege of uni= versiteit te gaan. Die redes wat hiervoor aangevoer word, is die groter beskikbaarheid van universiteite en kolleges in stede, en die moontlikheid om daar te studeer teen 'n laer koste. In stede is die normale verloop dat leerlinge vanaf 'n groot hoërskool na 'n universiteit sal gaan. Die mening van 'n plattelandse skoolhoof in New York is dat min van sy leerlinge na 'n universiteit gaan, hoewel baie wel die vermoë besit om te gaan. Die rede is dat die ouers boere is, en verwag dat hul kinders die plaas later by hulle sal oorneem, en sodoende in die gemeenskap bly.

Volgens Groenewald (1963, p.92) bestaan daar 'n baie noue verband tussen die kultuurmilieu en die beroepsmilieu. In die verlede, tydens die ou klassestelsel, is 'n persoon se sosiale status bepaal deur verskeie faktore soos besittings. Die kinders uit hierdie klas het die voetspore van hul ouers gevolg en sodoende was beroepsoriëntering tydens hierdie fase nie belangrik nie. Hedendaags het die sosiale status van 'n persoon 'n funksie van die beroepsmilieu geword, nadat die klassestelsel as gevolg van die industrialisasie verdwyn het. Vir die jeugdige vandag is die beroep meer as slegs sy toetrede tot die beroepsmilieu; dit het ook vir hom die toe=

trede geword tot 'n bepaalde kultuurmilieu. Om hierdie rede is beroepsoriëntering, waardeur die jeugdige gehelp word om 'n helder beroepsbeeld te vorm, 'n baie belangrike faktor.

Volgens Friedenberg (Ligon, 1970, p.64) word die adolessente houding grootliks gevorm deur die verwagtings van die vol= wasse gemeenskap, en is die adolessent dikwels in konflik met die volwasse gemeenskap, waar dit nie altyd ooreenstem met sy eie verwagtings nie.

Die sosiologiese konteks waarin 'n persoon grootword het 'n invloed op die beroepsvlak wat hy sal kies. Die kind uit 'n professionele familie sal waarskynlik universiteit toe gaan en 'n witboordjie beroep beoefen. Die gemeenskap waarin 'n persoon grootword het 'n belangrike invloed op die keuse van 'n beroep (Shertzer, 1970, p.308). Ook Weinberg (1969, pp. 30,31) is van mening dat die gemeenskap waarin 'n persoon grootword 'n belangrike invloed op hom sal hê. Persone wat in dieselfde gemeenskap grootword is geneig om dieselfde verwagtings, belangstellings, aspirasies en houdings te hê. Die statusbewustheid van 'n gemeenskap het 'n belangrike in= vloed op die beroepskeuse van studente.

Havighurst en Rodgers (Lipsett, 1968, p.109) het 'n formule daargestel waarvolgens die waarskynlikheid of 'n persoon kollege toe sal gaan of nie bepaal kan word:

P (probability of attending college) = a (mental ability) plus b (social expectation) plus c (individual motivation) plus d (financial ability) plus e (propinquity).

Opvoedkundige motivering hang nie net van die sosiale klas in die algemeen af nie, maar ook van spesifieke aspekte soos etnisiteit en godsdiens.

## 2.4. DIE HUIS WAARIN DIE KIND GROOTWORD

Elke gesin is 'n selfstandige onafhanklike eenheid binne die groter gemeenskap, maar vorm tog 'n intieme, onafskeidbare en afhanklike deel van die gemeenskap. Die voortdurende wisselwerking tussen die gesin en die gemeenskap is belang= rik, omdat die gemeenskap die horisonne op die periferie verteenwoordig waarop die ontwikkelende jeugdige sy oë verlangend hou (Groenewald, 1963, p.89).

Volgens Lipsett (1968, p.108) het die sosiale klas van die huisgesin waaraan 'n persoon behoort 'n belangrike invloed op sy beroepsverwagtings. Volgens Ginzberg (Lipsett, 1968, p.108) gaan seuns wat uit huise met 'n lae inkomste kom, presies deur dieselfde beroepsontwikkelingsfases as dié wat uit hoë inkomstegroepe kom, hoewel hul beroepskeuses en die redes waarom 'n beroep gevolg word, uiteenlopend van aard is.

Die huis en ouers van 'n persoon is volgens Lipsett (1968, p.110) 'n baie belangrike determinant van beroepsbeplanning en sal grootliks bepaal of die kind werk-georiënteerd of 'n slapperd sal wees, en of hy verantwoordelikheid sal kan aanvaar of verwerp. Die grondslag vir doelwitte en gemoti= veerdheid word reeds vroeg in 'n kind se lewe gevorm. Die

waardes van die ouer word deur die kind oorgeneem, en al verwerp hy dit, beïnvloed dit hom tog in ŉ groot mate. Broers en susters kan ook ŉ belangrike invloed hê op die beroepsplanne van ŉ persoon en kan ŉ belangrike bron van inligting wees ten opsigte van beroepe.

Die kind se ouers verteenwoordig volgens Groenewalt (1963, p.47) op ŉ voorskoolse ouderdom, vir hom nie alleen uit die volwasse wêreld nie maar ook uit die beroepswêreld, die nor=matiewe. Die kleiner kind is geneig om hom reeds op ŉ vroeë ouderdom met die ouer, as ŉ volwassene wat-in-ŉ-beroep-staan te identifiseer. Die eerste beeld wat die kind van die beroepslewe vorm, is nie ŉ beroepsbeeld in die streng sin van die woord nie, maar wel ŉ beeld van sy ouer as-ŉ-beroeps=beoefenaar. Daar word algemeen aanvaar dat kinders van werksku ouers ook traag is in hul ontwikkeling van ŉ beroeps=beeld.

Leerlinge is geneig om hulself te onderskat en hul verwag=tings word deur verskeie faktore beïnvloed, veral deur die ouers en hul vriende (Karlin, 1974, p.183). Vir ŉ groot deel van die adolessent se lewe vorm die huisgesin ŉ sentrale deel en het dit ŉ groot invloed op die toekomstige rol van die adolessent - beide as ŉ goeie burger in sy gemeenskap en as ŉ verantwoordelike persoonlikheid (Shertzer, 1970, p.1).

Swanepoel (1960, inleiding) is van mening dat daar ŉ groot aantal leerlinge is wat onseker is, of onverstandige keuses maak met betrekking tot hul toekomstige loopbane. Hy skets

verskeie redes vir hierdie toestand wat daar bestaan. Vol= gens hom is dit belangrik dat die ouer die kind nie in 'n bepaalde rigting dwing nie, maar dat die jeugdige "slegs opgevoed, onderrig en gelei word tot selfontdekking en so= doende in staat gestel moet word om hul eie beroepskeuse te maak".

Volgens Badenhorst (1975, pp.43-44) bestaan daar 'n besondere warm, liefdevolle verhouding tussen die Bantoemoeder en die kind, en het sy die belangrikste aandeel, wat betref die vorming van die kind se gevoelslewe. In teenstelling hier= mee bestaan daar nie veel kontak tussen die vader en seun nie, aangesien die algemene kultuurvorm dit nie van die Ban= toevader vereis om te veel kontak met die kinders te maak nie. Die Bantoekind is gedurig in kommunikasie met volwas= senes by wie die gedragskodes en stamtradisies reeds vasgelê is.

Waar die Bantoekind in 'n groot mate van beskerming grootword, kry hy nie die geleentheid om 'n eie, persoonlike, betekenis= volle en sinvolle rangorde van waardevoorkeure aan te kweek nie. Gevolglik beskik die Bantoekind gewoonlik nie oor die moed en inisiatief om vrylik te eksploreer en om te waag nie (Badenhorst, 1975, p.45).

## 2.5. DIE PORTUURGROEP WAARMEE DIE KIND HOM ASSOSIEER

Volgens Ligon (1970, p.62) word 'n persoon se waardes, idees, belangstellings en houdings in 'n groot mate deur sy portuur=groep "peer groups" gevorm. Om te behoort, is vir die ado=lessent baie belangrik. Coleman (Ligon, 1970, p.63) gaan van die standpunt uit dat die volwassene baie kan bydra tot die suksesvolle opvoeding van die kind, indien hy sensitief is vir die invloede van die portuurgroep op die leerlinge. Walton (1965, p.303) beweer dat die keuse van 'n beroep beïn=vloed word deur 'n rypwordingsproses. Die keuse van 'n beroep vind nie oornag plaas nie. Dit is 'n ontwikkelingsproses wat by 'n fantasie tydperk begin en eindig by 'n logiese keuse.

Daar bestaan drie kategorieë jeugdiges, wat onderskei kan word op grond van hul beroepsbeeldontwikkeling:

- Die eerste groep staan objektief ten opsigte van hulself en die wêreld rondom hulle. Hul ken hul eie moontlikhede en beperkthede. In 'n bepaalde beroep sien hulle die geleent=heid om hulself te ontwikkel maar nie ten koste van ander persone nie. Die beroep beteken vir hulle 'n toekoms wat hulle met sy risiko's aanvaar.
- Die tweede groep is nog nie bewus van hul beperkinge nie. Hulle is nog besig om te ontdek, te eksploreer en te ekspe=rimenteer. Hierdie groep staan nog ver van die werklikheid van die beroepslewe af en handhaaf nog 'n egosentriese hou=ding ten opsigte van die beroep.
- Die derde groep kan weer in twee verdeel word, naamlik

eerstens die groep wat deur 'n opvallende afhanklikheid en onsekerheid gekenmerk word en wat dikwels nie weet watter beroep hulle wil volg nie. Die tweede groep wil die indruk van sekerheid gee. Hulle strewe na 'n beroep wat aan hulle onafhanklikheid op grond van 'n hoë inkomste en sosiale status sal bied (Groenewald, 1963, pp. 48-49).

Die skool kan volgens Weinberg (1969, p.39) nie al die nodige ondersteuning aan jong kinders verleen nie, en daarom speel portuurgroepe so 'n belangrike rol. 'n Belangrike funksie van die portuurgroep is dat die persoon hom daarmee assosieer en identifiseer. So word 'n persoon lid van 'n groep persone wat oor dieselfde eienskappe en belangstellings beskik, en aan sy ouderdomsgroep behoort. 'n Portuurgroep voorsien mekaar van inligting en respekteer mekaar se verwagtings. Dit is belangrik dat die onderwyser ook rekening moet hou met die norms van die portuurgroepe.

## 2.6. DIE INVLOED VAN GESLAG OP BEROEPSVERWAGTINGS

Volgens Ligon (1970, p.64) verskil seuns en meisies tydens hul adolessente jare bykans in elke aspek. So is seuns meer gemoeid met die werksituasie en die voorbereiding om 'n suk=ses van 'n bepaalde beroep te maak. Die dogters is meer inge=stel op die oriëntering ten opsigte van die getroude lewe. Die beroepsverwagtings van elk van hierdie groepe sal dus in 'n groot mate verskil.

Sandell (1980, p.335) beweer dat die huidige verskille in

loonkoerse en beroepsvooruitgang deels veroorsaak word deur die verskille in die toekomsverwagtings van persone van verskillende geslagte.

In die navorsingstudie wat deur die "National Longitudinal Survey" (Sandell, 1980, p.336) uitgevoer is, is daar gepoog om uit te vind watter invloed die arbeidsmarkverwagtings van dames van veertien tot vier-en-twintigjaar het op hul menslike kapitaalakkumulasie en lone. Die vorms van naskoolse akkumulasie wat in die studie gebruik is, was algemene opleiding, spesifieke opleiding en rypwording. Van die gevolgtrekkings waartoe daar gekom is in die studie, is kortliks die volgende:

- Daar bestaan ŉ verband tussen die voorkeure wat dames gee aan hul toekomstige werkskakeling, en die investering in naskoolse menslike kapitaalakkumulasie.
- Die toekomsverwagtings van vroue het ŉ invloed op algemene indiensopleiding, maar nie op spesifieke opleiding nie.
- Die gekombineerde invloed wat algemene en spesifieke opleiding op dames het, bevestig dat indiensopleiding ŉ bepalende faktor is vir lone en loongroei onder dames.
- In loongroei onder dames speel veroudering ŉ belangrike onafhanklike rol. Die belangrikheid van rypwording neem af namate die persoon ouer word. Die rypwordingseffek is egter by dames laer as by mans.
- Jong dames is geneig om hul toekomstige betrokkenheid by die arbeidsmag te onderskat. Sodoende word daar in hul indiensopleiding onderinvesteer.

Waar die neiging bestaan dat al hoe meer getroude dames vandag werk, is dit duidelik dat jong persone geneig is om hul betrokkenheid by die arbeidsmag te onderskat. Waar 'n lae voorkeur vir toekomsbetrokkenheid tot die arbeidsmark saamhang met lae indiensopleiding, beskik baie dames oor lae beroepskwalifikasies indien hulle na die arbeidsmag terugkeer. Onrealistiese lae verwagtings vir toekomstige deelname is die rede waarom dames vir laer lone moet begin werk, en gevolglik besluit om liewer nie te gaan werk nie (Sandell, 1980, p.349).

Geslagsverskille wat daar in menslike kapitaalinvestering bestaan, is 'n groot rede vir die loongaping tussen mans en dames. Mans beskik dus oor meer naskoolse ondervinding en opleiding as dames. Hoër werkvoorkeure en verwagtings deur dames kan die loongaping tussen mans en dames laat krimp. Die invloed wat die beroepsverwagting van 'n persoon het op indiensopleiding en op sy totale toekoms in 'n bepaalde beroep, het duidelik na vore gekom uit die werk van Sandell (1980, p.349).

Dames is meer daartoe geneig om 'n bepaalde beroep per onge= luk, of as gevolg van ekonomiese oorwegings, te kies eerder as om haar eie oortuigings te volg. Mans is meer geneig om 'n beroep te kies wat sy manlikheid en uniekheid sal uit= beeld (Stefflre, 1970, p.309).

Indien daar 'n vergelyking getref word tussen 1900 en 1973, het die lewensverwagtings van mans toegeneem van 48,2 tot

67,6 jaar, en dié van vrouens van 50,7 tot 75,3 jaar. Tus= sen 1900 en 1955 het die werk-lewe verwagtings verander van 31,1 tot 42,0 jaar vir mans en van 6,3 tot 18,2 jaar vir dames. Die tydperk buite die arbeidsmag het vir mans ver= ander van 16,1 tot 24,5 jaar en vir dames van 44,4 tot 54,7 jaar (Mortensen, 1976, p.478).

TABEL 2.1 DIE ARBEIDSMARK-BETROKKENHEID VAN MANS EN VROUE, 1900, 1950 en 1960 (persent)

| Ouderdom | Manlik | | | Vroulik | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | 1900 | 1950 | 1960 | 1900 | 1950 | 1960 |
| Alle ouderdomme | 85,7 | 79,4 | 77,4 | 20,0 | 29,3 | 34,5 |
| 14-19 | 62,1 | 39,9 | 32,0 | 26,8 | 23,0 | 21,8 |
| 20-24 | 90,6 | 82,5 | 83,2 | 31,7 | 43,6 | 44,3 |
| 25-34 | 94,0 | 92,8 | 94,9 | 19,4 | 32,0 | 35,4 |
| 35-44 | 94,5 | 95,2 | 95,5 | 15,0 | 35,2 | 42,7 |
| 45-54 | 92,8 | 92,5 | 92,7 | 14,2 | 33,1 | 46,3 |
| 55-64 | 86,2 | 83,9 | 85,1 | 12,6 | 23,6 | 34,3 |
| 65 en ouer | 63,1 | 41,5 | 29,7 | 8,3 | 7,9 | 10,1 |

Bron: Mortensen, 1976, p.478

Die verwagtings van mans en vroue om ekonomies aktief te bly, verskil. Mortensen (1976, p.478) het 'n omvangryke studie gemaak wat die beroepsbetrokkenheid van mans en vroue vir verskillende ouderdomsgroepe oor drie tydperke ondersoek het. Die drie tydperke was die jaar 1900, 1950 en 1960.

Die betrokkenheid by ekonomiese aktiwiteite van vroue het volgens tabel 2.1 van 20,0 persent in 1900 toegeneem tot

29,3 persent en 34,5 persent in 1950 en 1960 onderskeidelik. Die betrokkenheid van mans, daarenteen, het afgeneem van 85,7 persent in 1900 tot 77,4 persent in 1960.

## 2.7. DIE INVLOED VAN OPLEIDING OP VERWAGTINGS EN LOONSKALE

Die onderwyspeil van 'n persoon, sy vlak van opleiding en vaardigheid ten opsigte van sekere beroepe het 'n invloed op sy beroepsverwagting, wat insluit sy verwagtings ten opsigte van vergoeding. Die mate waarin hierdie faktore 'n invloed uitoefen op sy beroepsverwagtings word in hierdie afdeling ondersoek.

Volgens Sandell, (1980, p.335) bestaan daar 'n verband tussen die indiensopleiding wat 'n vrou sal ondergaan en haar toe= komsverwagting ten opsigte van haar deelname aan die wer= kerskorps in die toekoms. Vrouens sal dikwels onderinves= teer ten opsigte van indiensopleiding as gevolg van 'n te lae verwagting ten opsigte van haar toekomstige deelname aan die werkerskorps. Solank as wat die individu aktief in die arbeidsmag bedrywig is, kan die geldelike investering van indiensopleiding na die onderneming teruggeploeg word. Dames wat van mening is dat hul in die toekoms meer betrokke by die arbeidsmag sal wees, is geneig om meer in naskoolse menslike kapitaal te investeer as die dames wat meen dat hul minder arbeidsbetrokke in die toekoms sal wees.

Indien daar meer in indiensopleiding geïnvesteer word, is 'n welbekende uitwerking wat dit op die loonprofiel het, dat

die profiel by ŉ laer punt sal begin, maar vinnig opwaarts sal neig. Aangesien werknemers vir indiensopleiding moet betaal, begin die werkers met ŉ laer loon. Die voordeel wat dit vir werkers inhou, is dat hul produktiwiteit en hul toekomstige lone hoër sal wees.

Die individu se relevante tydhorison is ŉ belangrike aansporingsmiddel om in indiensopleiding te investeer. Hoe langer ŉ persoon se investeringshorison, hoe groter sal sy aansporing wees om in opleiding te investeer (Sandell, 1980, p.339). Vir algemene opleiding bestaan die toepaslike tydhorison, uit die werker se verwagte ondervindingstydperk in die arbeidsmag. Die dames wat meen dat hul op 35 jaar verbonde sal wees aan die arbeidsmark, sal dus ŉ hoër verwagte lewenstydperk hê as dié wat nie op die ouderdom sal werk nie. Vir spesifieke opleiding behels die toepaslike investeringshorison die werker se verwagte dienstydperk by die spesifieke onderneming.

Volgens Lazear se werk (Sandell, 1980, p.340) kan die verwagtings ten opsigte van ŉ loonskaal van ŉ persoon, volgens ŉ bepaalde formule uitgewerk word. Die veranderlikes in die formule is onder andere die jare skoolopleiding, die jare ondervinding en die ouderdom van die persoon.

Die beroepsleer-konsep is ŉ belangrike begrip wat beteken dat elke beroepsarea of industrie ŉ verskeidenheid posgeleenthede bied, wat wissel van ongeskoolde tot hoogs professionele beroepe. Die trap van die leer wat deur die werker

betree sal word, sal afhang van sy kwalifikasies en dit sal weer sy salaris bepaal. Die beroepsleer verskil van beroep tot beroep, maar hoe beter 'n persoon se kennis, hoe hoër sal sy salaris en bevorderingsmoontlikhede wees (Karlin, 1974, p.188).

Volgens Keil (1968, p.163) bestaan daar in die Verenigde State nie 'n verband tussen die verwagtings van toekomstige werkers, en die moontlikhede wat die arbeidsmark bied nie. 'n Ondersoek het aangetoon dat 91 persent graag witboordjie werk wou doen, terwyl slegs een uit elke vyf wel dit tipe werk gekry het.

Volgens Adam Smith hang die tevredenheid van die werker nie slegs af van die lone wat die werker ontvang nie, maar van al die voor- en nadele van die werk (Rees, 1970, p.5). Vol=gens Langenhoven (1974a, p.7) is daar sekere faktore wat 'n invloed uitoefen op die loon van werkers, byvoorbeeld pro=duktiwiteit, onderwyspeil sowel as hul sosio-ekonomiese sta=tus en die vlak van die werk wat verrig word.

In kapitalistiese stelsels bestaan daar 'n verband tussen die beroep en die vlakke van vergoeding. Die vergoeding van 'n bepaalde beroep word bepaal deur die balans tussen die vraag en aanbod van die bepaalde beroep, dit wil sê die vraag na die produkte wat produseer word en die aanbod van beskikbare mannekrag (Illsley, 1979, p.87). Volgens Coetzee (1973, p.1) is die behaling van 'n standerd 10 sertifikaat slegs 'n begin indien dit kom by die toetrede tot die beroepslewe. Dit is

ŉ eerste tree op die leer van moontlike beroepsukses. Om te kan vorder is verdere opleiding nodig, omdat

- die mededinging op die arbeidsmark skerp is, en
- hoe hoër jou kwalifikasies, des te beter is die betrekkings wat jy kan beklee en hoe hoër is jou inkomste.

"Om in die beroepslewe opgang te maak, moet ŉ man in staat wees om doelgerig en hard te werk en om sy bevoegdhede aanhoudend te verbeter, anders sal hy agterbly en nie die arbeids- en lewensvreugde smaak wat sy deel kan wees as hy bereid is om hom daarvoor in te span nie" (Coetzee, 1973, p.1).

Volgens Coetzee (1973, p.1) is ŉ groot oorsaak van mislukkings ŉ gebrekkige of verkeerde opleiding. Leerlinge is vandag in ŉ bevoorregte posisie, aangesien daar verskeie voorligtingsmoontlikhede bestaan. Die kandidaat moet eers homself ondersoek, byvoorbeeld in watter vakke presteer hy goed, waarin stel hy belang, ensovoorts. Die kandidaat se eie begeerte en belangstellings en skoolprestasies is dus van groot belang in die beplanning van ŉ beroep. Hierby moet ander persone ook geraadpleeg word soos die ouers en skoolvoorligtingdeskundiges. Hy moet beroepsnaslaanbiblioteke deursoek en soveel inligting oor beroepe as moontlik kry.

Volgens Rutter (1979, p.125) het die verhoogde opvoedkundige standaarde ŉ verhoogde indiensnemingsverwagting veroorsaak. Persone ontwikkel verwagtings ten opsigte van die aard van

werk en status, en indien daar nie aan hul verwagtings vol= doen word nie, lei dit tot ontevredenheid en teleurstelling.

Die vraag kan gestel word of die Bantoekind die norme en waardes wat in die leersituasie aan hom voorgehou word, wel verstaan. Sal die norme en waardes soos voorgehou in die skoolsituasie meer gewig dra as dié wat deur die ouer aan hom oorgedra is. Watter waardebetekenisse heg die kind aan die leerstofinhoude? (Badenhorst, 1975, pp. 81-82).

## 2.8. DIE INVLOED VAN DIE SKOOL EN DIE ONDERWYSER

Volgens Groenewald (1963, p.47) vervul die huis en die skool elk 'n spesifieke funksie in die vorming van die beroepsbeeld by die kind. Die kind besef dat hy skoolgaan sodat hy later kan gaan werk, maar sien die skool slegs as 'n noodsaaklike tussenstadium wat afgehandel moet word, sodat hy daarna vry kan wees om onder andere 'n beroep te kan beoefen.

Die onderwyser kan 'n baie belangrike invloed uitoefen op die beroepskeuse van sy leerlinge. "The tendency for the faculty to reward and encourage students who meet faculty expectations is felt in the formal process of guidance and in informal faculty-student contacts" (Lipsett, 1968, p.111). Smith en Lipsett het deur middel van 'n vraelys gevind dat 22 persent van die studente die eerste keer by hul onder= wysers van 'n kollege gehoor het, en dat 10 persent in hul besluit om na 'n kollege te gaan deur hul onderwyser beïn= vloed is (Lipsett, 1968, p.111).

Volgens Ligon (1970, p.37) het die skoolraadgewer in sy taak te make met persone wat verskillende verwagtings koes= ter. Die onderwyser is daagliks in kontak met die leerlinge. Hy is ten nouste betrokke by die jeugdige in dieselfde skool= situasie. Dit is belangrik dat die skoolraadgewer die ver= wagtings van die leerling sal besef, wat slegs moontlik sal wees indien die kommunikasie tussen leerling en raadgewer reg is en daar wedersydse vertroue bestaan. Die leerling moet seker wees dat sy raadgewer alle inligting as vertrou= lik sal behandel.

Volgens Ligon (1970, p.37) speel die skoolraadgewer 'n belangrike rol in opvoedkundige en beroepsbesluite van leer= linge. Leerlinge moet gehelp word in hul besluitnemingspro= ses. Skoolraadgewers moet deeglik op hoogte wees van skool= prestasies, kollegevereistes, beroepseienskappe en geleent= hede. Daar word van hulle verwag om die nodige inligting aan studente te kan verskaf aangaande beroepsgeleenthede en opleiding.

Waar die meeste hoërskoolleerlinge met vrae soos "wat wil ek word, waarvoor is ek goed, is daar 'n plek waar ek die regte werk sal vind, sal daar teen my gediskrimineer word" gekon= fronteer word, is dit belangrik dat elke skool oor beroeps- en opleidingslêers sal beskik, waarin die nodige inligting deur leerlinge verkry kan word (Ligon, 1970, p.105). Dit wat jy van jouself dink word grootliks bepaal deur wat ander van jou dink. Indien die onderwyser 'n positiewe houding

handhaaf ten opsigte van die leerling sal dit die leerling aanspoor om na hoër hoogtes te streef. Onderwysers is 'n kragtige mag in beroepsontwikkeling (Ligon, 1970, p.117).

Volgens Ferris (1975, p.7) is een van die hoofoogmerke van opvoeding om individue te ondersteun in hul ontwikkeling, wat basies beteken om die individu intellektueel, sielkun= dig, beroeps, sosiaal en fisies te steun. Daar moet toege= sien word dat die individu in 'n verantwoordelike, produktiewe en 'n meewerkende lid van die gemeenskap ontwikkel.

Volgens Maclean (1966, p.27) hou elke stadium van die skool sy spesifieke betekenis in vir die kind, en elkeen is belang= rik vir die voorbereiding van die finale ontwikkelingspatroon van die kind. Afgesien van die feitlike inligting wat die onderwyser aan die kind oordra, het die onderwyser 'n belang= rike invloed op die kind se houdings en gewoontes wat hy aankweek. 'n Kind se verwagtings en toekomstige houding teen= oor werk word grootliks beïnvloed deur die persoonlikheid van sy onderwyser. Leerlinge is geneig om hul gedrag aan te pas by die verwagtings van hul onderwysers.

Waar baie leerlinge volkome onrealisties is in hul siening ten opsigte van verskeie beroepe en beroepskeuses, is dit die onderwyser se plig om dinge realisties te verduidelik ten opsigte van beroepe, soos dit werklik is, en nie soos hulle graag wil hê dit moet wees nie (Karlin, 1974, p.183).

Volgens Coetzee (1974, p.2) kan die belangrikheid van beroeps-

en ander voorligting op skool nie oorbeklemtoon word nie, veral nie in hierdie tyd van veelheid van beroepe en 'n beroepsamestelling wat al hoe meer ingewikkelder word nie. Die hooftaak van die skool kan nie meer wees om die kind met een of ander sertifikaat die lewe in te stuur, afgesien van waarheen nie. 'n Al hoe belangriker deel van die skool, vandag, is om die kind deskundig voor te lig op grond van sy aanleg, talente, agtergrond, belangstelling en begeerte aangaande sy moontlikhede en die geleenthede wat daar vir hom is. Ons land se toekoms en ons menslike geluk hang in 'n hoë mate daarvan af of ons mense reg opgelei en reg geplaas word.

Johnson (1980, p.12) is van mening dat onderwysers hul ver=antwoordelikheid besef om voorligting aan leerlinge te ver=skaf. Dit moet gedoen word om te voorsien in die kind se behoeftes en om rigtinggewing van 'n meer positiewe aard te lewer. Leerlinge benodig veral hulp ten opsigte van gedrag, gesondheid, opvoedkundige keuses en beroepe. Jackson (1971, p.146) is van mening dat die ontwikkeling en handhawing van 'n goeie verhouding tussen die huis en skool, een van die belangrikste aspekte van opvoeding is, en dat die dienste van 'n spesialis-onderwyser hiervoor nodig is.

Waar die opvoeding onder leiding van die skool en onderwyser dui op die aanbieding van norme aan die kind, sal die kind in die veranderende proses gedurig nuwe sin en betekenis ontdek. "Dit sal lei tot 'n nuwe arbeidsgesondheid, tot

roepingsbewustheid en verantwoordelikheid" (Badenhorst, 1975, p.86).

## 2.9. DIE INVLOED VAN DIE KOMMUNIKASIEMEDIA

Volgens Wilcox (1975, p.23) is sekere van die funksies van die pers om inligting te verskaf, opleiding te gee, om te vermaak, en om 'n forum daar te stel om idees en opinies te vorm.

In lande waar daar 'n tekort aan kapitaal en onderwysers bestaan, is die pers die enigste wyse waardeur die massas opleiding kan ontvang. So is die meeste nuusblaaie en uit=saaistasies in Ethiopië onder die Minister van Inligting se beheer. Die rede hiervoor is dat hoofde besef dat die massa=media 'n waardevolle hulpmiddel in openbare opleiding kan wees. Hoofde glo dat massakommunikasie aangewend kan word vir nasionale behoeftes, soos opleiding, geletterdheid, indus=triële ontwikkeling, landboukundige hervorming en die ver=skaffing van ander belangrike dienste (Wilcox, 1975, p.36).

Die kind se wêreld word gevorm deur dit waarmee hy kommuni=keer, dit waarmee hy in gesprek verkeer en waardeur hy aan=gespreek word, en die gesprek bepaal in watter verhouding hy tot sy eie wêreld staan (Groenewald, 1963, p.78). Die radio veral, is 'n baie nuttige hulpmiddel, aangesien dit 'n groot deel van die swart bevolking kan bereik, en omdat geletterdheid nie 'n vereiste is om na die radio te luister nie.

## 2.10. DIE INVLOED VAN WETGEWING OP BEROEPSVERWAGTINGS

Hoewel daar in die verlede verskeie beperkings, deur wetge= wing, op die benutting van swart arbeid geplaas is, is die meeste hiervan reeds deur die Wiehann-verslag en wetgewing wat daarop gevolg het, uit die weg geruim.

Baie van die beperkings binne die werk lê dus opgesluit in die swart werker self, en bestuur is daarvoor verantwoor= delik om deur middel van deskundige hulp, hierdie beperkings uit die weg te ruim (Langenhoven, 1974b, p.10).

## 2.11. GEVOLGTREKKING

Die invloede wat in hierdie hoofstuk bespreek is kan by die leerling baie sterk ingeskerp wees. Hierdie invloede kan nie goedsmoeds geïgnoreer word nie. Sonder 'n deeglike inagneming van antipatieë en stigmas wat reeds by die leerling verwek is, sal geen voorligting ooit kan deurbreek tot oriëntering nie. Solank die leerling vasklou aan die faktore waarmee hy groot geword het en wat onrealistiese verwagtings veroorsaak het, sal die ideaal van 'n georiënteerde leerling slegs 'n ideaal bly.

Beroepskeuse onder leerlinge is nie eenmalig nie, maar bestaan uit verskillende stadia. Hierdie stadia begin reeds by sy geboorte en gaan voort tot sy dood. Deurentyd moet die individu 'n kompromis tref tussen dit wat hy verkies en die beskikbare realistiese moontlikhede.

Die gemeenskap waarbinne die leerling hom bevind het 'n bete=

kenisvolle invloed op sy beroepskeuse omdat sy beroep vir hom die toetrede tot 'n kultuurmilieu en dikwels 'n statussimbool beteken. Die beroepsverwagtings van leerlinge hang ook van spesifieke aspekte soos etnisiteit en godsdiens af.

Beroepsverwagtings verskil tussen die twee geslagte. Jong dames is geneig om hul toekomstige arbeidsmarkbetrokkenheid te onder= skat, gevolglik onderinvesteer hulle in hul opleiding. Vroue beskik daarom oor lae beroepskwalifikasies indien hulle na die arbeidsmark terugkeer.

Die loonskaal van 'n beroep het in 'n kapitalistiese stelsel 'n sterk invloed op die beroepskeuse van leerlinge. Die behaling van 'n standerd 10 sertifikaat is dikwels slegs 'n begin indien dit kom by die toetrede tot die beroepslewe.

Waar leerlinge volkome onrealisties is in hul beroepsverwag= tings, is dit die onderwyser se plig om dinge realisties te verduidelik en nié soos die leerlinge graag wil hê dit moet wees nie.

Hierdie invloede sal, wat Qwaqwa betref, in hoofstuk 5 aandag ontvang. Daar sal nou 'n wyle stilgestaan word by die posisie van beroepsvoorligting as integrale deel van skoolvoorligting in verskeie lande.

# HOOFSTUK 3. DIE POSISIE VAN BEROEPSVOORLIGTING AS INTEGRALE DEEL VAN SKOOLVOORLIGTING IN VERSKEIE LANDE

## 3.1. INLEIDING

Aangesien skoolvoorligting 'n betreklike jong studieterrein is, en daarom steeds grotendeels braak lê, is dit op hierdie stadium van die studie noodsaaklik geag om ondersoek in te stel na die posisie van skoolvoorligting in enkele ontwik=kelde lande.

'n Omvattende studie is in elf lande deur die RGN se Insti=tuut vir Opvoedkundige Navorsing onderneem ten opsigte van skoolvoorligting. Agt van hierdie elf verslae is as basis gebruik vir hierdie hoofstuk. In elk van hierdie lande word skoolvoorligting op 'n eiesoortige wyse behandel. Die hooftrekke van hierdie eiesoortigheid is uitgelig om as moontlike riglyne te dien in die hantering van hoofstukke 5 en 6.

Omdat skoolvoorligting in 'n betrokke onderwysstelsel funk=sioneer, word die onderwysstelsel van elke land kortliks geskets. Die skoolvoorligtingstelsel word hierna behandel. Spesifieke klem word gelê op die posisie van beroepsvoorlig=ting as integrale deel van skoolvoorligting in verskeie lande. In die studies wat deur die RGN onderneem is, is ook onder=skeid getref tussen die drie komponente van skoolvoorlig=ting te wete persoonstruktuur-, onderwys- en beroepsvoorlig=ting.

## 3.2. SKOOLVOORLIGTING IN VERSKEIE LANDE

### 3.2.1. Frankryk

(a) Algemeen

Na die Tweede Wêreldoorlog het daar 'n omvattende hervorming van die onderwys in Frankryk plaasgevind, wat vandag nog aan die gang is. Hierdie hervormings het ook die voorligting=stelsels ingesluit. Die totale onderwysprogram se doelwit was om die kwaliteit van onderwys te verbeter sodat dit in lyn sou wees met die behoeftes van sowel die leerlinge as die gemeenskap. Sentralisasie is 'n belangrike algemene kenmerk van die Franse onderwys (Carstens, 1977, p.4).

Die jaar 1959 het 'n nuwe era vir skoolvoorligting in Frank=ryk ingelui. Die doel van die vernuwings is om elke leer=ling die maksimum voordeel uit die onderwys te laat put. Dit kon alleen verwesenlik word as elke leerling hulp en leiding ontvang om die soort kursusse op skool en na skool te volg wat in ooreenstemming met sy moontlikhede is. Daarom word skoolvoorligting as 'n kernelement van die hele onder=wysopset erken.

(b) Beroepsvoorligting voor die hervormings van 1959

Op 26 September 1922 is beroepsvoorligting vir die eerste keer kragtens wetgewing in skole ingestel. Later is dit opgevolg deur verdere wetgewing in 1938 en 1956 (Carstens, 1977, p.21). Die bepaling het slegs voorsiening gemaak vir

'n inspekteur van beroepsvoorligting in elke streek, 'n sekre= tariaat in elke skooldistrik en beroepsvoorligtingsentrums in die hoofdorp van elke skooldistrik.

Hierdie stelsel was vol tekortkominge en van min waarde, aangesien daar net op een tydstip voorligtingshulp aan leerlinge voorsien is. Voorligters was nie op hoogte van langtermynvooruitsigte in die arbeidsmark nie, en dit het gelei tot werkloosheid van leerlinge na voltooiing van hul opleiding.

(c) Die nuwe skema van 1960

Na 1960 is daar 'n nuwe skema in werking gestel. Akademiese voorligting is vir die eerste keer na 2 Junie 1960 ingestel. Dié voorligting is gegee op grond van deeglike waarneming van die leerling oor twee jaar. Hierdie tydperk (gewoonlik in klas 5 en 6) het bekend gestaan as die observasietydperk. Swak opgeleide onderwysers in hierdie rigting was egter 'n groot probleem.

(d) Doelstellings met skoolvoorligting in Frankryk

In die publikasie, "Educational Policy and Planning - France" van die Organisasie vir Ekonomiese Samewerking en Ontwikke= ling, (OECD) word die doel met voorligting soos volg uiteen= gesit:

- Die leerlinge moet leiding ontvang om 'n onderwysrigting te kies waar hulle met hul unieke persoonlikheidsmoontlik= hede die beste tot hulle reg sal kom.

- Op skool moet leerlinge reeds voorberei word om sosio-ekonomies 'n bydrae tot die arbeidswêreld te lewer.
- Elke leerling se aanleg moet vasgestel word en indien nodig gestimuleer word om te verhoed dat die leerling in die verkeerde beroep beland (Carstens, 1977, pp. 22,23).

(e) Die organisasie en beheer van skoolvoorligting in Frankryk

Op nasionale vlak is die Minister van Onderwys in beheer. Hy is die voorsitter wat riglyne neerlê vir voorligting. Algemene inspekteurs word ook deur hom aangestel, wat skole besoek. Sewe direktorate, elk verantwoordelik vir 'n afde= ling van die onderwysstruktuur word ook deur die Minister aangestel. Op die tweede vlak is daar 23 onderwysstreke. Elke streek is onder beheer van 'n rektor wat 'n gevolmagtigde is van die Minister. Op klasvlak vorm elke standerd se onderwysers 'n klasraad en vergader nege keer onder voorsit= terskap van die hoofonderwyser.

Op al hierdie vlakke word deeglik rekening gehou met onder= wys- en beroepsvoorligting. Die organisasie is so dat hulp aan leerlinge verleen word met deeglike inagneming van elke individuele leerling se persoonsmoontlikheid.

(f) Aard en inhoud van skoolvoorligting

Die aard en inhoud van skoolvoorligtingsprogramme is een= vormig in Frankryk. 'n Kenmerk is die multidissiplinêre benadering, die groot rol wat ouers speel en die erkenning

wat verleen word aan onderwys- en beroepsvoorligting sowel as persoonstruktuurvoorligting. Daar word nie 'n spesifieke periode ingeruim op die skoolrooster waarin skoolvoorligting gegee word aan leerlinge nie. Slegs in 'n paar stadiums van die sekondêre skoollewe word daar aandag aan voorligting gegee. Geen leerplan vir voorligting bestaan in Frankryk nie.

Voorligtingbemoeienis met leerlinge begin aan die einde van die primêre skool. Aan die einde van klas 7 word 'n skool=rekord opgestel wat inligting soos skolastiese prestasies en persoonlikheidseienskappe van die leerlinge bevat. Tydens die sekondêre skoolfase volg daar 'n waarnemingsperiode van vier jaar, waartydens 'n poging aangewend word om leer=linge so goed moontlik te leer ken deur waarneming, met inag=neming van skolastiese prestasie en deur middel van verskil=lende toetse. Die hoofonderwyser speel die sleutelrol. Hy koördineer al die voorligtingsaktiwiteite, doen adminis=tratiewe werk, samel inligting in en hou 'n lêer van elke leerling. Aan die einde van die eerste kwartaal in klas 6 stel die onderwyser 'n verslag op oor moontlike studierig=tings, wat aan ouers gestuur word. 'n Tweede verslag volg aan die einde van klas 6. Aan die einde van klasse 5, 4 en 3 word ook voorligtingsverslae aan ouers gestuur. Die hoog=tepunt ten opsigte van voorligting word bereik aan die einde van klas 3, wanneer die eerste sekondêre skoolsiklus van 4 jaar voltooi is en leerlinge voor die keuse staan, óf om te gaan werk, óf om die lang (3 jaar) tweede siklus vir die

baccalaureat te neem, óf om die kort (2 jaar) kursus te kies, óf om verder in 'n tegniese rigting te studeer (Carstens, 1977, p.45).

In 1970 is ONISEP, 'n nasionale inligtingskantoor wat inlig= ting vrystel oor alle aspekte van voorligting aan die onder= wys en 'n wye verskeidenheid ander instansies, gestig. Die mannekragbehoeftes van die land op kort en lang termyn word ook deur hierdie kantoor aangedui.

(g) Opleiding van skoolvoorligtingspersoneel

Eers in die sewentigerjare is deeglike opleidingsgeleent= hede vir skoolvoorligtingspersoneel ingestel. In 1975 is 'n onderwysvoorligtingsentrum gestig waar skoolvoorligters 'n twee jaar opleidingskursus kon deurloop. Hulle moes egter eers 'n toelatingseksamen aflê en daarna 'n kontrak vir 10 jaar met die onderwysdepartement gesluit het. Die kursus bestaan uit praktiese en teoretiese werk asook praktiese ondervinding aan 'n voorligtingsburo. Opleiding is streng beroepsgerig en multidissiplinêr van aard.

3.2.2. Wes-Duitsland

(a) Algemeen

Wes-Duitsland beskik oor 'n uiters komplekse onderwysstelsel wat op 'n federale basis funksioneer. In die onderwysstelsel word daar eerstens plek gemaak vir elementêre onderwys (opvoeding voor skoolplig), en tweedens die primêre onder=

wys, wat bekend staan as Grundschule, waar die leerlinge vier tot ses jaar onderwys ontvang. Volgens Beukes (1976, p.7) behels die term sekondêre onderwys algemene beroeps- en beroepsgerigte onderwys na voltooiing van die hoogste klas aan die Grundschule en sluit in Gimnasium, Realschule, Hauptschulen, skole vir beroeps- en beroepsgerigte onderwys en Gesamtschulen.

Volgens dr. Schulze-Olden van Köln (Beukes, 1976, p.15) bestaan daar 'n hele doolhof van institute, organisasies, inrigtings, werkgemeenskappe en verenigings wat hulle met die oriëntering of voorligting van mense ten aansien van haas enige saak besig hou, maar van 'n voorligtinghulp=diens vir die onderwys as sodanig is daar feitlik geen sprake nie. Volgens dr. Schultze-Olden bly dit in die geheel gesien 'n ongekoördineerde, onproduktiewe voorlig=tingsdiens.

(b) <u>Beroepsvoorligting in Wes-Duitsland</u>

Beroepsvoorligting vorm nie 'n integrale deel van skoolvoor=ligting in Wes-Duitsland nie, maar word wel aangebied deur buite instansies. Die instansie wat die belangrikste beroeps=voorligter aan skoolverlaters is, is die Departement van Arbeid se beroepsvoorligtingsburo's. Volgens Beukes (1976, p.17) word daar sedert onlangs 'n vak "Arbeitslehre" in Hauptschule aangebied, waarin daar gepoog word om die beroeps=wêreld onder oë te neem. Leerlinge word die geleentheid gebied om hul beter ten aansien van die beroepsarbeid te

oriënteer, deurdat fabrieke en firmas besoek word.

'n Ander buite-instansie wat hom bemoei met beroepsvoorligting en wat hom direk met skole bemoei, is die Federale Raad vir Arbeid. Wat skole betref, hou hierdie instansie hom veral besig met beroepskundige en beroepspsigologiese sake, en slegs aan leerlinge wat aan die einde van hul verpligte skoolloopbaan is. Voorligting geskied veral binne groepsverband, waar beroepsinligting gegee, beroepsvelde afgebaken en die situasie soos in daardie stadium op die arbeidsmark, toegelig word.

(c) Voorligtingsdienste in Köln

Die stad Köln in Wes-Duitsland beskik oor die doeltreffendste voorligtingsdienste deur middel van die Buro vir Onderwysvoorligting en -Reklame. Die afgelope aantal jare het hierdie buro 'n hegte koöperatiewe sisteem ontwikkel waardeur onderwys-, skoolloopbaan- en beroepsvoorligting in Köln op 'n stewige grondslag geplaas is. Hierdie buro het noue skakeling met die plaaslike Skoolpsigologiese Diens van Köln, sodat leerlinge wat meer raad benodig, na hierdie diens verwys word vir verdere psigologiese ondersoeke, wat die afneem van persoonstruktuur-, aanleg-, belangstellings- en ander toetse insluit. Vir beroepsvoorligting skakel hierdie buro met die plaaslike arbeidsburo, wat hulp verleen in sake beroepsvoorligting, werkverskaffing en finansiële bystand vir verdere opleiding.

Die Buro vir Onderwysvoorligting en -Reklame en die Skool=psigologiese Diens van Köln, is volgens Beukes (1976, p.25) twee dienste wat elkeen outonoom funksioneer onafhanklik van die onderwys. Van 'n ondersteuningsdiens uitsluitlik vir die onderwys is daar geen sprake nie.

(d) Ander voorligtingsdienste in Wes-Duitsland

Ander voorligtingsdienste in Wes-Duitsland is onder andere die Skoolpsigologiese Dienste van Hannover, wat in 1957 ingestel is, veral om kinders met leer- en ander probleme te probeer help.

In ander dele van Wes-Duitsland bestaan daar ook enkele ander Skoolsielkundige Dienste, soos die Hambürgse Schulerhilfe, wat hom, volgens Beukes (1976, p.31), beperk tot die individu met sy besondere toekomsmoontlikhede. In Baden-Württemberg is daar begin met 'n stelsel vir onderwys- en opvoedingsvoor=ligting, maar dié se werksaamhede is nog beperk.

(e) 'n Nuwe voorligtingstelsel vir Wes-Duitsland

'n Nuwe voorligtingsplan vir Wes-Duitsland is in 1973 in wer=king gestel en sal eers in 1985 ten volle ontplooi wees. In 1971 is daar besluit om beroepsvoorligting die medeverant=woordelikheid van die skool en die Departement van Arbeid te maak. Die ooreenkoms wat tussen die twee instansies aan=gegaan is, kom daarop neer dat elke individuele leerling, met inagneming van sy besondere moontlikhede, die reg mag hê om 'n beroep te kies waarin hy sy positiewe moontlikhede

optimaal kan verwesenlik. Aan elkeen van hierdie twee instansies, naamlik die arbeidsburo en skool, is sekere verantwoordelikhede toegeken.

Vir die arbeidsburo geld die volgende:

- Beroepsinligting moes tot elke individuele leerling se beskikking gestel word, sodat hy op grond daarvan en met behulp van intensiewe hulpverlening tot ʼn verantwoordelike en ʼn verantwoordbare beroepskeuse in staat sou wees. Die arbeidsmark moes saam met die kind geanaliseer word.
- In sekere aspekte moes die Buro hom ook uitspreek ten opsigte van onderrig- en leergebeure in die skool, maar slegs waar dit aansluiting vind by beroepsvereistes, beroeps=geleenthede en beroepsopleidingsmoontlikhede.
- Die Buro moes noue skakeling vind met skole in sy distrik, sodat die uitruil van bruikbare gegewens kon plaasvind en die werksaamhede in skole beter gekoördineer kon word. In die opstel van voorligtingsprogramme is dit belangrik dat die landsekonomie en die posisie van die arbeidsmark in berekening gebring word (Beukes, 1976, pp.51-52).

Die verantwoordelikheid van die skool sal die volgende wees:

- Sekere fundamentele aangeleenthede rakende die arbeids- en beroepswêreld moet benewens vakwetenskaplike onderrig ook onder leerlinge se aandag gebring word. Veral sosiale implikasies van beroepsbeoefening moes op so ʼn wyse oorge=dra word, dat dit ʼn basis vorm vir toekomstige reflekteer=bare arbeidsverhoudinge.

- Die skool moet as bemiddelaar optree tussen die leerlinge en die ouer aan die een kant en die arbeidsburo aan die anderkant.
- In die reël van groepbesprekings en individuele onderhoude moes die skool behulpsaam wees.
- Individuele besonderhede kon met goedkeuring van ouers aan die arbeidsburo verskaf word deur skole. Sodoende kon die taak van die arbeidsburo vergemaklik word, aangesien individuele beroepsvoorligting nie die taak van die skool was nie.

Die gesamentlike verantwoordelikhede sal die volgende behels:

- Die Beroepsvoorligtingsburo adviseer skole ten aansien van skoolvoorligting. Sodoende word omskakeling van een skool na 'n ander vergemaklik.
- Wat groepbesprekings en ouervergaderings betref moes skole en die Buro mekaar ondersteun.
- Onderwysers is as skakelbeamptes tussen die skool en die Buro aangestel om beter koördinering te verseker (Beukes, 1976, pp.52-53).

(f) Die aard en inhoud van die voorligtingsprogramme

Psigologiese toetse word wel deur die voorligtingsburo gebruik, maar staan geheel en al onafhanklik van die van die skoolvoor=ligtingsdiens. Interessante inligtingstukke word gratis aan ouers en leerlinge beskikbaar gestel. Programme oor televisie waar die beroepswêreld nader gebring word aan die leerling, word ook aangebied. Groepbesprekings word in samewerking

met die skool gereël en in skole self gehou, maar indivi=duele onderhoude word elders gereël. Sekere projekte soos uitstallings, demonstrasies, lesings aan belangstellende ouers, leerlinge en onderwysers, word gesamentlik deur skole en die beroepsvoorligtingburo's aangebied met die oog daarop om op hierdie wyse die wêreld van beroepe deeglik te verken.

Voorligtingburo's hou voortdurend die posisie van die arbeids=mark fyn dop en in die lig daarvan adviseer hulle voorligter-onderwysers en skole in die algemeen. Die buro is ook behulp=saam met die werkverskaffing en plasing van leerlinge.

Hoewel beroepsvoorligting nie 'n integrale deel vorm van skool=voorligting in Wes-Duitsland nie, geniet dit tog aandag, veral deur buite-instansies. Buite-instansies kan 'n waardevolle bydrae tot beroepsvoorligting, wat betref die oordra van kennis, lewer en veral in die geval van Qwaqwa behoort die pogings van sulke instansies aangemoedig te word, al vind dit op 'n geïsoleerde basis plaas.

3.2.3. Swede

(a) Algemeen

Onderwysbeheer in Swede staan onder die Minister van Onder=wys wat bygestaan word deur die Nasionale Onderwysraad, wat verantwoordelik is vir beleidsbeplanning, koördinasie en uit=voering. Elke distrik beskik weer oor 'n Distriksonderwys=raad, wat verantwoordelik is vir die beplanning van skole, inspeksie en die voortgesette opleiding van onderwysers.

Die Plaaslike Onderwysraad moet toesien dat daar onderwys= geriewe aan elke leerling voorsien moet word in 'n komprehen= siewe skool. 'n Verpligte negejaar skoolopleiding bestaan in Swede.

(b) Skoolvoorligting in Swede

Elke komprehensiewe skool beskik oor 'n voorligter-onderwyser om leerlinge te adviseer en behulpsaam te wees met hul studie- en beroepskeuse. Hierdie diens is van groot hulp vir leer= linge en ouers ten aansien van veral die keuse van studierig= tings, plekke vir praktiese werkoriëntering en praktiese beroepsopleiding (Lombaard, 1976, p.9).

Na die verpligte negejaar skoolplig kan leerlinge een van drie skooltipes vir voortgesette onderwys besoek:

- Die gimnasiumafdeling wat vyf studierigtings aanbied, naam= lik skone kunste, sosiale wetenskappe, ekonomie, natuurwe= tenskappe en tegnologie.
- Vakskole bied drie studierigtings aan, naamlik sosiale-, ekonomiese en tegniese studierigtings.
- Die beroepskole. Hierdie afdeling geniet heelwat aanslui= ting by voortgesette onderwys.

(c) Studie- en beroepsvoorligting in Swede

In Swede se komprehensiewe skole word daar deeglike aandag gegee aan studie- en beroepsoriëntering. Volgens Lombaard (1976, p.18) is daar 'n deeglike kennis van die individu nodig wat georiënteer moet word, sowel as die nodige kennis van die

saak ten opsigte waarvan die individu georiënteer moet word. Die inligting ten opsigte van die individu word deur die skool versamel, terwyl die arbeidsburo's in Swede kennis van die beroepswerklikheid aan leerlinge beskikbaar stel. Die Stelsel van Studie- en Beroepsoriëntering (SYO)* berus dan ook op 'n grootskaalse samewerking tussen skoolpersoneel en personeel van die arbeidsburo's.

(d) Die doel en funksie van die SYO

Die funksies en die doelstellings van die SYO in Swede kan volgens Lombaard(1976, p.20) soos volg saamgevat word:

- Studie- en beroepsoriëntering verbreed die perspektiewe van die individu en help hom om beter selfbegrip en kennis van die beroepe wat binne sy keuseveld en vermoë val, te verwerf.
- Dit help mee om die arbeidspotensiaal van die Swede maksi=maal te benut deur elke individu in die beroepsrigting te stuur waarvoor hy/sy die meeste aanleg en belangstelling toon. Sodoende word die verkwisting van geld en tyd aan opleiding van studente wat van kursus verander, of dit selfs staak, uitgeskakel.
- SYO dra ook by tot 'n beter verstandhouding tussen oplei=ding en die arbeidsmark deurdat inligting beskikbaar is oor arbeidsmark-versadiging en toekomsmoontlikhede van beroepe.

---

*SYO is die afkorting vir Studie-och yrkesorientering

Die doelstelling met SYO staan in noue samehang met die algemene doelstellings met die onderwys in Swede. Fasette soos selfkennis, belangstelling en waardes met betrekking tot verskillende beroepe, begrip van die skoolstelsel en die arbeidsmark en die integrasie daarvan met die oog op selfevaluering en eie plekbepaling word gedurig deur die onderwyser aangeroer. Hiermee het die onderwysers die inligting en steun van die spesialiste van die Diens vir Studie- en Beroepsoriëntering wat uit die SYO voortgevloei het, nodig.

(e) Die organisasie van die SYO in Swede

Die organisasie, programme en metodiek van die nuwe Diens vir Studie- en Beroepsoriëntering is gebaseer op riglyne wat deur die Nasionale Onderwysraad neergelê is. Hierdie riglyne is egter buigbaar om aangepas te word by plaaslike omstandighede. Daar bestaan ook riglyne vir die samewerking tussen die SYO, arbeidsburo's, onderwysowerhede, werkgewers, werknemers, studenteverenigings, studente en ouers.

In Swede word daar baie deeglike aandag gegee aan studievoorligting en beroepsvoorligting en word dit reeds vanaf die sesde klas aangebied. Die totale voorligtingsprogram maak in Swede 'n deel uit van die verpligte kursus in Burgerleer. Hoewel daar aan persoonstruktuur-studie en beroepsvoorligting deeglike aandag gegee word, sal daar vervolgens slegs gekyk word na die aanbieding van beroepsoriëntering in skole.

(f) Die aanbieding van beroepsvoorligting in Swede

Volgens Lombaard (1976, p.44) is die algemene doelstelling met beroepsoriëntering, wat baie nou aaneenskakel met studie= voorligting, om leerlinge te oriënteer tot 'n selfstandige beroepskeuse in ooreenstemming met hul onderskeie moontlik= hede en belangstelling en met inagneming van die algemene eise van die moderne samelewing en die arbeidsbehoeftes van die streek.

Tydens die sesde skooljaar word inligting oor vakkeuses vir die sewende skooljaar verskaf met inagneming van die impli= kasies wat dit vir verdere studierigtingkeuse en uiteinde= like beroepskeuse sal hê. Beroepsoriëntering as sulks kom veral aan die einde van die sewende skooljaar meer op die voorgrond. Beroepsoriëntering in die sesde skooljaar word as 'n integrale deel van die totale onderwys aangebied, maar veral in geskiedenis en aardrykskunde. In die sewende skool= jaar word beroepsoriëntering formeel binne die raamwerk van die kursus in burgerleer aangebied. Dit geskied deur middel van lesings aan groepe leerlinge, waartydens daar 'n oorsig gegee word van die arbeidsmark, onderwysfasiliteite en beroepsmoontlikhede beskikbaar vir die besondere groep. Hierdie vorms van oriëntering staan bekend as kollektiewe teoretiese oriëntering, maar word opgevolg met individuele beroepsoriëntering. In die agtste skooljaar word hierdie vorm van oriëntering voortgesit met besondere aandag aan beroepsinligting en opleidingsfasiliteite. Die teoretiese

oriëntering in die negende skooljaar sluit die behandeling van plaaslike en nasionale arbeidsmarkprobleme in.

Die beroepsinligtingsmateriaal wat gebruik word tydens beroepsoriëntering word deur die Arbeidsraad in oorleg met die Nasionale Onderwysraad voorberei. Verskeie oudiovisuele hulpmiddele word verder deur die Nasionale Onderwysraad en private instansies beskikbaar gestel.

Aangesien alle beroepe volgens Lombaard (1976, p.44) nooit volledig genoeg bespreek kan word tydens die beperkte aantal periodes nie, word dit aangevul met praktiese werkoriëntering (PRYO)* wat deur die Sweedse regering, die onderwys en die beroepswêreld geskep is om tienerjariges die geleentheid te bied om die beroepswêreld prakties te verken. Hierdie poging om die oorskakeling van die skool na die beroepswêreld vir leerlinge te vergemaklik, vorm 'n faset van die studie- en beroepsoriëntering, wat sedert 1962 verpligtend is vir alle leerlinge. Primêr is die doelstelling met die PRYO om leer=linge te oriënteer ten aansien van die arbeidswerklikheid in die algemeen, maar sekondêr is dit 'n oriëntering ten aansien van die pligte van individue in verskillende beroepe.

Die praktiese werkoriëntering bestaan uit drie tydperke van verpligte studiebesoeke aan verskillende werksplekke gedu=rende die agtste skooljaar en twee verpligte tydperke van twee

---

*PRYO staan vir "The new practical vocational orientation"

weke elk gedurende die negende skooljaar. Werklike arbeids= ondervinding word sodoende deur leerlinge in die arbeidswêreld opgedoen. Die kennis wat tydens teoretiese oriëntering opge= doen is, kan nou in die praktyk getoets en aangevul word. Tydens die eerste studiebesoek word daar meer klem gelê op die funksionering van die werksplek en die aard van die werk wat daar gedoen word. Die voorbereiding vir hierdie eerste besoek word geïntegreer by die vak sosiale wetenskap wat betrekking het op die hoofsektore van die ekonomie. Die tweede besoek se voorbereiding word geïntegreer by die vakke sosiale studies en aardrykskunde en daar word meer klem gelê op die individuele werkers en hul besondere taak= verrigting. Die beroepsaspek geniet dan meer aandag. ŉ Groter keusevryheid ten opsigte van die instansie wat besoek sal word, word aan leerlinge tydens die derde besoek aan die einde van die agtste skooljaar gegee. Voor elke besoek moet daar deeglike voorbereiding deur leerlinge gedoen word en na afloop van elke besoek moet daar skriftelik verslag gedoen word deur leerlinge. Die voorbereiding en nasorg ten aansien van praktiese werkoriëntering tydens die negende skooljaar word op dieselfde wyse aangepak as vir dié in die agtste skooljaar. Hierdie stelsel vorm ŉ integrale deel van die verpligte skoolprogram en leerlinge word nie vergoed vir hul werk nie. Hierdie stelsel hou tog ŉ voordeel vir firmas in, aangesien baie leerlinge by voltooiing van hul studieloopbaan terugkeer na firmas waar hulle hul praktiese werkoriëntering deurloop het (Lombaard, 1976, p.46).

Die noue samewerking en arbeidsverdeling wat daar tussen die onderwysowerheid en die Arbeidsraad in Swede bestaan, sowel as die stelsel van praktiese werkoriëntering as aanvulling tot beroepsoriëntering, is ŉ stelsel wat uniek is. Dit is ŉ stelsel wat wel in ander lande gebruik sal kan word, en veral in die konteks van ŉ ontwikkelende land soos Qwaqwa, spesiale vermelding moet ontvang.

3.2.4. Switserland

(a) Algemeen

Die onderwysstelsel in Switserland bestaan uit ŉ aantal stel= sels wat baie van mekaar verskil, nie alleen vanweë die ver= skillende tale wat in verskillende dele gepraat word nie, maar ook as gevolg van verskillende terminologieë wat gebruik word. Volgens Beukes (1976, p.5) is elkeen van die 25 kan= tons in Switserland outonoom en promulgeer dan ook sy eie wette en regulasies wat sy onderwys betref. Elkeen adminis= treer en organiseer sy eie stelsel en aanvaar verantwoorde= likheid vir die onderwys van elke skoolpligtige binne sy grense.

Beroepsonderwys val onder die sentrale regering en vertoon ŉ meer uniforme struktuur. Die res van die onderwys sorteer onder die plaaslike owerhede. Aan die hoof van skole is ŉ skoolhoof wat deur ŉ toesigkomitee bygestaan word. Hoofde van skole vir beroepsonderwys word deur komitees waarop sowel werkgewers as werknemers uit die plaaslike arbeidsmark

dien, bygestaan.

Zurich word beskou as die setel van die Duitssprekende deel van die bevolking terwyl Genève as die setel van die Frans=sprekende deel van die bevolking beskou word. Die onderwys=stelsel in Zurich toon groot ooreenkomste met dié van Wes-Duitsland. Met behulp van die beroepsvoorligtingsdiens word leerlinge in 'n geskikte onderwysrigting geplaas.

(b) Voorligtingsdienste in Switserland

Die meeste voorligtingsdienste in Switserland is nie aan federale wetgewing onderhewig nie. Die enigste diens waarna verwys kan word as 'n nasionale instelling is die Algemene Beroepsvoorligtingsdiens.

In 'n verslag wat in 1972 uitgegee is het dit aan die lig gekom dat voorligting, veral sover dit betrekking het op die onderwys, in 'n engere sowel as 'n wyere sin geïnterpreteer kan word. Volgens Beukes (1976, p.25) dui dit in 'n wyere sin op al daardie fasiliteite wat tot 'n kind se beskikking is om hom op 'n nie-amptelike, byna terloopse wyse van hulp te wees ten aansien van sosiale, pedagogiese, psigologiese, godsdienstige en geregtelike aangeleenthede.

In 'n engere sin dui voorligtingsdienste op daardie openbare institute of organisasies wat die amptelike opdrag het om op professionele wyse hulp te verleen aan jeugdiges ten aan=sien van haas enige skolastiese probleem, waaronder veral beroeps- en loopbaankeuseprobleme (Beukes, 1976, p.26).

Die voorligtingsdienste in Switserland kan soos volg ingedeel word:

- Skoolpsigologiese dienste (jeugpsigologiese dienste).
- Algemene beroepsvoorligting (skool-, beroeps- en loopbaan=voorligting).
- Akademiese beroepsvoorligting (voorligting aan hoërskool en voornemende studente).
- Studentevoorligting (voorligting aan universiteitstudente).

(c) Beheer oor skoolvoorligting in Switserland

Behalwe die algemene beroepsvoorligtingsdiens wat in al die kantons eenders georganiseer word, verskil die ander dienste van kanton tot kanton. Die akademiese beroepsvoorligtings=diens, studentevoorligting en skoolpsigologiese dienste staan onder beheer van die plaaslike onderwysdepartement, terwyl die algemene beroepsvoorligtingsdiens daarenteen die verant=woordelikheid is van die Departement van Ekonomie, en meer in besonder die Direkteur van Binnelandse Sake.

Volgens 'n federale wet van 20 September 1973 (Beukes, 1976, p.32) op beroepsonderwys, moet beroepsvoorligting as verpligte diens ingestel word in alle kantons. 'n Subsidie word verskaf mits daar aan sekere vereistes voldoen word, naamlik dat gratis beroepsvoorligting verskaf moet word, en dat slegs professioneel-opgeleide personeel in diens geneem moet word. Skoolpsigologiese dienste funksioneer onafhanklik van federale wetgewing en word in elke kanton ooreenkomstig plaaslike wet=gewing georganiseer en in stand gehou.

(d) <u>Beroepsvoorligting in Switserland</u>

Die beroepsvoorligtingsdiens is veral daarop toegespits om ouers en skoolverlaters van hulp te wees veral ten opsigte van beroepskeuseprobleme. Daarom word daar reeds voor skool= verlating met jeugdiges kontak gemaak wanneer hulle 'n vak-, kursus- en skoolkeuse moet doen, sodat hul keuse in ooreen= stemming met ten minste een van hul positiewe menslike moont= likhede is. Volwassenes kan ook by hierdie diens om hulp aanklop. Hoewel dit op primêre vlak veral skoolpsigo= logiese dienste se plig is om leerlinge van hulp te voorsien, kom soveel as 10 persent van hierdie groep leerlinge in hul sesde jaar vir hulp na die Algemene Beroepsvoorligtingsdiens. Tydens die junior sekondêre skoolfase kan leerlinge van hier= die hulp gebruik maak, maar dit is veral aan die einde van die leerling se verpligte skoolopleiding dat hierdie diens van besondere groot belang is.

Die beroepsvoorligtingsdiens het dus 'n besondere breë taak, waarvan die volgende doelstellings volgens Beukes (1976, p.37) die belangrikste is;

- Individuele voorligting aan jeugdiges en volwassenes ten aansien van 'n beroepskeuse.
- Voorligting aan ouers oor sake rakende die skool, onderwys en beroepskeuses.
- Die afneem van aanlegtoetse.
- Individuele loopbaanvoorligting aan jeugdiges en volwasse= nes ten aansien van opleidingsmoontlikhede binne 'n bepaalde

beroep, spesialiseringsmoontlikhede, herskoling, verandering van beroep, of hertoetrede tot 'n beroep.

- Die skep van geleenthede vir praktiese beroepservaring, die waarneming van verskillende vakkundiges in 'n bepaalde beroep, die voorlopige plasing en opleiding van leerlinge vir 'n bepaalde beroep.
- Die reël van opleidingskursusse.

Volgens die Federale Wet van 20 September 1963* (Beukes, 1976, p.38) op beroepsvoorligting is bepaal dat beroepsvoorligting 'n diens verteenwoordig wat jeugdiges, hul ouers en skole, en met inagneming van die ekonomie, behulpsaam moet wees met individuele raadgewing, sodat hul uiteindelik in staat sal wees om 'n beroep ooreenkomstig die vermoë van 'n kind te kies. Hierdie diens moet 'n gratis diens wees wat vrywillig deur leerlinge gebruik moet word.

Beroepsvoorligting in Switserland word spesifiek in die laaste jaar aangebied, waarvoor daar 'n aantal skoolperiodes ingeruim word. Die doelwit van hierdie diens vroeër, in junior sekondêre skole, is om inligting aangaande die beroepswêreld aan skole, leerlinge en hul ouers beskikbaar te stel. Beroepskeusevoorligting is 'n baie prominente doelstelling van die algemene beroepsvoorligtingdiens, maar nie soseer van die skoolpsigologiese dienste nie.

---

*Twee verskillende wetgewings, een in 1973 en een in 1963 het toevallig elkeen op 20 September geval.

Wat vir Qwaqwa hier van besondere belang is, is dat beroeps=voorligting en psigologiese dienste van mekaar geskei kan word. Die een word sentraal gereguleer en die ander plaas=lik en elkeen het hul eie doelstellings. Dit help mee dat beroepsvoorligting sy regmatige plek in skoolvoorligting (wat ook psigologiese dienste insluit) verkry en behou. Hierdie twee dienste kan soos in Switserland, wat hul doelstellings betref, twee komponente van een gemeenskaplike doelstelling vorm, te wete uiteindelike beroepsvolwassenheid.

3.2.5. Denemarke

(a) Algemeen

Die stelsel van voorligting in die Deense skole is nog rede=lik jonk. Daar is veral sedert die sewentiger jare pogings aangewend om 'n eenmalige, finale keuse van 'n beroep te pro=beer vermy. In die plek daarvan word dit ten doel gestel om leerlinge 'n reeks kleiner, kontinue besluite te laat neem wat uiteindelik uitloop op 'n beroepskeuse (Carstens, 1978, p.35).

Onderwys in Denemarke word deur wetgewing gereël soos neer=gelê deur die nasionale parlement. Daar bestaan openbare voorligtingsdienste sowel as 'n voorligtingsdiens aan skole wat binne die onderwysstelsel funksioneer. Tussen hierdie twee dienste bestaan daar noue skakeling en samewerking.
Na die begin van die sewentigerjare is die doelstellings van die onderwys hersien na die snelle industrialisasie van

die land. Die onderwys moes deeglik hiermee rekening gehou het. Die Deense onderwysstelsel is 'n demokratiese stelsel en leerlinge het 'n groot mate van vryheid om kursusse te kies en te beplan. Die onderrig tot klas sewe is nie beroepsgerig nie, maar slegs algemeen-vormend van aard. Hoër sekondêre onderwys lei tot die hoër voorbereidingseksa= men waardeur toelating verkry word tot onderwyskolleges en ander tersiêre inrigtings. Tegniese en beroepsgerigte onder= wys word vir die 14 tot 18 jaargroepe aangebied en sluit opleiding vir ongeskoolde arbeiders sowel as vakleerling= skap in.

(b) Die skoolvoorligtingstelsel van Denemarke

Hoewel die Minister van Onderwys algemene beheer het oor skole, word die skoolhoofde groot vryheid in die hantering van skole toegelaat. Hierdie toestand beïnvloed die aanbie= ding van 'n skoolvoorligtingsprogram grootliks. Volgens V. Rasmussen word die waarde van skoolvoorligting in sommige kringe wel besef " ... we have been moving in the direction of nonselection schools where emphasis is on guidance rather than on selection" (Carstens, 1978, p.18).

(c) Die doelstellings met skoolvoorligting in Denemarke

Die belangrikste doelstellings van voorligting kan soos volg opgesom word:

- Voorligting moet aan die jeug sowel as volwassenes gegee word in die hantering van probleme in verband met onderwys-

en beroepskeuse.

- Die jeug moet gehelp word om hulle eie moontlikhede en beperkings te ken voordat hul 'n keuse moet doen met betrek= king tot verdere opleiding en 'n beroep.
- Dit word as onrealisties beskou om van 15 tot 16 jariges te verwag om 'n finale beroepskeuse te doen. Voorligting moet ten doel hê om korttermynkeuses wat telkens op die volgende fase in die onderwysbestel gerig is, aan te moe= dig. 'n Eenmalige, onherroeplike en finale keuse wat aan jongmense soveel hoofbrekens besorg, word hierdeur uitge= skakel.
- Deur middel van voorligting moet die nodige kanale geskep word, waardeur leerlinge in staat gestel word om deur besoeke aan industrieë en ander werkplekke outentieke ondervinding op te doen en waarnemings te maak
- Jongmense moet geleer word om self keuses te doen of om ten minste aktief saam te werk in die proses waarin hulle geleer word om self te kies (Carstens, 1978, pp.18-19).

Voorligting aan die jeug, veral in verband met 'n beroepskeuse, berus nie slegs by die onderwysowerhede nie. Plaaslike ower= hede, die ouergemeenskap en privaat instansies dra ook 'n ver= antwoordelikheid en is ook gemoeid met hierdie diens. Daar kan veral onderskeid getref word tussen die beroepsvoorlig= tingsdiens aan die breë publiek en die voorligtingsdiens aan skole. Tussen hierdie twee instansies bestaan daar beson= der noue samewerking.

(d) Die openbare beroepsvoorligtingsdiens in Denemarke

Die openbare voorligtingsdiens is meer toegespits op beroeps= voorligting. Daar word egter ook aandag gegee aan onderwys- en persoonstruktuurvoorligting. Beroepsvoorligting is gegrond op Wet No 117 van 3 Mei 1961 (Carstens, 1978, p.20). Vol= gens die Wet moet die Minister van Arbeid die Beroepsvoor= ligtingsraad saamstel. Sekere funksies van hierdie raad is om op hoogte te bly van nuwe verwikkelinge op die gebied van beroepsvoorligting, sodat hulle enige tyd die Minister van Arbeid of die Minister van Onderwys van raad kan bedien. Die groot taak van die Raad bestaan daaruit dat dit die akti= witeite van die openbare beroepsvoorligtingsdiens moet koördi= neer met die aktiwiteite van ander instellings. Volgens die Wet op Beroepsvoorligting word beroepsvoorligting beskryf as hulp wat verleen word met betrekking tot beroepsopleiding of toetreding. Die voorligting moet van so 'n aard wees dat dit rekening hou met die belangstellings en kwalifikasies van 'n persoon asook met die mannekragbehoeftes van die land.

Die beroepsvoorligters van die arbeidsburo's se taak bestaan deels daaruit om individuele onderhoude te voer en deels om hulp aan skole te gee soos beroepsoriënteringshulp en besoeke en vakansiewerk aan industrieë en ander werkplekke. Inlig= ting aangaande opleiding en werkgeleenthede word deur die Arbeidsdirektoraat versamel en versprei. Verder stel die Arbeidsdirektoraat ook inligtingstukke vry wat gebruik word in die leerplanne vir beroepsoriëntering aan laer sekondêre eksamenafdelings en gimnasiums.

(e) Voorligting in skole

Sedert 1960 is beroepsvoorligting verpligtend in alle gewone skole vir leerlinge wat nie meer skoolpligtig is nie. In gimnasiums moet veertien periodes bestee word aan beroeps= voorligting. In klasse agt tot tien word voorligting gewoon= lik geïntegreer met die vak algemene oriëntasie. In verskeie munisipale gebiede word 'n beroepsvoorligter in 'n adviserende hoedanigheid aangestel. Die beroepsvoorligter moet veral reël dat leerlinge besoeke kan aflê by industrieë en ander werkplekke. Daar word baie waarde geheg aan werkondervin= ding vir veral klas nege en tien leerlinge. Hierdie werk asook besoeke van skoolgroepe aan werkplekke word gereël in ooreenstemming met regulasies wat in 1967 uitgevaardig is.

Openbare beroepsoriënteringsinstansies word verplig volgens wet om aan skole na die mate waarin daar 'n behoefte bestaan beroepshulp te verleen.

In die studie waar Qwaqwa se voorligtingstelsel bespreek sal word, moet dit beklemtoon word dat voorligtingsaktiwiteite geensins uitsluitlik toegespits kan word op eenmalige beroeps= keusehulp nie. Sedert die sewentigerjare het die besef in Denemarke posgevat dat 15 tot 16 jariges nie in staat is om sinvolle en realistiese beroepskeuses te maak nie. Daarna is voorligtingshulp daarop toegespits om leerlinge 'n aantal korttermynkeuses te laat doen waar elke keuse slegs gedoen word met die oog op die volgende onderwysfase. Voorligting

in Denemarke word veral toegespits op sekondêre vlak. Tot in klas sewe is klasonderwysers verantwoordelik vir hulp terwyl beroepsvoorligters slegs af en toe skole besoek. Onderwysowerhede gaan van die standpunt uit dat elke leer= ling geregtig is op die nodige onderwys- en beroepsvoorlig= ting op skool. Ouers en werkgewers is baie positief ingestel en sien die noodsaaklikheid van skoolvoorligting in deurdat hulle daadwerklik hierby betrek word.

Beroepsvoorligting moet beskou word dat dit ook 'n verantwoor= delikheid teenoor die land het. In Denemarke neem beroeps= voorligting nie slegs die behoeftes van die leerling in ag nie, maar ook die mannekragbehoeftes van die land. Dit ver= hoed dat potensiële werkloses opgelei word. Die Openbare Voorligtingsdiens is spesifiek gemoeid met hierdie taak.

### 3.2.6. Oostenryk

(a) <u>Algemeen</u>

Volgens Beukes (1977, p.24) word die voorligtingsdoelstel= lings in Oostenryk feitlik sinoniem met dié van die onderwys geïnterpreteer. Waar dit die ideaal met die onderwys is om aan elke leerling alle geleenthede tot volle ontplooiing van sy moontlikhede te bied, is die doel van die voorligtingsdiens om addisionele hulp te verleen om hierdie ideaal te verwesen= lik. Hierdie aspek geld vir sowel die beste gebruikmaking van onderwys- en beroepsmoontlikhede as die ontplooiing van die leerling as persoon. Die onderwys in Oostenryk word as

van nasionale belang beskou en die onderwysbeleid word deur nasionale wetgewing bepaal.

Die onderwys in Oostenryk word ingedeel in twee hoofgroepe, naamlik skole vir algemene verpligte onderwys en skole vir algemene sekondêre onderwys. Onder verpligte onderwys res= sorteer primêre skole en sekondêre of Hauptschulen. Skole vir algemene sekondêre onderwys bestaan hoofsaaklik uit gimnasiums en "Realgymnasiums". Die doel met hierdie skole is om aan leerlinge grondige en komprehensiewe algemene onderwys te gee wat sal dien as voorbereiding vir universi= têre of ander vorms van hoër onderwys. Die onderwysstelsel van Oostenryk word gekenmerk deur sy groot verskeidenheid van skooltipes wat 'n sterk onderlinge verband met mekaar toon.

(b) Die beheer en organisasie van skoolvoorligting in Oostenryk

Skoolvoorligting in Oostenryk kan volgens die aard van werk= saamhede op drie vlakke ingedeel word. In die eerste plek by wyse van verskaffing van inligting deur middel van beroeps= voorligting en in die tweede plek die psigologies - pedagogiese hulpverlening. Die inligtingsfunksie is die taak van die skool self, terwyl psigologies-pedagogiese hulpverlening deur die skoolpsigologiese voorligtingsburo's behartig word. Die voorligting wat deur skole self aangebied word, ressorteer onder die Departement van Onderwys en Kuns, terwyl die skool= psigologiese voorligtingsburo's deur die Departement van Weten= skap en Navorsing beheer word. 'n Derde voorligtingsfunksie, naamlik beroepsvoorligting en -plasing, word hoofsaaklik deur

die Departement van Sosiale Sake behartig. Daar bestaan egter noue skakeling tussen hierdie departement en die ander twee departemente.

(c) Skoolvoorligting en spesialisering in Oostenryk

'n Hoë mate van spesialisering ten opsigte van voorligting is reeds in Oostenryk bereik. Onderwysinligting word deur die skool self beskikbaar gestel, dit word egter gereken dat beroepsinligting te omvangryk is om deur die skool self aangebied te word, daarom word dit op nasionale vlak deur die Departement van Sosiale Sake behartig. Die skole bied egter in 'n elementêre sin beroepsvoorligting aan, maar die inligting daarvan word deur die Departement van Sosiale Sake verstrek.

(d) Die doel van die Oostenrykse skoolvoorligtingsdiens

Met die Oostenrykse skoolvoorligtingsdiens word veral drie doelstellings beoog:

- Om leerlinge persoonlik te help met betrekking tot per= soonlikheidsaangeleenthede asook intensiewe hulp te ver= leen by die keuse van vakke en studierigtings.
- Om leerlinge inligting te gee oor aangeleenthede wat op hul skoolloopbaan betrekking het en onder andere hulp insluit met betrekking tot leer- en studiemetodes, geskikte skoolkeuse en die samestelling van kursusse en
- om leerlinge inligting te gee oor voortgesette onderwys= moontlikhede op sowel sekondêre as tersiêre onderwysvlak,

dit wil sê studie- en beroepsvoorligting (Beukes, 1977, p.15).

Die klem val hoofsaaklik op die inligtingsaspek van sowel onderwys- as beroepsvoorligting, ofskoon persoonlike hulp= verlening ook in verdienstelike gevalle gegee word. Inlig= ting word egter nie net beperk tot leerlinge nie, maar aan onderwysers sowel as ouers word ook inligting gegee oor sake wat die onderwys- en beroepstoekoms van leerlinge raak.

Wat Qwaqwa betref is die opvallendste kenmerk van die Oosten= rykse onderwys- en voorligtingstelsel dat albei in nasionale belang funksioneer en dat daar sodoende 'n groot mate van uniformiteit ten opsigte van die twee sake bereik is. Die organisasie van die voorligtingsdiens is ook op spesialisering toegespits deurdat die inligtingsfunksie van die psigologiese funksie geskei is.

### 3.2.7. Skotland

(a) Algemeen

Onderwys in Skotland is volgens Spies (1976, p.75) van alge= mene, vormende aard. Die inhoud van die skoolvoorligtings= program is van so 'n aard dat dit in al sy fasette sal bydra tot die verwesenliking van die breë onderwys- en opvoedings= doelstellings.

Die onderwys staan onder direkte beheer van die Minister vir Skotland, wat verantwoording aan die Britse Parlement ten opsigte van onderwysaangeleenthede moet doen. Die Skotse

Onderwysdepartement is die Staatsdepartement waardeur die Minister uitvoering gee aan sy onderwyswetgewing.

Die onderwys in Skotland is gemik op breë algemene onderwys met die gevolg dat daar teenkanting bestaan teen te veel spesialisering. Die algemene beleid is om sover moontlik ŉ breë reeks vakke reg deur die onderwys aan te bied.

Tydens 1970 is daar vrymag aan onderwysowerhede verleen om self die doeltreffendste wyse van sekondêre onderwys vir die betrokke area te bepaal. Die grootste aantal leerlinge verlaat skool aan die einde van die vierde sekondêre skool=jaar, terwyl dié wat verder wil gaan vir die verwerwing van die "Scottish Certificate of education" nog vir twee jaar aangaan (Spies, 1976, p.13).

(b) Skoolvoorligting in Skotland

Daar word veral tydens die sekondêre skoolfase aandag aan skoolvoorligting in Skotland gegee. Met die skoolvoorlig=tingsprogram in Skotland word daar veral beoog om leerlinge te oriënteer ten opsigte van die skool self, om hulle te help om hul verskeidenheid van belangstellings en aanlegte te ontdek, om aan hulle hulp te verleen ten opsigte van die oplossing van hul persoonlike probleme waarmee hulle worstel en om hulp te verleen met die keuse van kursusse en uitein=delik ook met die keuse van ŉ verantwoordelike en verant=woordbare beroepsrigting. Primêr word skoolvoorligting in Skotland as ŉ opvoedingsaangeleentheid beskou.

Hoewel daar tydens skoolvoorligting wel aandag gegee word aan onderwys-, persoons- sowel as beroepsvoorligting, sal daar uit die aard van hierdie studie slegs gekyk word na die aan= bieding van beroepsvoorligting in die skole.

(c) Die algemene doelstellings van beroepsvoorligting in Skotland

Die algemene doelstelling van beroepsvoorligting is om leer= linge bewus te maak van die algemene beroepsrigting waarin sy grootste moontlikheid tot sukses lê. Sedert 1975 het dit verpligtend vir alle plaaslike onderwysowerhede in Skotland geword om 'n permanente beroepsvoorligtingsdiens aan elke skool in te stel (Spies, 1976, p.76).

(d) Die aanbieding van beroepsvoorligting

Beroepsvoorligting wat deur die voorligter-onderwyser aan= gebied word, word aangevul deur die beroepsbeampte van die Youth Employment Service, YES (Spies, 1976, p.85) wat veral deur middel van die individuele onderhoude alle leerlinge tydens spesifieke stadia in hulle skoolloopbaan en daarna met bepaalde beroepskeuse-aspekte behulpsaam is. Die beroeps= beampte besoek elke skool vir ten minste 'n halwe skooldag per week waartydens hy aan die volgende aspekte aandag gee:

- Beroepsinligtingstukke aan leerlinge beskikbaar stel en hulp verleen met die interpretasie daarvan aan die indivi= duele leerling.
- Hulp aan leerlinge in oorleg met sy ouer om tot 'n (voor= lopige) beroepskeuse te kom.

- Reëlings om skoolverlaters in beroepe te plaas indien die leerlinge van die plasingsdiens gebruik wil maak (Spies, 1976, p.85).

Die taak van die beroepsvoorligter is dus veral om verant=woordelik te wees vir die beplanning van die voorligtings=program op skool en vir die verskaffing van beroepsinligting, sodat leerlinge maksimaal toegerus sal wees vir die indivi=duele beroepsvoorligtingsonderhoude wat die beroepsbeampte van die YES met hulle voer (Spies, 1976, p.86).

Beroepsvoorligting is eers sedert 1975 verpligtend gemaak in Skotse skole. Voor hierdie tydperk is hierdie diens hoof=saaklik deur die buite-instansie se arbeidsbeampte gelewer (Youth Employment Service). Dit is belangrik om daarop te wys dat die gespesialiseerde kennis van 'n buitepersoon soos die beroepsbeampte van die YES in Skotland, die werk wat in die skool gedoen word, doeltreffend kan aanvul. Hierdie gedagte kan veral in 'n land soos Qwaqwa, waar beroepsvoor=ligting in sy groeifase verkeer, doeltreffend aangewend word om die leemtes wat in die skoolsituasie ontstaan, aan te vul.

3.2.8. Die Verenigde State van Amerika

(a) <u>Algemeen</u>

Die VSA beskik nie oor 'n uniforme onderwysstelsel nie, met die gevolg dat daar ook nie sprake is van 'n sentrale stel onderwysdoelstellings nie. Daar word 'n hoë mate van desen=

tralisasie aangetref in die beheer en organisasie van die VSA-onderwys. Elke staat het sy eie onafhanklike onderwys=stelsel wat beheer word deur 'n staatsdepartement van onder=wys as 'n afdeling van die betrokke federale staat se rege=ring (Carstens, 1976, pp.5-7).

(b) Die skoolvoorligtingstelsels in die VSA

Skoolvoorligting in die VSA maak 'n deel uit van die ampte=like onderwysprogram en as sulks vorm dit, wat die beheer en organisasie betref, 'n eenheid met die amptelike skool=organisasie en beheer. Skoolvoorligters in die VSA is dus geïntegreer by en 'n deel van die skoolpersoneel.

Skoolvoorligtingsprogramme verskil aan senior en junior hoërskole sowel as aan primêre skole. Skoolvoorligting in die primêre skoolfase beleef tydens die laaste helfte van die sestigerjare 'n bloeitydperk. Die klem van voorligting tydens hierdie skoolfase val daarop om leerlinge te help met die evaluering van hulle moontlikhede, belangstellings en aanleg. Daar word veral aandag gegee aan persoonlike en interpersoonlike probleme en veral die wat aanleiding gee tot leerprobleme en afwykende gedrag in die klaskamer.

Leerlinge begin hul junior sekondêre opleiding gewoonlik op 12 jarige ouderdom en duur drie jaar. Vakkeuse tydens hier=die skoolfase is beperk, aangesien die grootste deel van die kurrikulum vir alle leerlinge geld. Die taak van die voorlig=ter aan die einde van die junior-hoërskool is om leerlinge

behulpsaam te wees met vakkeuse in die senior-hoërskool. Daar word veral aandag gegee aan leerlinge met aanpassings= probleme en onderpresteerders. Beroepsvoorligting tydens hierdie fase geniet bykans geen aandag nie.

Die senior-hoërskole behels die laaste drie jaar van die onderwysstelsel. Tydens hierdie tydperk word daar 'n groot aantal vakke aangebied. Leerlinge word elke jaar of elke halfjaar opnuut aan 'n keuse blootgestel. 'n Vakkeuse word gedoen op grond van leerlinge se aanleg en belangstelling binne sekere perke wat gestel word. 'n Aansienlike deel van die skoolvoorligter se tyd word in beslag geneem deur hulp aan leerlinge met die keuse van vakke en vlakke te gee. Voorligting word ook aan leerlinge gegee in verband met kollege en universiteitstoelating. Gestandaardiseerde toetse wat opgestel word deur die Eksamenraad vir Kollegetoelating word deur die skoolvoorligter afgeneem. Beroepsvoorligting maak wel in 'n sekere mate 'n deel uit van Kollegevoorligting. Waar skoolvoorligting in sy breër verband in die VSA eintlik uit beroepsvoorligting ontstaan het, is dit volgens Carstens (1976, p.37) verbasend dat beroepsvoorligting so min aandag kry in skole. 'n Studie wat uitgevoer is het aan die lig gebring dat beroepsvoorligting aan senior-hoërskole verwaar= loos word, en dat leerlinge nie genoeg hulp kry ten opsigte van beroepstudies en beroepsvoorligting nie.

(c) <u>Voorligtinginstansies buite skoolverband</u>

In die VSA bestaan daar twee voorligtinginstansies buite skoolverband, naamlik American Personnel and Guidance Association (APGA) en B'nai B'rith Career and Counseling Services (BBCCS) wat waardevolle hulp lewer aan leerlinge. Volgens Carstens (1976, p.53) lewer APGA 'n verskeidenheid van take op die gebied van hulpdienste aan die gemeenskap en ook aan skole, hoewel hul geen direkte seggenskap of beheer in skole het nie. Die verspreiding van professionele inligting is een van die primêre doelstellings van APGA. 'n Filmdiens word ook versprei deur APGA. 'n Waardevolle diens word dus deur APGA gelewer.

Die BBCCS is gestig om die Joodse jeug met loopbaanbeplanning te help. Sodoende word die jeug op 'n verantwoordbare wyse van realistiese onderwys- en beroepsinligting voorsien. Joodse seuns en meisies word sodoende in staat gestel om voorlig=tingsdienste te bekom wat rekening hou met hulle eiesoortige probleme en behoeftes.

Hoewel die doelstellings met skoolvoorligting volgens Carstens (1976, p.72) wel poog om aandag te gee aan persoonstruktuur-, onderwys- en beroepsvoorligting, lyk dit of daar in die prak=tyk maar min aandag aan beroepsvoorligting gegee word. 'n Belangrike feit wat in hierdie afdeling te voorskyn gekom het is dat skoolvoorligting oorspronklik uit beroepsvoorlig=ting ontwikkel het. Die psigologiese dienste is daarna as 'n belangrike ondersteunende diens tot beroepsvoorligting ontwik=kel.

## 3.3. SAMEVATTING

Na aanleiding van die navorsing aangaande die plek van beroepsvoorligting in skoolvoorligting in internasionale verband, is dit interessant om daarop te let dat beroeps=voorligting bykans in elke land op 'n ander wyse behandel word. In elke afdeling is daar egter enkele gedagtes gevind wat in die ontwikkeling en ontplooiing van beroepsvoorligting in Qwaqwa, nuttig gebruik kan word.

Die belangrikheid van beroepsvoorligtingaanbieding in Frank=ryk se skole is reeds na 1959 se hervormings besef. Hoewel daar nie 'n spesifieke periode vir voorligting in skole inge=ruim is nie, word daar tog heelwat op die gebied van beroeps=voorligting gedoen, veral in die sekondêre skoolfase. Dit word duidelik in die doelstelling van skoolvoorligting in Frankryk gestel dat leerlinge voorberei moet word om sosio-ekonomies 'n bydrae tot die arbeidswêreld te lewer.

Beroepsvoorligting vorm nie 'n integrale deel van skoolvoor=ligting in Wes-Duitsland nie, maar word apart aangebied deur buite-instansies. Instansies wat hier 'n belangrike rol speel is die Departement van Arbeid en die Federale Raad van Arbeid, wat baie nou met skole skakel. Wat Qwaqwa betref, moet daar kennis geneem word van hierdie stelsel. In Qwaqwa kan buite-instansies help deur inligting beskikbaar te stel deur middel van werwingsveldtogte by skole. Veral groot maatskappye se pogings kan doeltreffend gekoördineer word om die beroeps=kennis van leerlinge te verbreed.

Swede beskik oor 'n unieke stelsel van beroepsvoorligting. Beroepsvoorligting word in alle skole aangebied en van ower= heidsweë gekoördineer. Die teoretiese kennis wat aan leer= linge voorsien word, word aangevul en toegepas deur middel van 'n stelsel van praktiese werksoriëntering (SYO). Die sogenaamde PRYO sluit verpligte praktiese werksoriëntering vir alle leerlinge gedurende vasgestelde tye in. Hierdie stelsel funksioneer besonder suksesvol as gevolg van die goeie verhouding wat daar tussen die arbeidsraad en die onderwysowerhede bestaan. Swede is 'n goeie voorbeeld van 'n land wat in beroepsvoorligting die werksgeleenthede van die landsekonomie deeglik in berekening bring.

'n Belangrike kenmerk van die beroepsvoorligting in Switser= land is dat al die psigologiese voorligtingsdienste van kanton tot kanton verskil, terwyl slegs beroepsvoorligting deur die sentrale owerheid bepaal en eenvormig in alle kan= tons aangebied word. Beroepsvoorligting word spesifiek in die laaste skooljaar aangebied wanneer daar 'n aantal perio= des ingeruim word. Die hoofdoelstelling van beroepsvoorlig= ting is om inligting aangaande die beroepswêreld aan ouers en leerlinge bekend te stel, en word daarom geskei van psi= gologiese voorligting hoewel beide 'n gesamentlike doelstelling het naamlik beroepsvolwassenheid.

In Denemarke bestaan daar sedert die sewentiger jare die bena= dering dat vyftien- en sestienjariges nie in staat is om 'n sinvolle keuse uit te oefen ten opsigte van 'n beroep nie.

Daarom is beroepsvoorligting daarop ingestel om leerlinge te help om 'n aantal korttermyn keuses uit te oefen, wat uiteindelik uitloop op 'n beroepskeuse. Dit vergemaklik die besluite in verband met vakkeuses. Ouers sowel as skool= owerhede in Denemarke is ingestel op die belangrike rol wat beroepsvoorligting in skole kan speel. Ouers word dan ook daadwerklik betrek. Die Openbare voorligtingsdiens in Denemarke koördineer beroepsvoorligting met die mannekrag= behoeftes van die land. Dit verhoed dat potensiële werklo= ses opgelei word.

Die beroepsvoorligting-gedeelte van skoolvoorligting in Oostenryk word afsonderlik van skoolvoorligting deur die Departement van Sosiale Sake behartig. Daar bestaan egter noue samewerking tussen hierdie departement en die Afdeling vir Skoolvoorligting self, wat onder die Departement van Onderwys en Kuns ressorteer. Voorligting word as te omvang= ryk beskou om deur of die skool self, of deur een enkele liggaam gehanteer te word, en daarom ressorteer dit onder twee departemente. Beroepsvoorligting word egter in sy elementêre sin deur skole aangebied, maar die inligting wat aan leerlinge verskaf word, is ook afkomstig van die Depar= tement van Sosiale Sake.

Die hoofdoelstelling van beroepsvoorligting in Skotland is dat dit 'n leerling vertroud kan maak met die algemene beroeps= rigting waarin sy grootste moontlikheid tot sukses lê. Hoe= wel beroepsvoorligting wel deur die voorligter-onderwyser

in skole aangebied word, word die inligting wat verskaf word, aangevul deur die beroepsbeampte van die "Youth Employment Service" (YES), wat elke skool ten minste 'n halwe skooldag per week besoek. Die gespesialiseerde kennis van 'n beroeps= beampte word hier doeltreffend gebruik ter aanvulling van die werk wat in die skool gedoen word.

Dit het uit die navorsing duidelik geword dat skoolvoorlig= ting in die VSA in sy breër verband eintlik uit beroepsvoor= ligting ontstaan het. As hierdie feit in aanmerking geneem word is dit verbasend dat beroepsvoorligting so min aandag in skole geniet. Volgens bogenoemde navorsing word beroeps= voorligting in baie lande verwaarloos ten gunste van skool= voorligting. Om hierdie rede het verskeie lande beroeps= voorligting en ander skoolvoorligtingsdienste van mekaar begin skei.

Die perspektiewe uit hierdie hoofstuk verkry sal aangewend word in hoofstuk 6 waar aanbevelings ten opsigte van beroeps= voorligting in Qwaqwa gemaak sal word.

# HOOFSTUK 4. DIE STAND VAN SKOOLVOORLIGTING IN DIE SWART SKOLE VAN SUID-AFRIKA

## 4.1. INLEIDING

Skoolvoorligting word dwarsdeur die wêreld as 'n betreklike nuwe studieterrein beskou. Hierdie nuwe studieveld hou velerlei uitdagings vir sielkundiges, opvoedkundige siel=kundiges en bedryfsielkundiges in. Die aandeel wat bedryf=sielkundiges kan lewer in die suksesvolle ontplooiing van skoolvoorligting moet nie onderskat word nie. Veral met die beroepsvoorligting gedeelte van skoolvoorligting kan bedryfsielkundiges, met hul agtergrond van die bedryf, 'n waardevolle bydrae lewer.

Voorligting in die swart skole van Suid-Afrika is eers vanaf 1981 ingestel. Die volle ontplooiing hiervan sal moontlik deur opbouende kritiek gerugsteun kan word. Voordat enige gevolgtrekkings gemaak kan word, is dit raadsaam om op hier=die stadium 'n studie te maak van die huidige stand betref=fende skoolvoorligting in die swart skole van Suid-Afrika.

## 4.2. DIE DOEL VAN SKOOLVOORLIGTING

Volgens al drie die sillabusse*, wat die werksaamhede vanaf standerd 5 tot 10 dek, kan die doel van voorligting soos volg

---

*Die sillabusse bestaan uit drie volumes naamlik vir standerd 5, vir standerd 6,7 en 8 en vir standerd 9 en 10, en het in 1980 en 1981 verskyn.

opgesom word:

- om met behulp van die voorligter-onderwyser en ander bronne die leerling te help om sy belangstellings, vermoëns, spesiale aanlegte en persoonlikheidseienskappe te onder= soek en te ontdek, en deur 'n beter kennis van homself tot 'n besef te kom van sy eie potensiaal en sy tekortkominge.
- om aan die leerling leiding te gee in verband met sy ver= dere studies, die keuse van vakke en die voorbereiding en opleiding wat vir 'n toekomstige loopbaan nodig is om te kan ontwikkel tot 'n goedaangepaste en bruikbare burger en lid van sy gemeenskap.

Volgens die handboek vir standerd 6 "Active guidance" (Engelbrecht, 1981, p.3) is die doel met skoolvoorligting die volgende:


- om jouself te ken, wat insluit die ontwikkeling van jou vermoëns en bekwaamhede.
- om jou doel in die lewe te besef en te beplan om jou oog= merke te bereik.
- om ander te ken en om met mense te kan kommunikeer.
- om die nodige feite te ken en om meer inligting te verkry aangaande skole en studies.

## 4.3. DIE HUIDIGE BEHEERSTRUKTUUR VAN SKOOLVOORLIGTING

Die Departement van Onderwys en Opleiding beskik oor 'n departement Sielkundige Dienste wat onder die afdeling Onderwys ressorteer (kyk figuur 1 vir diagrammatiese voor=

stelling).

FIGUUR 4.1 DIE BEHEERSTRUKTUUR VAN DIE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS EN OPLEIDING




Bron: Departement van Onderwys en Opleiding, Jaarverslag 1980, p.15).

Aan die hoof van Sielkundige Dienste is 'n hoofinspekteur van onderwys. Hy word bygestaan deur die onderwysbeplanner, twee senior assistent-onderwysbeplanners en drie assistent-onder=wysbeplanners. In 1980 was daar 53 Skoolvoorligtinginspek=teurs toegewys vir kringkantore, wat in hierdie afdeling werksaam is.

Daar bestaan volgens mnr. Adendorff (1981)* reeds 'n goed=gekeurde beheerstruktuur vir voorligting in swart skole. Hierdie beheerstruktuur maak voorsiening vir Posvlak 1 die onderwyser-voorligter, Posvlak 2 die departementshoof (voorligting), wat tans nie noodwendig 'n voorligter-onderwyser sal wees nie, aangesien daar nog nie onderwysers met die nodige voorligtingskwalifikasies bestaan nie. Posvlak 3 die inspekteur op kringvlak en Posvlak 4 en 5 wat voorsiening maak vir inspekteurs op streekvlak is ook reeds ingestel.

In 1980 het al die nasionale state met uitsondering van Qwaqwa oor 'n afdeling Sielkundige dienste beskik. Hierdie dienste was behulpsaam met die toepassing van bestaande toetspro=gramme met die oog op evaluasie en voorligting, en die toe=passing van nuwe toetse, wat eksperimenteel toegepas is. In die loop van 1980 is 'n inspekteur van skole (Sielkundige Dienste) aan elke kring toegewys. Sedert 1981 het Qwaqwa ook 'n afdeling Sielkundige dienste verkry (Suid-Afrika (Rep.) Departement van Onderwys en Opleiding Jaarverslag, 1980, p.201).

Die hooftaak van die afdeling Sielkundige dienste is om toetse toe te pas in skole en toe te sien dat voorligting aan skole gegee word. Op die gebied van beroepsvoorligting is die Educamus** gepubliseer met beroepsbeskrywings. Verskeie

---

*Kyk onderhoude net na Bibliografie

**'n Maandelikse tydskrif wat deur die Departement van Onder=wys en Opleiding uitgegee word.

ander beroepsinligtingstukke is saamgestel tydens 1980.

Daar bestaan noue samewerking tussen die Departement van Onderwys en Opleiding en die RGN* vir die verkryging van toetsmateriaal. Die struktuur van Sielkundige dienste van die Departement van Onderwys en Opleiding is so saamgestel dat hulp nie alleen aan swart skole in Suid-Afrika verleen word nie, maar ook aan skole in nasionale state en onafhank=like nasionale state, soos Bophuthatswana, Venda en die Transkei.

## 4.4. PERSOONLIKHEIDS-, ONDERWYS- EN BEROEPSVOORLIGTING

In hierdie gedeelte, word daar aan die hand van die inlig=tingstukke** van die Departement van Onderwys en Opleiding ondersoek ingestel na wat elkeen van hierdie aspekte behels en die rede waarom persoonlikheids-, onderwys- en beroeps=voorligting ingesluit word in die sillabusse van standerd 5 tot 10 vir swart leerlinge.

### 4.4.1. Persoonlikheidsvoorligting

Volgens Inligtingstuk 1 van die Departement van Onderwys en Opleiding (p.1) is persoonlikheid in ons alledaagse spreek=taal een van die verwarrendste sielkundige konsepte. Daar

---

*Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing

**Ongepubliseerde inligtingstukke van die Departement van Onderwys en Opleiding, voorsien deur mnr. Adendorff (sien onderhoude).

bestaan geen enkele definisie vir hierdie belangrike konsep nie. Vandag is die mees aanvaarbare definisie die een wat gebaseer is op die aantal, maar unieke pogings van mense om op te tree soos die omgewing van hulle verwag. Die defini= sie van Allport wat in bogenoemde inligtingstuk aangehaal word, berus op hierdie beginsel: "Personality is the dyna= mic organization within the individual of those psychophy= sical systems that determine his unique adjustment to his environment".

Aangesien persoonlikheid verwys na die persoon in sy geheel, kan persoonlikheidsvoorligting nie weggelaat word uit die sillabus vir skoolvoorligting nie. Dit is belangrik, waar die onderwyser gemoeid is met die kind, dat daar nie slegs aandag aan sekere aspekte soos die kind se eksamenuitslae, gegee sal word nie, maar aan die leerling in sy totale vorm. Voorligting se primêre belangstelling is die ontwikkeling van die gesonde persoonlikheid.

Die faktore wat ŉ rol in die vorming van persoonlikheid speel, is volgens die inligtingstuk (p.4) die volgende:

Konstitusionele determinante

Konstitusionele determinante beteken die totale fisiologiese samestelling van ŉ individu op ŉ gegewe tydstip.

- Oorerwing wat ŉ invloed uitoefen op die gehalte en die beperkings van ontwikkeling. Eerstens speel dit ŉ belang= rike rol in die gemeenskaplike menslike eienskappe en twee= dens in die unieke eienskappe wat mense van mekaar laat

verskil.

- Die senuweestelsel. Die brein wat die belangrikste deel van die senuweestelsel uitmaak, speel 'n belangrike rol in die funksionering van die persoonlikheid.
- Endokrine kliere. Die kliere wat 'n invloed uitoefen op die persoonlikheid is die skildklier, die hipofise wat in die brein geleë is en die geslagskliere.
- Liggaamlike toestand. Daar bestaan 'n verband tussen sekere konstitusionele tipes en persoonlikheidseienskappe.

Groeplidmaatskapsdeterminante

- Die sosiale omgewing. Elke persoon se sosiale omgewing bestaan uit verskillende groepe. Hierdie groepe kan in 'n meerdere of mindere mate die persoonlikheid van die mens beïnvloed.
- Die kulturele omgewing. Hierdie omgewingsfaktor is die belangrikste bepalende faktor van al die groepsinvloede.
- Die rol-determinante. Daar bestaan verskillende rolle wat 'n mens in sy lewe kan vertolk. Hierdie rolle word bepaal deur geslag, ouderdom en sosiale status. Een persoon kan meer as een rol op 'n slag vertolk.

Situasiedeterminante

- Bepaalde situasies waarin 'n persoon hom kan bevind, mag 'n direkte invloed uitoefen op sy lewe, en kan 'n belangrike deel vorm in die ontwikkeling van sy persoonlikheid. Om die enigste kind te wees, 'n lang siekbed of dood van 'n kind se ouers, is voorbeelde hiervan.

In die bestudering van persoonlikheid is dit belangrik dat daar gekyk word na die normaliteit van persoonlikhede. Daar kan 'n onderskeid getref word tussen die normale, die bo-gemiddelde (superior) en die abnormale persoonlikheid. Die normale persoonlikhede, wat die grootste gedeelte van die bevolking uitmaak, lewe 'n normale lewe. Hoewel die persoon=likheidseienskappe van die persone verskil, is hulle almal wetsgehoorsame burgers wat hul emosies kan beteuel. Die bo-normale of superieure groep wat slegs 10 persent van die bevolking uitmaak, is bo-gemiddeld in intelligensie, sosiale aanpasbaarheid en persoonlikheid. Die abnormale groep beskik oor 'n lae intelligensie, emosionele onstabiliteit en disorganisasie van die persoonlikheid. Volgens bogenoemde inligtingstuk (p.8) kan die groep in vier verskillende groepe ingedeel word, naamlik psigoneuroses, psigose, persone met geestelike gebreke en die anti-sosiale persoonlikhede.

- Die psigoneurotiese persoonlikhede knak onder situasies wat te veel druk op hulle uitoefen. Tipiese fisiese simp=tome wat by hierdie persone voorkom is onder andere hoof=pyn, terwyl sielkundige simptome soos spanning, rusteloos=heid en 'n onvermoë om te konsentreer ook voorkom.
- Psigose is ernstige geestelike abnormaliteite. Volgens wet is hierdie persone wetlik nie verantwoordelik vir hul dade nie.
- Die groep met geestelike gebreke, is die persone wat reeds op skool nie kon vorder nie. Die persoon is ongeskik om homself te kontroleer.

- Die anti-sosiale persoonlikhede is die groep persone wat die wet verontagsaam. Hierdie persone is onwillig om 'n lewe te lei wat aan die normale standaarde en norme gehoorsaam moet wees.

In die aanbieding van voorligting sal die voorligter-onder= wyser met sekere persoonlikheidsprobleme te kampe kry, byvoorbeeld met:

- Leerprobleme, waaronder die onvermoë om te leer, te skryf, wiskundige probleme en spelonvermoë ressorteer.
- Spraakprobleme soos hakkel.
- Slaapprobleme kom by sekere leerlinge voor, soos om in hul slaap te loop en nagmerries te kry.
- Gewoontereaksies soos duimsuig en naelbyt kan ook onder leerlinge voorkom.
- Leuens, diefstal en stokkiesdraai kom dikwels onder swart leerlinge voor.

Dit is belangrik dat die onderwyser hierdie probleme identi= fiseer, want indien die leerling nie betyds gehelp word nie, kan dit tot groter afwykings lei.

4.4.2. <u>Onderwysvoorligting</u>

Uit die Departement van Onderwys en Opleiding se tweede inlig= tingstuk oor Voorligting is 'n mens se hele lewe volgens Horne 'n opvoedingstydperk, en is die lewe self, in al sy fasette die "groot skool". Die onderwyser en die ouer is belangrike skakels in die opvoeding van die leerling.

Dit is belangrik dat die opvoeder 'n verantwoordelike, vol=wasse persoon is wat oor die nodige eienskappe beskik, en wat geroepe voel en gewillig is om sy opvoedkundige taak uit te voer. Dit is nodig dat die leerling wat hom voor=berei vir sy volwasse lewe, opvoeding van die persoon met meer ondervinding deur middel van lesings, voorbeelde en sy eie lewensbeskouing sal ontvang.

Onderwysvoorligting is belangrik vir die leerling om sodoende meer kennis aangaande die waarde van opvoeding, die skool en ander opvoedkundige inrigtings, wat 'n rol kan speel in die latere keuse van 'n beroep, te verkry. Aangesien die mens saam met ander persone leef, onderling met mense skakel en altyd steun op ander persone, is dit belangrik dat sosiale voorligting ook aangebied word. Sodoende word die leerling ingelig aangaande die wyse van optrede in verskillende situa=sies.

4.4.3. Beroepsvoorligting

Volgens die Nasionale Beroepsvoorligtings Assosiasie in Amerika (Departement van Onderwys en Opleiding, Inligting=stuk 3) kan beroepsvoorligting gesien word as die proses waardeur daar hulp aan die individu verleen word om 'n beroep te kies, daarvoor voor te berei, dit te beoefen en om daarin te ontwikkel. Beroepsvoorligting behels meer as die voor=siening van inligting aan leerlinge. Beroepsvoorligting is die proses waardeur leerlinge bygestaan word om hulself te help ten opsigte van die keuse van 'n toekomstige beroep.

Om die nodige leiding aan leerlinge te gee ten opsigte van hul beroepskeuse, is dit nodig om sekere inligting te ver= kry soos:

- Inligting aangaande die leerling se potensiaal deur mid= del van sielkundige toetse, skoolresultate en onderhoude.
- Inligting aangaande verskillende beroepe. Waardevolle inligting kan verkry word uit tydskrifte, koerante, boeke en deur verskillende fabrieke en myne te gaan besoek.

Hierdie inligting kan die voorligter-onderwyser help om leiding aan die leerling te gee om daardie beroep te kies wat die beste by sy talente pas.

Indien alle persone en alle beroepe dieselfde was, sou daar geen sin in beroepsvoorligting gewees het nie. Persone verskil egter ten opsigte van hul vermoëns, belangstellings, uithouvermoë, inisiatief en konsentrasievermoë. In dieselfde mate verskil verskillende beroepe ten opsigte van hul aard en die vereistes wat dit aan persone stel.

'n Spesifieke soort opvoeding en opleiding is daarom nodig vir spesifieke beroepsrigtings. Om hierdie rede is dit nodig dat die leerling reeds op 'n vroeë ouderdom beroeps= voorligting ontvang om hom te help met vakkeuses en studie= rigtings. Voorligting ten opsigte van opvoedkundige inrig= tings, beurse beskikbaar, kursusse wat gevolg kan word, die beskikbaarheid van poste, geleenthede en bevorderingsmoont= likhede, moet ook aan leerlinge gegee word.

Die aanbieding van beroepsvoorligting het al hoe belangriker

geword as gevolg van die tegnologiese ontwikkeling en die hoër lewenstandaard van swartes. Die ingewikkeldheid van die beroepswêreld is duidelik sigbaar as daarop gelet word dat daar in die "American Dictionary of Occupational Titles" meer as 40 000 beroepe voorkom. In Suid-Afrika self bestaan daar soveel beroepe dat dit vir die skoolverlater, wat die beroepswêreld betree, al hoe moeiliker word om die regte beroepskeuse te maak.

## 4.5. DIE TAAK VAN DIE VOORLIGTER-ONDERWYSER

Die taak van die voorligter-onderwyser is goed uiteengesit in die Voorligting-sillabusse van die Departement van Onder=wys en Opleiding*. Die sillabusse is opgestel vir standerd 5, vir standerd 6,7 en 8 en vir standerd 9 en 10. In al drie die sillabusse is die taak van die voorligter-onderwyser op dieselfde wyse soos volg omskryf:

- Die taak van die voorligter-onderwyser is hoofsaaklik opvoedkundig van aard. Benewens die verskaffing van inlig=ting is hy ook gemoeid met die verlening van hulp aan die

---

*1. Suid-Afrika (Rep.) Departement van Onderwys en Opleiding. Sillabus vir Voorligting standerd 5 vanaf 1981. Staats=drukker GPS.(L) 1981, p.1

2. Suid-Afrika (Rep.) Departement van Onderwys en Opleiding. Sillabus vir Voorligting standerd 6,7 en 8 vanaf 1981. Staatsdrukker GPS.(F.L) 1980-81, p.1

3. Suid-Afrika (Rep.) Departement van Onderwys en Opleiding. Sillabus vir Voorligting standerd 9 en 10 vanaf 1981. Staatsdrukker GPS.(F.L) 1980-81, p.1

leerling om in sy lewe rigting te kan vind, en om homself voortdurend te kan oriënteer na gelang van die eise wat ŉ veranderende wêreld aan hom stel.

- Die mate van sukses wat die voorligter-onderwyser behaal, sal grootliks afhang van sy kennis van die voorgeskrewe temas. Die studie van leerlinge as persoonlikhede behels dat die individuele leerlinge bygestaan deur die voorligter= onderwyser, sy belangstellings, bekwaamhede en ander per= soonlikheidstrekke sal ontdek en na waarde skat. Dit kan onder andere by wyse van ŉ ontleding van skolastiese pres= tasietoetse en ander sielkundige toetsresultate geskied, asook deur middel van persoonlike onderhoude en ŉ studie van huislike en omgewingsfaktore.
- Voorligting moet as vak nie anders behandel word as enige van die skoolvakke ten opsigte van die voorbereiding van lesse, werkskemas en inspeksies nie.
- Twee periodes per week moet in standerd 6 en een periode per week in standerds 7 en 8 in elke klas aan groepsvoor= ligting gewy word. Een periode per week moet ook in standerds 5, 9 en 10 aan elke klas gewy word. Waar ŉ leer= ling individuele leiding van die voorligter-onderwyser benodig, byvoorbeeld in verband met sy persoonlike probleme of met die oorweging van ŉ toekomstige loopbaan, moet onder= houde met individuele leerlinge en/of hul ouers in oorleg met die prinsipaal gereël word.
- Probleme wat deur die voorligter-onderwyser met persoon= like leiding en by wyse van individuele onderhoude behan=

del kan word, is van uiteenlopende aard, byvoorbeeld dié wat te doen het met die keuse van vakke, besluite oor inrigtings waar studies voortgesit moet word, persoonlike vaardighede en aanlegte, stokkiesdraaiery, aanpassingsprobleme by die huis of skool en emosionele stremminge. Persoonlike gesprekke bied aan die leerlinge die geleentheid om hulle probleme met vrymoedigheid te bespreek met iemand wat hulle wil help. Daarby moet die leerling deur die voorligter-onderwyser gerusgestel word dat hy 'n simpatieke raadgewer het wat die vertroulikheid van die onderhoude sal bewaar.

## 4.6. DIE KWALIFIKASIES, BESKIKBARE KURSUSSE EN BEVORDERINGSMOONTLIKHEDE VAN VOORLIGTER-ONDERWYSERS

'n Groot probleem vir die werklike suksesvolle implimentering van voorligting in skole is die tekort aan goed-opgeleide onderwysers. Aangesien voorligting eers sedert 1981 ten volle ingestel is, bestaan daar geen onderwysers wat spesifiek opgelei is om voorligting te gee nie. Vanaf 1980 ontvang studente by Onderwyserskolleges opleiding om die vak voorligting aan te bied (Departement Onderwys en Opleiding, Jaarverslag 1980, p.203). Handleidings is ook deur die Departement van Onderwys en Opleiding geskryf vir indiensopleiding van onderwysers wat voorligting in 1981 sal aanbied.

Die Departement van Onderwys en Opleiding doen baie om die kwalifikasies van onderwysers te verbeter en hulle sodoende beter toe te rus vir die taak. Verskeie kursusse word deur

hierdie Departement vir prinsipale en onderwysers aangebied om hul deeglik oor die belangrikheid van voorligting en metodes van aanbieding in swart skole in te lig. Onderwerpe wat tydens hierdie kursusse bespreek word, sluit onder meer persoonlikheidsvoorligting, opvoedkundige sowel as beroeps= voorligting in. Aandag word aan elk van hierdie onderwerpe gegee, maar klem word op beroepsvoorligting geplaas, aange= sien die belangrikheid hiervan vir swart leerlinge terdeë besef word.

Erkenning word reeds aan swart voorligter-onderwysers gegee in soverre daar wel 'n goedgekeurde bevorderingstruktuur in voorligting bestaan. Vir bevordering tot departementshoof (voorligting) sal dit nodig wees dat die bepaalde onderwyser ook in 'n ander vakrigting sterk moet uitstaan. Ander vakke soos byvoorbeeld Geskiedenis, Wetenskap of Tale word hieraan gekoppel aangesien daar tans nog geen onderwyser is, wat oor voldoende voorligtingondervinding beskik om Departementshoof slegs op grond van voorligting te word nie (Onderhoud: Adendorff, 1981).

## 4.7. SILLABUSSE VIR SKOOLVOORLIGTING

### 4.7.1. Algemeen

Sillabusse vir skoolvoorligting in swart skole in Suid-Afrika en die Nasionale state, wat Qwaqwa insluit, is deur die Departement van Onderwys en Opleiding opgestel. Sillabusse vir standerd 5 tot standerd 10 bestaan sedert die begin van

1981.

Op die vakkomitee wat verantwoordelik was vir die opstel van die sillabusse was ook swart verteenwoordigers. Hierdie swart verteenwoordigers was vir die komitee van waardevolle hulp. Hulle was onder andere van mening dat skoolvoorlig= ting anders vir swart leerlinge as vir blanke leerlinge aan= gebied moet word. Dit was nodig geag aangesien swart leer= linge in 'n ander milieu as die blanke leerling grootword en nie oor die nodige beroepsingesteldheid beskik nie (Onderhoud: Adendorff, 1981).

Sedert die begin van 1981 is skoolvoorligting van standerd 6 tot 10 gelyktydig in alle skole ingestel, en vir standerd 5 in 1982. Daar is besluit om voorligting op hierdie wyse in te stel om die voordele wat voorligting bied terselfder= tyd aan alle leerlinge te gee. Die volle effek wat skool= voorligting op leerlinge sal hê, sal werklik eers na ses jaar waarneembaar wees, nadat een groep voorligting van standerd 5 tot standerd 10 ontvang het (Onderhoud: Adendorff, 1981).

Volgens mnr. Adendorff (1981) kom daar baie herhaling in die sillabusse voor aangesien standerd 5 leerlinge nog nie beroepsgerig is nie, maar tog voorligting moet ontvang, omdat baie leerlinge die skool aan die einde van standerd 5 verlaat. Sillabusse is ook reeds vir onderwysersopleiding opgestel.

4.7.2. Die standerd 5 sillabus

Die sillabus vir standerd 5 ten opsigte van voorligting word soos volg ingedeel:

- Die rede waarom voorligting aangebied moet word. Dit is belangrik om aan leerlinge die nodige inligting te ver= skaf ten opsigte van opvoedkundige, persoonlike en beroeps= aangeleenthede.
- Die begrip persoonlikheid wat die mens in sy geheel insluit.
- Die ontwikkeling van 'n gesonde persoonlikheid wat idees soos hoe die leerling homself sien, hoe hy probleme moet hanteer en hoe hy met ander persone moet verkeer, word behandel.
- Die ontwikkeling van belangrike karaktereienskappe, wat onder meer self-dissipline, lojaliteit, opregtheid, ver= antwoordelikheid en die godsdienstige houding, insluit.
- Die ontwikkeling van belangrike sosiale verhoudings. Onder hierdie onderwerp word die beginsels wat nodig is vir 'n goeie verhouding, sosiale aanvaarding, sekere belangrike verhoudings en persoonlike probleme bespreek.
- Aan die besteding van die leerling se vrye tyd word vol= ledig in hierdie gedeelte aandag gegee.
- Die waarde van opleiding. Hier word 'n aantal feite uitge= stip waarom verdere opleiding so belangrik is vir elke mens.
- Begrippe soos die verskil tussen die primêre en sekondêre skool sowel as die begrip skool geniet aandag. Onder die begrip skool word daar in besonderhede gekyk na reëls,

dissipline, gedrag, skoolbywoning en huiswerk.

- Die doel en die gebruik van die biblioteek word volledig in hierdie afdeling bespreek.
- Toetse en eksamens en die redes waarom dit belangrik is word bespreek.
- Lesse twaalf tot veertien handel oor sekere aspekte van beroepsvoorligting. Belangrike aspekte wat in dié gedeelte aandag geniet is onder andere die fasiliteite vir verdere studie, deeltydse studie, en die beplanning van en die geldsake ten opsigte van studie.
- Les vyftien handel oor beroepsvoorligting self. In die gedeelte word die belangrikheid van beroepsvoorligting uitgestip om die beroepskeuse te vergemaklik.
- Les sestien dek die gedeelte oor die wêreld van werk. Dit sluit die verandering wat in die werksituasie plaas= gevind het as gevolg van nuwe uitvindings, sowel as die plekke waar 'n mens kan werk, byvoorbeeld die staatsdiens en industrieë, in. Die salaris wat verdien word en die regte houding teenoor werk word ook in hierdie les bespreek.
- Les sewentien word in drie gedeeltes verdeel. Eerstens gaan dit oor hoe om 'n beroep te kies. Om die regte beroep te kies is daar drie dinge belangrik, naamlik kennis aan= gaande die beroep, die vraag en aanbod van die arbeidsmark en dan die besluit wat geneem moet word. Tweedens word daar gekyk na die inligtingsbronne om selfkennis te ver= kry. Aanlegtoetse kan help om aan te toon of die leerling

die nodige aanleg besit om 'n sekere beroep suksesvol te kan beoefen. Die leerling se skolastiese prestasies is ook 'n belangrike hulpmiddel in die verkryging van self= kennis. Derdens word daar aandag gegee aan die rol van die vrou, waarin daar aangetoon word dat 'n vrou vandag bykans enige beroep kan beoefen indien sy dit graag wil doen.

- Les 18 gee aandag aan die vlakke van indiensneming, waar daar uitgestip word dat die beroepsvlak bepaal word deur die bekwaamheidsvlak en die opleiding wat die beroep ver= eis. Beroepe kan verdeel word in ongeskoold, wat werk soos arbeiders en skoonmakers insluit, semi-ongeskoold, geskoold en professionele beroepe soos mediese dokters en maatskaplike werksters.
- Les 19 handel oor die werk wat daar gedoen word. Hierdie les word in twee dele verdeel. Eerstens word aandag gegee aan die feit dat werk sekere behoeftes van die mens vervul, byvoorbeeld biologiese behoeftes wat kos, klere en huis= vesting insluit, asook sosiale behoeftes, byvoorbeeld om aan 'n groep te behoort. Tweedens word daar aandag gegee aan die bronne waaruit inligting aangaande beroepe verkry kan word. Hierdie bronne is.

  (i) Educamus, wat 'n maandelikse tydskrif is wat artikels ten opsigte van beroepsvoorligting publiseer.

  (ii) "Progress" waarin artikels ten opsigte van beroepe verskyn.

  (iii) Universiteitskalenders, waarin verskillende kursusse

aangetoon word.

(iv) Koerante vir advertensies ten opsigte van beroepe.

(v) Beroepsgidse

- Les 20 gee 'n uiteensetting van die klassifikasie van beroepe. In die eerste gedeelte word daar aandag gegee aan werksgeleenthede. Dit word uitgestippel dat daar vir die leerling wat skool na standerd 5 verlaat, slegs 'n beperkte aantal beroepe is soos huiswerkers, bodes en andere. Tweedens word daar van die onderwyser verwag om 'n studie te maak van die beroepe waarin die klas belangstel. Hierdie beroepe moet dan volledig ontleed word.
- In les 21 word die leerling ingelig hoe om werk te soek en hoe om dan aansoek daarvoor te doen.
- In die laaste les van die sillabus word daar gekyk na die vereistes vir sukses in enige beroep. Eerstens word daar gelet op die werksituasie self, byvoorbeeld die belangrikheid daarvan om die tyd beskikbaar in die werk op die beste wyse te benut, gewilligheid om altyd meer aangaande die werk te leer, bereidwilligheid, en 'n sin van verantwoordelikheid en betroubaarheid. Tweedens word daar gekyk na die verhoudings in die werk, wat behels die verhouding tussen werker en werkgewer , tussen mede-werkers, en met buite-instansies en die publiek.

Uit bogenoemde bespreking van die standerd 5 sillabus blyk dit dat die belangrikheid van beroepsvoorligting in swart skole besef word, en dat hierdie belangrike onderwerp reeds in 'n vroeë stadium van die leerling se skoolloopbaan deeglike aandag geniet.

4.7.3. Die standerd 6 sillabus

Die standerd 6 sillabus maak voorsiening vir dieselfde onder=werpe as die standerd 5 sillabus. In die eerste gedeelte van die standerd 6 leerplan word daar egter meer klem gelê op aspekte soos die verhouding met die onderwyser en die sosiale gedrag van die leerling by die skool. In die tweede gedeelte van die sillabus word daarop gewys dat die beroeps=geleenthede vir leerlinge met standerd 6 nie veel groter as dié vir leerlinge met standerd 5 is nie. In die gedeelte van die standerd 6 sillabus wat voorsiening maak vir beroeps=voorligting word min of meer dieselfde aspekte as in die standerd 5 sillabus gedek. In die standerd 6 sillabus word daar 'n breër uiteensetting van die klassifikasie van beroepe gegee. In dié sillabus word daar van die uitgangspunt uit=gegaan dat beroepe geklassifiseer kan word in beroepsrig=tings volgens gemeenskaplike aktiwiteite (Sillabus standerd 6,7 en 8, 1981, pp.9,10). Die beroepsklassifikasie wat gebruik word is soos volg:

- Tegnies (meganies, elektries en bou-aanverwante beroepe)
- Buitenshuis (bosbou, landbou en visvangs)
- Maatskaplike dienste (verpleging, onderwys en maatskaplike werk)
- Natuurwetenskappe (botanies, aptekerswese)
- Kantoorwerk - nie syferwerk nie (tikwerk en liaseerwerk)
- Musiek (orkesleier, orrelis)
- Kuns (skilder, ballet)
- Handel (verkoopsman, toonbankassistent)

- Tale (skrywer, vertaler, joernalis en tolk)

4.7.4. Die standerd 7 sillabus

Die standerd 7 sillabus behandel dieselfde onderwerpe as die standerd 5 en standerd 6 sillabusse, maar die standerd 7 sillabus is meer uitgebreid as die vorige twee sillabusse. So word daar onder andere in die eerste gedeelte in meer besonderhede ingegaan op besluitneming, byvoorbeeld:

- Die keuse van vriende
- Die keuse van leiers
- Die keuse van vakke
- Die besluitneming oor kursusse

'n Belangrike saak wat onder laasgenoemde punt in die silla= bus (p.11) aangeraak word, is dat dit belangrik is om vroeg= tydig na te dink oor 'n loopbaan. So moet daar gedink word oor verskillende beroepe wat gevolg kan word met standerd 7 as vereiste kwalifikasie sowel as aan die werksoorte waar= voor 'n hoër kwalifikasie benodig word.

Vryetydsbesteding word volgens die sillabus (p.12) ook baie volledig met die standerd 7 leerlinge bespreek. In hierdie gedeelte word daar aan die hand gedoen hoe die vrye tyd van die leerling bestee kan word om daartoe by te dra om die leerling 'n sinvolle lewe te laat voer. Voorbeelde van vrye= tydsbesteding wat gegee word, is:

- ontspanning wat insluit tyd vir drome en bepeinsing.
- fisiese aktiwiteite soos liggaamlike oefening.
- maatskaplike bedrywighede, anders sou die mens geneig wees

tot teruggetrokkenheid.

- deur te lees om die omvang van die leerling se ervaring te verbreed.
- deur museums te besoek waar meer geleer word aangaande die ontwikkeling en vooruitgang van die mens en sy omge= wing.
- stokperdjies byvoorbeeld versamelings, musiek en kuns.

Klem word ook gelê op die belangrikheid daarvan om die regte vakke in standerd 8 te kies wat die leerling in staat sal stel om die beroepskeuse waarin hy belangstel en waarby sy vakke sal aanpas, te kan uitoefen.

### 4.7.5. Die standerd 8 sillabus

Die indeling van die standerd 8 sillabus is bykans dieselfde as dié van die vorige standerds. In die standerd 8 sillabus word daar in die eerste gedeelte, wat meer oor persoonlik= heidsvoorligting handel, op die misbruik van alkohol, tabak en dwelmmiddels en die gevare wat dit vir die leerling kan inhou, klem gelê. In die tweede gedeelte, wat meer oor opvoedkundige en sosiale voorligting handel, val die klem op beplanningsaspekte en geldelike sake. Aspekte wat in hierdie gedeelte gehanteer word, is veral:

- spaarsaamheid
- begroting vir huishoudings
- spaarrekeninge
- kontrakte
- versekering

- belastings
- pensioene (sillabus standerd 6,7 en 8, 1981, p.21).

Faktore wat belangrik is vir verdere studie, sowel as die keuse van skoolvakke word ook deur die standerd 8 sillabus gedek.

In die gedeelte van die sillabus wat meer op beroepsvoorlig= ting ingestel is, word die volgende sake gehanteer:

- Die werk wat ons doen:
  - (i) Werk moet aan ons behoeftes voldoen
  - (ii) Die regte houding moet teenoor werk gehandhaaf word.
- Die vlak van indiensneming. Hier word daarop gewys dat werk verdeel kan word in grade van verantwoordelikheid, naamlik halfgeskoolde en geskoolde beroepe.
- Die klassifikasie van beroepe. In die sillabus vir stan= derd 8 word dit kortlike gehanteer volgens die indeling soos in die standerd 7 leerplan volledig uiteengesit is.
- Bronne waaruit inligting oor beroepe verkry kan word, en die wyse waarop daar aansoek vir werk gedoen kan word, word behandel, (Sillabus, standerd 6,7 en 8, 1981, p.24).

4.7.6. Die standerd 9 sillabus

In die standerd 9 sillabus word daar kortliks aandag gegee aan die ontwikkeling van 'n gesonde persoonlikheid en vrye tye, aangesien hierdie aspekte meer volledig in die vorige standerds behandel is. Aspekte waarop meer klem gelê word in hierdie sillabus is daardie dinge wat die leerling voor=

berei vir 'n bepaalde beroep byvoorbeeld:

- Bronne waaruit selfkennis verkry kan word, byvoorbeeld aanlegtoetse en skolastiese prestasies.
- Vereistes vir sukses in enige beroep. Hieronder word sake soos tydsbewustheid, toewyding aan studie, gewillig=heid, deeglikheid, produktiwiteit, motivering en verant=woordelikheid gehanteer.
- Motivering tot studie en hoe om reg te studeer
- Faktore van belang vir doeltreffende studie in die sekon=dêre skool.
- Toetse en eksamens as vorms van evaluering.
- Bronne waaruit inligting oor beroepe verkry kan word.
- Vlakke van indiensneming
- Klassifikasies en besprekings van beroepe.
- Die keuse van beroepe.
- Die faktore wat die keuse van 'n loopbaan beïnvloed.

In die laaste twee lesings van die standerd 9 sillabus word daar eerstens aandag aan sosiale gedrag wat burgertrots, beskerming van openbare eiendom en gedrag in openbare plekke insluit, gegee. Tweedens word die opvoeding vir leierskap wat die belangrikheid van goeie leierskap beklemtoon, gehan=teer (Sillabus standerd 9 en 10, 1981, p.7).

4.7.7. Die standerd 10 sillabus

Die standerd 10 sillabus verskil in 'n sekere mate van die vorige sillabusse. Hierin word daar veral aandag gegee aan daardie aspekte wat van toepassing is op die toekomstige

skoolverlater. Die verskillende sake wat in die standerd 10 jaar behandel word, is die volgende:

- Bronne waaruit selfkennis verkry kan word. In hierdie afdeling word die waarde van aanlegtoetse en skolastiese prestasies aangetoon in die keuse van 'n beroep.
- Besluitneming. In hierdie gedeelte word die belangrikheid van besluitneming uitgestip, asook die beginsels van besluit=neming.
- Die keuse van 'n huweliksmaat.
- Eksamens. Die maniere van voorbereiding vir die eindek=samen geniet aandag.
- Tersiêre onderwys. Van die aspekte wat in hierdie les bespreek word is die belangrikheid van naskoolse opleiding, die kursusse wat by universiteite en technikons aangebied word en die toelatingsvereistes vir spesifieke kursusse.
- Sosiale gedrag. Die houding teenoor ander, die drag vir spesifieke geleenthede en afsprake geniet in hierdie les aandag.
- Menseverhoudings by die huis en teenoor ander.
- Sosiale verhoudings soos die huwelik.
- Ouerskap. Hier word gedui op aspekte wat in ag geneem moet word voordat 'n ouerpaar met 'n gesin wat emosionele en finansiële faktore insluit, kan begin.

Die volgende aantal lesings (les 10 tot 16) is meer gerig op beroepsvoorligting. Sake wat in hierdie gedeelte gedek word, is onder andere:

- Die werk wat ons doen.

- Bestudering van beroepe waarin die leerlinge van die klas belangstel. 'n Bepaalde skema word aangedui waarvolgens die verskillende beroepe bestudeer kan word.
- Daar word van elke leerling verwag om 'n selfstudie van minstens vier verskillende beroepe te doen.
- Kwalifikasies wat verwerf kan word vir verskillende beroepe.
- Hoe om 'n loopbaan te kies.
- Die metode om werk te vind word bespreek en dan die wyse waarop daar aansoek gedoen word.
- Verhoudings in die werksituasie, tussen werkgewer en werk=nemer, onderling tussen werkers en die skakeling met lede van die publiek.

In die laaste twee lesse word daar aan die volgende twee sake aandag gegee:

- Die kommunikasiemedia. Die radio, televisie en die koe=rant.
- Die misbruik van alkohol, tabak en dwelmmiddels en die gevare wat dit vir die leerling kan inhou.

## 4.8. HANDBOEKE EN HULPMATERIAAL

### 4.8.1. Algemeen

Buiten die goed opgestelde sillabusse waaroor voorligter-onderwysers beskik vir die aanbieding van voorligting, bestaan daar ook 'n werksprogram wat uitstip wat weekliks deur onder=wysers gedoen moet word. Hierdie program vereis egter deeg=like voorbereiding van onderwysers, omdat die programme slegs

sleutelwoorde bevat wat deur die onderwyser self ingekleur moet word.

4.8.2. Die voorgeskrewe handboek

Voordat enige handboek vir voorligting uitgegee word, word dit eers deur die Departement van Onderwys en Opleiding geëvalueer. 'n Standerd 6 handboek bestaan reeds vanaf 1981. Hierdie handboek wat reeds geëvalueer en goedgekeur is deur die Departement van Onderwys en Opleiding is tot die beskik=king gestel van skole. Die Handboek "Active Guidance" se skrywers is G. Engelbrecht, A.B. Fourie en J. von Mollendorf en die uitgewer is De Jager-HAUM. Die handboeke vir stan=derd 5 en 7 is reeds opgestel en is tans (Julie 1981) by die Departement van Onderwys en Opleiding vir evaluering. So sal daar voortgegaan word met die opstel van handboeke vir standerd 5 tot 10 tot almal voltooi is.

Volgens die skrywers van die handboek "Active Guidance" (Engelbrecht, 1981, p.1), wat vir standerd 6 opgestel is, handel die voorligting omtrent die leerling self, en is die voorligtingslesse so opgestel dat dit die leerling sal help in die beplanning van sy eie toekoms. Die vier hoofoogmerke van hierdie handboek is om die leerling te help om homself te ken, (die ontwikkeling van sy vermoëns en bekwaamhede), om sy oogmerke in die lewe te besef (beplan om dit te bereik en om besluite te neem), om ander persone te ken (om met ander persone te kan kommunikeer), en om die nodige feite te ken (om inligting te verkry).

Die handboek is opgedeel in 19 hoofstukke, waar elke hoof= stuk weer onderverdeel is in korter afdelings. Onderwerpe wat in die verskillende hoofstukke bespreek word sluit die volgende in:

- Gesonde persoonlikhede
- Die ontwikkeling van ŉ gesonde persoonlikheid
- Besluitneming
- Persoonlike probleme
- Vryetydsbesteding
- Die waarde van opleiding
- Sosiale gedrag
- Sekere belangrike sosiale verhoudings
- Die skool
- Studiemetodes
- Eksamens en toetse
- Sekondêre skole
- Belangrike opleidingsinrigtings
- Die wêreld van werk
- Die keuse van ŉ beroep

In hierdie handboek word daar aandag gegee aan al die kom= ponente van voorligting, naamlik opvoedkundige-, persoon= likheids- en beroepsvoorligting.

4.8.3. Addisionele handboek

ŉ Belangrike bron van inligting vir die voorligter-onderwyser ten opsigte van beroepsvoorligting is die boek "Loopbaangids" wat in 1981 deur die Departement van Mannekragbenutting in

samewerking met die Mannekrag 2000 projek uitgegee is. In hierdie boek word daar ŉ duidelike uiteensetting en verdui= deliking van bykans elke denkbare beroep gegee. Die boek "Loopbaangids" is gesamentlik in Engels sowel as Afrikaans, en is rasloos en seksloos geskryf. Volgens die skrywers (1981, p.v) is Suid-Afrika se kwellendste probleme op die arbeidsterrein. Die uitgangspunt van die boek is dat die mens, van al die produksiefaktore, die belangrikste faktor is, want "sonder die mens kan kapitaal nie bestee word nie, grondstowwe nie benut word nie en masjinerie nie gebruik word nie". (Mannekragbenutting, 1981, p.v). Vir die ont= wikkeling en die volle benutting van die mannekrag in ons land is dit nodig dat daar baie aandag gegee moet word aan ons jeug, hul opleiding en voorbereiding vir ŉ loopbaan en korrekte beroepskeuse en inskakeling by die wêreld van werk nadat hul skoolopleiding voltooi is. Om ŉ regte beroepskeuse te kan uitoefen is nie alleen selfkennis nodig nie, maar ook ŉ deeglike kennis van beroepe. Hierdie kennis behels ŉ breë kennis van die samestelling van die arbeidsmark en ŉ deeg= like kennis van die besondere beroepsarea waarvoor die leer= ling ŉ aanleg het, waarin hy belangstel en waaruit hy sy beroep gaan kies.

Al hierdie kennis en nog vele meer word op ŉ baie eenvoudige wyse deur hierdie boek, "Loopbaangids", weergegee aan elk= een wat bereid is om die boek te bestudeer. In hierdie boek word daar 232 beroepe volledig bespreek. Elke beroep word onder die volgende hoofde bespreek:

- Aard van die werk
- die eienskappe wat nodig is
- die toetredingsvereistes
- opleiding vir die bepaalde beroep
- vooruitsigte in die werk.

As hierdie boek reg deur beroepsvoorligters in skole gebruik word, sal dit daartoe bydra om die beroepsmobiliteit en dus ook die doeltreffende funksionering van die vrye arbeids= mark te verhoog.

4.8.4. Werksprogramme

'n Werksprogram vir elke standerd van standerd 5 tot standerd 10 is deur die Departement van Onderwys en Opleiding opgestel. Hierdie werksprogram is 'n waardevolle hulpmiddel vir voor= ligter-onderwysers in die aanbieding van hul klasse.

Die werksprogram wat ingedeel is volgens die aantal voorlig= tingsperiodes, bestaan slegs uit sleutelwoorde en/ of frases. Dit is die voorligter-onderwyser se eie verantwoordelikheid om aan die hand van die sleutelwoorde wat tot sy beskikking gestel is, sy les voor te berei met meer besonderhede, inligting en verduidelikings (Departement van Onderwys en Opleiding, Werksprogram standerd 5, p.1).

Nadat daar 'n aantal woorde wat betrekking het op die spesi= fieke les wat aangebied moet word, gegee is, word daar aan die onderwyser 'n aantal bykomende hulpmiddele gegee wat hy in die aanbieding van sy klas kan gebruik. So word daar in

die standerd 5 werksprogram se eerste les aangedui dat die sillabus, die swartbord sowel as die onderwyser se eie ini= siatief nodig is vir die suksesvolle aanbieding van die klas.

Die voorligter-onderwyser het dus in die werksprogram 'n waardevolle hulpmiddel, waarsonder die suksesvolle aanbie= ding van sy voorligtingsperiodes bykans onmoontlik is.

4.8.5. Die inligtingsentrum

'n Belangrike bron van inligting vir die onderwyser kan 'n inligtingsentrum wees wat alle moontlike inligting ten opsigte van beroepe moet bevat. Belangrike bronne in die opstel van so 'n sentrum kan tydskrifte en koerante wees. Veral die Sondagkoerant is 'n waardevolle hulpmiddel wat 'n duidelike beeld gee aangaande die vraag en aanbod van bepaalde beroepe (Onderhoud: Adendorff, 1981). Die biblio= teek kan veral waardevol aangewend word om so 'n inligting= sentrum in te rig.

4.8.6. Films

Films kan 'n baie belangrike hulpmiddel vir die skoolvoorlig= ter wees. 'n Volledige lys van beskikbare films is verkryg= baar by die Departement van Nasionale Opvoeding. Oor die afdeling beroepsleiding alleen bestaan daar 'n lys van 101 films. Hierdie katalogus van films is in nege kategorieë ingedeel, naamlik:

- Algemeen
- Administratief

- Landbou
- Spyseniering
- Handel
- Industrieë
- Tegnies
- Professioneel
- Dienste en beroepe spesifiek in staatsdepartemente.

'n Wye beroepsveld word deur hierdie films gedek.

Films wat onder die afdeling algemeen ressorteer is onder meer onderwerpe oor: kies jou loopbaan, studierigtings en die eienskappe wat nodig is vir sukses in 'n bepaalde beroep. Aangesien elke afdeling beroepe wat sy naam aandui insluit, is die bestel van hierdie films baie eenvoudig. So word daar onder administratief, beroepe ten opsigte van adminis= tratiewe loopbane bespreek, byvoorbeeld in die poskantoor, wat oor verskeie sulke beroepe beskik. In die film word 'n volledige uiteensetting gegee van die vereistes van die bepaalde beroep sowel as die werksomstandighede en bevorde= ringsgeleenthede.

Die beroepe oor landbou word volledig in hierdie afdeling uiteengesit. So bestaan daar 'n film oor landbou-loopbane ook vir die swart gehore, waarin die opleiding van swart studente as landbouvoorligters aan 'n Landboukollege en die moontlikhede van universiteitsopleiding, uiteengesit word.

Films oor industrieë sluit onder meer films in oor elektri= siëns, die boubedryf, grofsmid, die metaalnywerheid, motor=

bedryf en die tegniese loopbane. In elke film word 'n vol=ledige uiteensetting van die vereistes vir die beroep en die werksomstandighede gegee.

Professionele beroepe behels films oor, onder meer, apteker, ingenieur, en maatskaplike werk. So word dit uitgestippel dat maatskaplike werk meer behels as slegs akademiese oplei=ding, maar dat 'n opregte belangstelling en geloof in jou medemens ook nodig is om 'n sukses van so 'n beroep te maak.

Daar bestaan 'n film oor die beroep verpleging, onder die groep dienste, wat 'n beeld gee van die daaglikse roetine, die verskeidenheid van take wat verrig moet word, en die praktiese opleiding en studie.

Die lengte van die meeste films is tien minute en wissel tot dertig minute. Vir die aanbieding van films moet 'n skool oor elektrisiteit en 'n 16mm filmprojektor beskik. Hoe=wel films 'n waardevolle hulpmiddel in die aanbieding van beroepsvoorligting kan wees, bestaan daar ook baie probleme ten opsigte van die gebruik van hierdie metode. Hierdie probleme kom veral in die swart plattelandse skole, wat ver van enige elektriese kragaansluitings geleë is, voor. By swart skole in stedelike gebiede, waar krag wel beskikbaar is, kan films gebruik word om die beroepsvoorligter te help in sy belangrike taak om die swart jeug voor te berei vir hul toekomstige werk.

### 4.8.7. RGN toetse as hulpmiddel

Volgens mnr. M.J. Barnard*, van die Departement van Onderwys en Opleiding kan die Persoonlikheid- en Aanlegprofiel Vrae=lys (1562PBV), soos deur RGN opgestel, waardevolle hulp verleen in beroepsvoorligting. Hierdie vraelys is deur alle swart matrikulante, Qwaqwa ingesluit, voltooi. In hier=die vraelys word daar sekere algemene en belangrike gegewens soos die drie beroepskeuses, in rangorde van voorkeur, en die Junie-maand uitslae van die leerling verlang. Na die verwerking van die vraelyste word daar presies aangetoon watter plek die leerling beklee ten opsigte van die beroep wat hy gekies het. Die vraelys kan die onderwyser help in die selektering van bepaalde groepe vir beroepsvoorligting. So kan die groepe ingedeel word, volgens daardie groep wat 'n goeie kans het om 'n sukses van 'n bepaalde beroep te maak, en dié wat geen kans tot sukses vir daardie spesifieke beroep het nie (Onderhoud: Adendorff, 1981).

### 4.9. AANBEVOLE METODES VAN AANBIEDING

Volgens Inligtingstuk 4 van die Departement van Onderwys en Opleiding (p.14) is dit belangrik dat klasse so aangebied word dat die belangstelling van leerlinge verkry en behou word, aangesien die voorligtingperiode nie 'n eksamenperiode is nie.

---

*Sien onderhoude

Volgens mnr. Adendorff moet klasse met behulp van sillabusse, handboeke en werksprogramme aangebied word. Die metode wat in die aanbieding gebruik moet word, moet een van 'n kombi= nasie van vertel en vraag en aanbod wees. Interessante voorbeelde uit die daaglikse lewe moet deur onderwysers gebruik word om klasse interessant vir leerlinge te maak. Dit is belangrik dat die deelname van die klas verkry word, en deur dit te verkry kan daar van die vraag en antwoord= metode gebruik gemaak word. Elke persoon in die klas moet voel dat hy of sy belangrik is vir die sukses van die klas.

'n Volgende metode wat deur die onderwyser aangewend kan word, is die lesingmetode. Tydens hierdie metode wat nie langer as twaalf minute mag duur nie, praat die onderwyser en die leerling luister. Aangesien hierdie metode geen deelname van die leerlinge verg nie, is dit nie altyd so 'n doeltref= fende metode nie.

Die besprekingsmetode kan ook nuttig in klasse gebruik word. Twee deelnemers is nodig vir hierdie metode, naamlik onder= wyser en leerling, of seun en dogter. Hierdie metode ver= hoog die leerling se vermoë om homself uit te druk en lei tot selfstandigheid en selfkennis.

Take wat deur leerlinge self gedoen moet word, kan 'n nuttige hulpmiddel wees, aangesien die deelname deur leerlinge hoog is, en nuttige beroepskennis sodoende ingewin kan word. Hierdie take kan wissel van 'n geskrewe werksopdrag tot die insameling van brosjures by ondernemings.

## 4.10. DIE METODE VAN REKORDHOUDING

Daar word van voorligter-onderwysers verwag om 'n persoonlike lêer vir elke leerling te hou. Hierdie metode van rekord=houding is uiters belangrik vir 'r suksesvolle voorligtings=aksie en individuele onderhoude. Dit is die klasonderwyser se verantwoordelikheid om toe te sien dat daar 'n lêer vir elke leerling in sy klas geopen is. Die voorligter-onderwyser is die koördinator van al die persoonlike lêers (Departement van Onderwys en Opleiding, Inligtingstuk 4, p.11).

Dit is belangrik dat hierdie persoonlike lêer die volgende inligting moet bevat:

- Kopieë van briewe soos aan ouers geskryf en van hulle terugontvang
- Alle persoonlike prestasies
- Toets en eksamenuitslae
- Kopieë van alle onderhoude gevoer
- Straf toegedien
- Getuigskrifte en gestandaardiseerde toetsresultate
- Alle ander belangrike inligting, rakende die leerling
- Alle negatiewe inligting word na positiewe bewyslewering vernietig, sodat die kind met 'n skoon lêer kan begin.

'n Onderhoudboek moet deur die voorligter-onderwyser gehou word, waarin alle onderhoude met leerlinge gevoer, kortliks aangeteken moet word. Inligting wat aangeteken moet word, is:

- Tyd, datum en doel van die onderhoud

- Belangrike sake en inligting ingewin tydens die onderhoud
- Besluite en oplossings waartoe daar gekom is (Onderhoud: mnr. Adendorff, 1981).

## 4.11. TOETSING EN EVALUASIE

Volgens die Jaarverslag van die Departement van Onderwys en Opleiding, 1980 (p.201), is die Aanlegtoetsprogram vir skool=beginners uitgebrei en is daar 45 000 leerlinge by 450 skole getoets. Hierdie toets word toegepas om die skoolgereedheid van leerlinge vas te stel en vir die daarstelling van homo=gene klasindelings. Skolastiese aanlegtoetsbatterye is vir standerds 2 en 3 en standerds 4 en 5 op 'n beperkte skaal toe=gepas.

TABEL 4.1 DIE OMVANG VAN DIE TOETSPROGRAMME

| Program | Vlak | Skole | Leerlinge |
|---|---|---|---|
| Aanlegtoets vir skoolbe=ginners (ASB) | Sub A | 450 | 45 000 |
| Skolastiese Aanlegtoets=battery (SATB) | St. 8 | 510 | 68 000 |
| Aanlegtoetsbattery (ATB) Verbale Redenering | St. 6 | 160 | 11 200 |
| St. 10-voorligtingsprojek | | | |
| Akademiese Aanlegtoets Beroepsbelangstellings=vraelys | St. 10 | 281 | 29 922 |
| Hoërskool-persoonlikheids=vraelys | | | |
| Eksperimentele en ander werk | St.1 tot St.10 | ±450 | ±18 000 |

Bron: Departement van Onderwys en Opleiding, Jaarverslag, 1980, p.203.

'n Verbale Redeneringstoets vir standerd 6 leerlinge is op 'n prestasiebasis by geselekteerde skole toegepas.

'n Skolastiese Aanlegtoetsbattery vir standerd 8 leerlinge is landswyd afgeneem met die doel om onderprestasies aan te dui sowel as die standaard van onderrig.

Op standerd 10 vlak is die voorligtingsprogram by alle skole geïmplementeer (1980). 'n Gerekenariseerde beroepsvoorlig= tingsprogram vir standerd 10 leerlinge is by 281 skole op 29922 leerlinge toegepas. Tabel 4.1 weerspieël die omvang van die toetsprogramme.

Toetse wat eksperimenteel toegepas is, is die volgende: Die aanvangsevaluasietoetse in Wiskunde, Afrikaans en Engels en Vakprestasietoetse vir standerd 5 in ses vakke, naamlik Afrikaans, Engels, Wiskunde, Algemene Wetenskap, Geskiedenis en Aardrykskunde. Die individuele intelligensietoets is vir 1980 eksperimenteel op Zoeloesprekende leerlinge toegepas.

Volgens Mnre. Leeuw en Monei, inspekteurs Sielkundige dienste in Qwaqwa word daar 'n hele aantal toetsprogramme, soos opge= stel deur die RGN, toegepas in Qwaqwa.

So bestaan daar vir standerd 10 die Akademiese Aanlegtoets (AAT), twee beroepsbelangstellingsvraelyste, die persoonlik= heidsvraelys vir hoërskole en die BB (beplande beroepe) vrae= lys. Al hierdie toetse word deur die afdeling Sielkundige dienste afgeneem. Die antwoordblaaie word dan aan die RGN gestuur vir nasien en ontleding. Vervolgens sal daar kort=

liks na sekere van die toetse en vraelyste gekyk word.

Die beroepsbelangstellingsvraelys vir leerlinge in Vorms I - V* waarvan die toetsopsteller T.M. Coetzee (1974) is, is deur die Instituut vir Psigometriese Navorsing van RGN in 1974 uitgegee. Die doel met hierdie vraelys is om die leerlinge se belangstelling in 'n aantal algemene aktiwiteite of beroepe te meet. Die vrae in die vraelys bestaan uit stellings oor verskeie aktiwiteite of beroepe. Die vrae moet op 'n aparte antwoordblad beantwoord word. Die leer=ling moet die vrae soos volg beantwoord; as hy daarvan hou, merk hy L; as hy nie kan besluit nie, merk hy I; as hy nie daarvan hou nie, merk hy die D op die antwoordblad. Vrae wat gevra word, sluit onder meer in; "Sal jy daarvan hou om die volgende te doen, Masjinerie met die regte gereedskap herstel, briewe tik, probleme van arm kinders oplos" en so meer (Coetzee, 1974, p.6). 154 soortgelyke vrae word in die vraelys gevra.

Die Akademiese aanlegtoets (Vorm V) (AAT), wat ook deur die Instituut vir Psigometriese Navorsing van die RGN opgestel is in 1974, is in 1979 herdruk. Hierdie aanlegtoets bestaan uit tien toetse, wat soos volg verdeel word:

- Toets 1. Nie-verbale redenering word in twee dele verdeel, naamlik Figuurreekse en Patroonvoltooiing. Die vrae oor

---

*Sommige lande noem standerd 6 tot 10 vorm I tot V

figuurreekse, bestaan uit vier figure wat ŉ reeks vorm. Uit vyf moontlike antwoorde moet dan die een gekies word wat die vyfde figuur in die reeks sal vorm. Die toets ten opsigte van patroonvoltooiing bestaan uit blokke vierkantjies, wat so gerangskik is dat dit dwars en af ŉ sekere patroon vorm. Uit ŉ aantal moontlike antwoorde moet dan dié gesoek word wat in die genommerde spasies sal pas om die patroon te vol=tooi.

- Toets 2. Verbale redenering. Hierdie toets bestaan uit woorde en sinne, byvoorbeeld "watter woord pas die minste by die ander vier? A. Stoel, B. Tafel, C. Bed, D. Huis, E. Klerekas" (Minnie , 1974, p.13). Uit die vyf moontlikhede moet dan die korrekte antwoord gekies word. Die toets bestaan uit 33 vrae.
- Toets 3 is ŉ Engelse woordeskattoets waarin ontbrekende woorde ingevul moet word. Die toets bestaan uit 33 vrae.
- Toets 4 is ŉ Engelse lees-begripstoets. Elke vraag bestaan uit ŉ geskrewe gedeelte, waaroor ŉ aantal vrae gestel word.
- Toets 5 is ŉ getalbegripstoets. Die vrae lyk soos volg; 90 - 34 = A.46, B.56, C.54, D.43, E.66 (Minnie, 1974, p.44). Uit bogenoemde vyf antwoorde moet die regte een dan gesoek word.
- Toets 6 is ŉ Afrikaanse woordeskattoets en toets 7 is ŉ Afrikaanse leesbegripstoets.
- Toets 8 is ŉ toets oor vierkante. Uit ŉ moontlike 5 figure moet die twee gesoek word wat saam ŉ vierkant vorm.
- Toets 9 is ŉ toets oor ruimtelike waarneming. Elke vraag

bestaan uit ses blokkies waarvan een van die laaste vyf blokkies net soos die eerste een lyk. Die blokkie wat net soos die eerste een lyk moet dan gesoek word.

- In toets 10 word die wiskundige bekwaamheid van die leer=ling getoets. Die 33 vrae sluit vrae oor algebra en meet=kunde in.

Vir standerd 8 bestaan daar ook 'n aanlegtoets, wat bekend staan as "7 Tests" wat deur Qwaqwa toegepas word op leer=linge. So bestaan daar ook vir standerd 5 en 6 leerlinge sekere aanlegtoetse wat toegepas word op leerlinge in Qwaqwa. Al die toetse wat tans in Qwaqwa in gebruik is, is opgestel deur die RGN.

## 4.12. INSPEKSIE EN KONTROLE VAN DIE VOORLIGTINGSDIENS

Alvorens voorligting in swart onderwys ingestel kon word, moes 'n kursus aangebied word deur die Departement van Onder=wys en Opleiding, waar prinsipale deeglik ingelig is aan=gaande die belangrikheid van skoolvoorligting en gemotiveer is om hul volle samewerking te gee om van die voorligtings=diens 'n sukses te maak.

Vir die sukses van voorligting op skool is dit uiters belang=rik dat elke lid op die personeel die belangrikheid van voor=ligting moet besef en sy deel bydra om dit 'n sukses te maak. Volgens Inligtingstuk 4 van die Departement van Onderwys en Opleiding (p.1) behels die betrokkendheid van elke lid van die personeel die volgende:

Voorligter-onderwyser

- Verantwoordelik vir die algemene beplanning van voorlig= ting
- Die voorbereiding van klasse
- Die aanbieding van voorligting
- Onderhoude voer met leerlinge
- Koördinasie van persoonlike lêers en kumulatiewe rekord= kaarte.

Klasonderwyser

- Verantwoordelik vir klasregister en rapporte
- Maak notas van afwesighede
- Maak notas van laatkomelinge
- Gee deeglike aandag aan eksamenuitslae en verbetering of verswakking van resultate
- Bogenoemde feite moet onder die aandag van die voogonder= wyser, vakonderwyser, voorligter-onderwyser, departements= hoof en in uiterste gevalle die prinsipaal gebring word.

Vakonderwyser

- Notas maak van afwesighede en laatkomelinge
- Klasdeelname deur individuele leerlinge aantoon
- Beantwoording van vrae
- Mate van belangstelling en gemotiveerdheid
- Toets- en eksamenuitslae.

Departementshoof

- Moet reageer as iets onder sy aandag gebring word
- Spesiale aandag gee aan ernstige gevalle

- Probleme bespreek met vak-, klas- en voorligter-onderwyser
- Raad gee aan junior onderwysers
- Verwys na prinsipaal indien nodig.

Voogonderwyser

- Behels baie meer as die klasonderwyser wat ŉ register hou
- Verteenwoordig die ouer
- Daar moet slegs 20-25 leerlinge onder hom wees
- ŉ Leerling kry ŉ voogonderwyser as hy die skool betree, en behou hom tot die leerling die skool verlaat
- Hy moet belangstelling toon in die ontwikkeling en welsyn van elke leerling onder hom
- ŉ Vriendelike verhouding moet opgebou word met die leer=linge.

Prinsipaal

- Hy is die hoof voorligter-onderwyser
- Soms moet hy hom persoonlik bemoei met moeilike voorlig=tingsklasse
- Hy moet die hele skool se voorligtingsaksie koördineer.

Volgens die Inligtingstuk 4 (p.17) van die Departement van Onderwys en Opleiding sal inspeksiebesoeke aan voorligter-onderwysers vir die eerste aantal keer gerig wees op indiens=opleiding en om onderwysers van advies te bedien. Alle skole sal eerstens vir hierdie doel besoek word en later vir inspek=sie self.

Inspeksie sal veral daarop gerig wees om te sien in hoe ŉ mate onderhoude gevoer word. Die onderhoudboek en persoon=

like lêers van elke leerling sal geïnspekteer word. Daar sal op gelet word in watter mate elke lid van die personeel deelneem aan voorligtingsprogramme. Sodoende sal die aktiewe deelname van die hele skool met betrekking tot die voorlig=tingsaksie, deur die inspekteur geëvalueer word.

Die Departement van Onderwys en Opleiding sal deeglik op hoogte gehou word aangaande die stand van voorligting in skole.

4.13. GEVOLGTREKKING

Dit is duidelik dat die Departement van Onderwys en Oplei=ding reeds veel vermag het om skoolvoorligting van 'n regma=tige posisie in die swart skole te verseker. Aangesien skoolvoorligting eers vanaf 1981 ten volle ingestel is, kon die suksesse daarvan nog nie in die praktyk gemeet word nie.

Wat die teoretiese grondslae en voorbereiding tot die instel=ling van skoolvoorligting betref, bestaan daar reeds volle=dig opgestelde sillabusse, inligtingstukke, werkskemas en 'n handboek vir standerd 6. Daadwerklike pogings word aange=wend om 'n volledige reeks handboeke gereed te kry. 'n Goed-georganiseerde struktuur bestaan ook reeds.

Die sukses van hierdie poging sal afhang van die suksesvolle implementering van hierdie nuwe en relatief onbekende rig=ting. Die prinsipale en personeel van die verskillende skole het 'n groot verantwoordelikheid om hierdie goed-beplande

projek suksesvol van stapel te stuur.

Indien die voorligtingperiode weer gaan swig voor eksamen=vakke soos in so baie lande reeds gebeur het, sal dit hier=die grootse poging jammerlik laat faal. Die voorligting=periode mag nooit as 'n huiswerkperiode of 'n periode waarin 'n onderwyser sy agterstallige werk kan inhaal, gesien word nie. Dit sal 'n onreg teenoor die leerling wees omdat hy ook smag na inligting wat sy toekoms direk raak. Die prinsi=paal moet waak dat hierdie situasie nooit sal ontwikkel nie.

Die feit dat die sillabusse vir die verskillende standerds oorvleueling toon, kan moontlik bevraagteken word. Die redes wat hiervoor aangevoer word, naamlik dat voorligting eerstens in alle standerds gelyktydig ingevoer word en twee=dens dat baie leerlinge die skool na standerd 5 en ook na standerd 8 verlaat, blyk aanvaarbaar te wees op die korter termyn. Indien die eerste groepe leerlinge die skool ver=laat het, skyn die eerste rede na sowat ses jaar nie meer geldig te wees nie.

Die sillabusse gee wel aandag aan al drie die kategorieë van skoolvoorligting naamlik persoonlikheids-, onderwys- en beroepsvoorligting. Daar moet gewaak word teen die oor=beklemtoning van persoonlikheidsvoorligting ten koste van beroepsvoorligting. Prinsloo (1955, p.17) beweer dat die toediening van toetse na die twee wêreldoorloë geensins as voldoende vir beroepsvoorligting beskou moet word nie. Vol=gens hom het beroepstoetse waarde, maar ook hul beperkings,

en dat dit nie die alfa en omega van beroepsraadgewing is nie. Volgens Prinsloo berus beroepsvoorligting op 'n gron= dige studie van sowel die persoon as die beroep.

Beroepsvoorligting moet ten alle tye sy regmatige plek naas persoonlikheids- en onderwysvoorligting kry. Persoonlik= heids- en onderwysvoorligting kan eerder as ondersteunende dienste vir suksesvolle beroepsvoorligting beskou word. Sonder die suksesvolle deurvoering van eersgenoemde twee tot op die beroepsvoorligting vlak, sal al die arbeid wat daarin gesit word, van min waarde wees. Die besluit van 'n leerling om sekere vakke op skool te neem, word dikwels beïnvloed deur die beroep wat hy eendag wil volg. Met hierdie toekoms= tige beroep in die oog, word ook sy belangstelling en per= soonlike aktiwiteite beïnvloed. Dit is derhalwe nie regver= dig dat beroepsvoorligting dikwels 'n derde of selfs geen plek gegun word nie. 'n Eerste plek sou in sommige gevalle meer aanvaarbaar wees omdat 'n toekomstige beroep as doel= wit sin, betekenis en rigting aan die leerling se aktiwi= teite en sy vakkeuse op skool verleen.

Beroepsvoorligting kan met behulp van 'n gids soos die Manne= krag 2000 se Loopbaangids deur selfs ongekwalifiseerde onderwysers gegee word. Deur middel van die vertel en selfs voorleesmetode kan aan die leerlinge waardevolle inligting verskaf word. Persoonlikheidsvoorligting en onderwysvoorlig= ting daarenteen vereis meer gespesialiseerde kennis. Met die huidige situasie, waar min opgeleide voorligter-onderwy=

sers beskikbaar is en die leerlinge oor min kennis beskik, sou die skoolvoorligtingperiode waardevol aangewend kon word vir beroepsvoorligting.

# HOOFSTUK 5. DIE BEROEPSVERWAGTINGS, -VOORKEURE EN -KENNIS VAN SENIOR LEERLINGE IN QWAQWA

## 5.1. ALGEMEEN

Die voorligtingstelsel van Onderwys en Opleiding soos in hoofstuk 4 bespreek, geld ook vir Qwaqwa, nieteenstaande Qwaqwa eers in 1981 'n afdeling sielkundige dienste gekry het. Skoolvoorligting word nog nie op 'n gestruktureerde wyse in die skole van Qwaqwa aangebied nie, aangesien daar op hierdie stadium meer aandag gegee word aan die opleiding van voorligter-personeel. Die voordeel hiervan vir doelein= des van hierdie studie is dat skoolvoorligting derhalwe nog nie die beroepsverwagtings, -voorkeure en -kennis van leer= linge kon beïnvloed het nie.

In hierdie hoofstuk sal die beroepsverwagtings van leerlinge ondersoek word aan die hand van die literatuurstudie in hoofstuk 2. Aansluitend hierby leen die vraelys hom ook daartoe om die voorkeure van leerlinge te ondersoek. Die voorkeure van leerlinge ten opsigte van praktiese, kommuni= katiewe en teoretiese beroepe sal in verband gebring word met hul huidige beroepskeuse. Ook hieruit kan die graad van realisme in hul beroepsverwagtings afgelei word.

Die beroepskennis van leerlinge is aan die hand van vier vrae wat elk drie beroepe dek, getoets. Hierdie afdeling is nodig in soverre die kennisvlak van leerlinge 'n aanduiding kan gee van die tipe oriëntering wat van waarde sal wees.

Daar word eerstens aandag gegee aan die kennis van leerlinge aangaande sekere beroepe, waar die klem op die beroep geplaas sal word. Die beroepskennis van leerlinge volgens die keuse uitgeoefen sal in die tweede plek ondersoek word, dit wil sê met die klem op die leerling se keuse.

Qwaqwa is 'n relatief klein land, ook wat betref sy leerling= getalle. Van die sowat 5 miljoen swart leerlinge in Suid-Afrika (die TBV-lande ingesluit*) behoort slegs 69618 leer= linge in 1981 tot Qwaqwa. Hiervan was 33619 seuns en 35999 dogters. Die leerlinginskrywings vir standerd 8 het in 1981 op 2069 leerlinge te staan gekom, met slegs 1231 leerlinge in standerd 10 (NEOB ongepubliseerde statistiek, 1981).

Die vraelys is deur 380 standerd 8 leerlinge ingevul. Sowat 21 vraelyste was onbruikbaar omdat hulle eksamenuitslae nie beskikbaar was nie. Die 359 vraelyste verteenwoordig der= halwe 'n steekproef van 17,6 persent. Van die 359 leerlinge was 109 seuns en 250 meisies.

Die vraelys aan standerd 10 leerlinge is deur 338 leerlinge ingevul. Vyf en twintig van hierdie leerlinge se eksamen= uitslae was nie beskikbaar nie. Die 313 vraelyste gebruik verteenwoordig 'n steekproef van 25,4 persent. Die 313 leer= linge het bestaan uit 132 seuns en 181 dogters.

Soos reeds genoem, is elke vraelys deur navorser en

---

*Die TBV-lande is Transkei, Bophuthatswana en Venda

helpers* persoonlik in die teenwoordigheid van die leerling gekontrolleer voordat dit ingeneem is. Geen vraelys was daarom as gevolg van onvolledigheid onbruikbaar nie.

Die skole in Qwaqwa wat besoek is, is Makabelande Senior Sekondêre skool wat in die stedelike gebied van Phuthaditjaba geleë is, Sekgutlong Senior Sekondêre skool wat 'n kosskool is, en Tshibollo Senior Sekondêre skool wat op die platte=landse gebied naby die Elizabeth Ross-hospitaal en die NG sendingstasie geleë is.

## 5.2. DIE BEROEPSVERWAGTINGS VAN LEERLINGE SOOS WEERSPIEëL IN HUL BEROEPSKEUSE

### 5.2.1. Die amptelike klassifikasie van beroepe

Beroepe kan op verskillende maniere geklassifiseer word. Die mees algemene indeling is die indeling wat deur die Departement van Statistiek gebruik word. Hierdie indeling bestaan uit 9 afdeling, te wete:

- Professionele, tegniese en verwante werker
- Administratiewe en bestuurswerker
- Klerklike en verwante werker
- Verkoopswerker
- Dienswerker
- Plaas- en bosbouwerker, visser en jagter
- Produksie- en vervoerwerker en arbeider

---

*Die onderwysbeplanner en die twee inspekteurs vir sielkun=dige dienste van Qwaqwa.

- Werkers nie-klassifiseerbaar volgens beroep
- Persone nie-ekonomies bedrywig (S.A. (Rep.) Bevolkingsensus 1970, 1976, pp. 1 - 15).

In Tabel 5.1 is die beroepe soos deur standerd 8 en 10 leerlinge gekies so ver moontlik volgens die amptelike klassifikasie ingedeel. Die twee afdelings, klerklike en verwante werker en verkoopswerker is in die tabel saamgevoeg omdat dié twee groepe uit die beroepskeuses van die leerlinge moeilik onderskeibaar was.

TABEL 5.1 QWAQWA, 1981, DIE AMPTELIKE KLASSIFIKASIE VAN SENIOR LEERLINGE (STANDERD 8 en 10)

| Beroepskeuse / Indeling | Standerd 8 | | Standerd 10 | | TOTAAL | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| Professioneel, tegnies en verwante werker | 282 | 78,6 | 256 | 81,8 | 538 | 80,1 |
| Natuurwetenskaplike | 3 | 0,8 | 0,0 | 0,0 | 3 | 0,5 |
| Ingenieur | 8 | 2,2 | 7 | 2,2 | 15 | 2,2 |
| Medies en tandheelkunde | 142 | 39,6 | 132 | 42,2 | 274 | 40,7 |
| Rekenmeester | 6 | 1,7 | 29 | 9,3 | 35 | 5,2 |
| Regsgeleerde | 8 | 2,2 | 11 | 3,5 | 19 | 2,8 |
| Onderwyser | 76 | 21,1 | 42 | 13,4 | 118 | 17,6 |
| Landmeter | 0 | 0 | 1 | 0,3 | 1 | 0,2 |
| Godsdienswerker | 0 | 0 | 4 | 1,3 | 4 | 0,6 |
| Tegnies | 16 | 4,5 | 7 | 2,2 | 23 | 3,4 |
| Ander (Maatskaplik) | 23 | 6,4 | 20 | 6,4 | 43 | 6,4 |
| Omroeper | 0 | 0,0 | 3 | 1,0 | 3 | 0,5 |
| Klerklike, verwante, en verkoopswerkers | 49 | 13,7 | 39 | 12,5 | 88 | 13,1 |
| Dienswerker | | | | | | |
| Beskermende dienswerker | 13 | 3,6 | 7 | 2,2 | 20 | 2,9 |
| Plaas- en Bosbouwerker | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 |
| Produksie- en Vervoerwerker | | | | | | |
| Messelaar, Skrynwerker | 6 | 1,7 | 4 | 1,3 | 10 | 1,5 |
| Ander (nie indeelbaar) | 9 | 2,5 | 7 | 2,2 | 16 | 2,4 |
| TOTAAL | 359 | 100,0 | 313 | 100,0 | 672 | 100,0 |

Uit Tabel 5.1 blyk dit dat 80,1 persent van die standerd 8 en 10 leerlinge onder beskouing, beroepe in die professio= nele groep gekies het. Hiervan het slegs 3,4 persent teg= niese beroepe gekies. Die tendens om professionele beroepe te kies het sterk toegeneem van standerd 8 na standerd 10. Van die standerd 8 leerlinge het 78,6 persent professionele beroepe gekies, terwyl 81,8 persent standerd 10 leerlinge professionele beroepe gekies het. Volgens die 1970 sensus (tabel 5.2) beklee slegs 5119 Suid-Sotho met 'n kwalifikasie

TABEL 5.2 SUID-SOTHO, 1970, BEROEPSINDELING VAN PERSONE MET 'N STANDERD 8 EN HOëR KWALIFIKASIE

| Beroep | Manlik | Vroulik | TOTAAL | % van ekon. bedr. | % van TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|
| 1.*Professioneel | 2056 | 3063 | 5119 | 27,4 | 19,7 |
| 2. Administratiewe + bestuurswerker | 13 | 3 | 16 | 0,1 | 0,1 |
| 3. Klerklike en Verwante werker | 2916 | 431 | 3347 | 17,9 | 12,9 |
| 4. Verkoopswerker | 770 | 331 | 1101 | 5,9 | 4,2 |
| 5. Dienswerker | 1011 | 1660 | 2671 | 14,3 | 10,3 |
| 6. Plaas- en bosbouwerker | 410 | 246 | 656 | 3,5 | 2,5 |
| 7. Produksie- en Vervoerwerker | 3410 | 840 | 4250 | 22,8 | 16,4 |
| 8. Werkers nie klassifiseerbaar | 575 | 942 | 1517 | 8,1 | 5,8 |
| TOTAAL EKON. BEDRYWIG. | 11161 | 7516 | 18677 | 100,0 | |
| 9. Nie-ekonomiese bedrywighede | 2702 | 4590 | 7292 | | 28,1 |
| TOTAAL | 13863 | 12106 | 25969 | | 100,0 |

*Indeling gedoen volgens die 9-punt indeling van die Dept. van Statistiek

Bron: Suid-Afrika (Rep.), Bevolkingsensus 1970, nr. 02-02-05, pp. 54 - 57.

van standerd 8 en hoër professionele beroepe. Hierdie getal verteenwoordig slegs 19,7 persent van alle Suid-Sotho uit hierdie groep en 27,4 persent van alle Suid-Sotho wat ekono= mies-bedrywig is uit hierdie groep, dit wil sê met 'n kwali= fikasie van standerd 8 en hoër. Sommige van die toetreders tot professionele beroepe het oor veel meer as slegs 'n stan= derd 8 of standerd 10 kwalifikasie beskik (S.A. (Rep.), Bevolkingsensus 1970, nr. 02-02-05, 1976, pp. 55 - 58). Die sensussyfers van 1970 is gebruik omdat die 1980-sensussyfers nog nie beskikbaar was nie. Die situasie kon sedert 1970 verander het.

Hierdie duidelike verskil in die verwagtings van leerlinge met standerd 8 en hoër ten opsigte van professionele beroepe, en die werklike toetrede tot hierdie groep beroepe, toon aan dat daar 'n mate van onrealisme in hul verwagtings te bespeur is.

Perry (n.d. p.82) se navorsing oor die Kleurlinge en Indiërs se begeertes en verwagtings toon presies dieselfde tendens, naamlik dat hul 'n groter voorkeur aan wit-boordjie en pro= fessionele beroepe gee.

Wat nog meer onrealisties is, is die feit dat 40,7 persent van standerd 8 en 10 leerlinge mediese en tandheelkundige werkers wil word. Hierdie verwagting neem verder toe van standerd 8 tot standerd 10. In standerd 8 wou 39,6 persent hierdie beroep volg, terwyl onder die standerd 10 leerlinge

42,2 persent 'n verwagting gekoester het om die beroep medies en tandheelkunde te volg. Die werklike toedrag van sake is dat slegs 9,5 persent van alle swartes wat oor 'n kwalifi= kasie van standerd 8 of hoër beskik in 1970, uiteindelik hierdie beroep gevolg het (S.A. (Rep.), Bevolkingsensus 1970, nr. 02-05-11, pp.265, 274, 275, 284).

Die beroepsverwagtings ten opsigte van klerklike en verwante werker en verkoopswerker van die senior leerlinge in Qwaqwa is nie besonder hoog nie. Slegs sowat 13,1 persent wil hier= die beroep volg. Van die ekonomies-bedrywige Suid-Sotho beoefen 23,8 persent uiteindelik hierdie beroep (tabel 5.1 en 5.2) wat behels dat die verwagtings hier heelwat laer is.

In die kategorie beskermende dienswerker, wil slegs 2,9 per= sent van die senior leerlinge in Qwaqwa hierdie beroep volg, terwyl 14,3 persent van die Suid-Sotho met 'n kwalifikasie van standerd 8 en hoër in 1970 tot hierdie beroep behoort het (tabel 5.1 en 5.2).

Betekenisvol is die feit dat geeneen van die senior leer= linge in Qwaqwa wat ondervra is, hoegenaamd belangstel in 'n landboukundige rigting nie. Niemand wil die beroep van plaas- of bosbouwerker volg nie, terwyl 3,5 persent van die ekonomies-bedrywige Suid-Sotho met 'n kwalifikasie van stan= derd 8 en hoër wel in hierdie beroep staan (tabel 5.1 en 5.2).

Die feit dat baie min leerlinge met 'n standerd 8 en hoër kwalifikasie in blou-boordjie werk belangstel, word gestaaf

deur die feit dat slegs 1,5 persent in die beroep produksie- en vervoerwerker belangstel. Die onrealistiese teenkanting teen hierdie beroepe word duidelik weerspieël deur die feit dat 'n relatief groot persentasie (22,8 persent) van die Suid-Sotho met standerd 8 en hoër, in die praktyk tot hierdie beroep toetree (tabel 5.1 en 5.2).

### 5.2.2. Die beroepsverwagtings volgens rangorde van belang=rikheid vir die standerd 8 en 10 stadia

Die beroepsverwagtings volgens rangorde van belangrikheid soos weerspieël in die beroepskeuse van leerlinge, word in tabel 5.3 vir standerd 8 en in tabel 5.4 vir standerd 10

TABEL 5.3 QWAQWA, 1981, DIE BEROEPSVERWAGTINGS VOLGENS RANGORDE VAN BELANGRIKHEID, STANDERD 8 LEERLINGE

| Beroep | Getal | % |
|---|---|---|
| Verpleegster | 114 | 31,8 |
| Onderwyser | 76 | 21,2 |
| Klerklik en Verwant | 49 | 13,6 |
| Mediese Dokter | 28 | 7,8 |
| Maatskaplike Werk | 23 | 6,4 |
| Tegnikus | 16 | 4,5 |
| Polisie en Verkeer | 13 | 3,6 |
| Ingenieur | 8 | 2,2 |
| Regsgeleerde | 8 | 2,2 |
| Rekenmeester | 6 | 1,7 |
| Elektrisiën | 4 | 1,1 |
| Wetenskaplike | 3 | 0,8 |
| Ambagsman | 2 | 0,6 |
| Ander | 9 | 2,5 |
| TOTAAL | 359 | 100,0 |

leerlinge* verskaf.

In hierdie tabelle is daar nie streng by die amptelike klas=sifikasie van beroepe gehou nie, aangesien 'n beter beeld uit die oorspronklike beroepskeuse, soos deur die leerlinge gemaak, verkry kon word. Soos in afdeling 5.2.1 bewys, was die beroepskeuses grotendeels professioneel en daarom sal daar voorts van die beroepsbenaminge soos deur leerlinge verstrek, gebruik gemaak word.

Wat die standerd 8 leerlinge betref (tabel 5.3) het die beroep verpleegster die hoogste prioriteit geniet (31,8 per=sent). Volgens rangorde van belangrikheid is die beroep verpleegster, wat die standerd 10 leerlinge betref ook heelbo aan die lys met 24,9 persent (tabel 5.4). Hoewel die beroep verpleegster die hoogste prioriteit by beide standerds geniet het, was daar persentasiegewys 'n merkbare afname onder die standerd 10 leerlinge. Waar ongeveer een derde van die standerd 8 leerlinge verpleegster wou word, het slegs 'n kwart van die standerd 10 leerlinge die beroep van verpleeg=ster gekies.

Tweede op die beroepsrangordelys van sowel standerd 8 as standerd 10 leerlinge was die beroepskeuse dié van onderwyser. Waar 21,2 persent van die standerd 8 leerlinge onderwyser wou word, het slegs 13,4 persent van die standerd 10 leerlinge

---

*Omdat geslagsverskille die rangorde kan beïnvloed is 'n ontleding ten opsigte van die beroepsverwagtings volgens geslag in afdeling 5.2.6 hanteer.

hierdie beroep gekies (tabel 5.3 en 5.4). Tabel 5.3 en 5.4 kon nie saamgevoeg word nie aangesien die rangorde van beroepskeuse van standerd 8 en 10 leerlinge verskil. Dit is duidelik dat baie minder standerd 10 leerlinge as standerd 8 leerlinge die beroep van onderwyser wil volg. Die aankon=diging van die Minister van Onderwys en Opleiding, dr F. Hartzenberg (SAUK nuusberig, 1.15 nm, 21 Oktober 1981) dat die toelatingskwalifikasie van swart leerlinge tot onder=wyserskolleges van standerd 8 na standerd 10 in 1982 opge=skuif sal word, sal betekenisvolle implikasies vir die onder=wysberoep inhou. Met slegs 13,4 persent standerd 10 leer=linge uit 'n totaal van 1231 leerlinge sou dit beteken dat slegs 165 standerd 10 leerlinge hul moontlik by onderwysers=kolleges sal aanmeld. Volgens Brazelle et al., (1980) is die onderwysers wat tans werksaam is in Qwaqwa, hoofsaaklik in die besit van 'n standerd 8 kwalifikasie. Dit is dus te verstane dat 'n groot groep standerd 8 leerlinge hul steeds bekwaam ag om tot onderwysersopleiding toe te tree. Met die nuwe toelatingsvereiste sou 'n groot deel van hierdie standerd 8 leerlinge se beroepsverwagtings om onderwyser te word, as onrealisties beskou kan word. Dit moet in ag geneem word dat hulle nie noodwendig na standerd 8 die skool sal verlaat nie.

Deur beide standerd 8 en 10 leerlinge is die beroep klerklik en verwante werker in die derde plek op die beroepsrangorde=lys geplaas. 'n Klein persentasie meer standerd 8 as stan=

derd 10 leerlinge het hierdie beroep gekies.

Mediese dokter as beroepskeuse is deur beide standerd 8 en 10 leerlinge in die vierde plek op die rangordelys geplaas. Meer standerd 10 as standerd 8 leerlinge het hierdie beroep gekies.

Vanaf die vyfde beroepskeuse op die beroepsrangordelys het daar 'n ommeswaai plaasgevind. Betekenisvol is die feit dat daar wel 4,5 persent standerd 8 leerlinge die beroep van tegnikus gekies het. Hierdie beroep is egter baie laag (elfde) op die beroepsrangordelys vir standerd 10 leerlinge geplaas.

TABEL 5.4 QWAQWA, 1981, DIE BEROEPSVERWAGTINGS VOLGENS RANGORDE VAN BELANGRIKHEID, STANDERD 10 LEERLINGE

| Beroep | Getal | % |
|---|---|---|
| Verpleegster | 78 | 24,9 |
| Onderwyser | 42 | 13,4 |
| Klerklik en Verwant | 39 | 12,5 |
| Mediese Dokter | 29 | 9,3 |
| Rekenmeester | 29 | 9,3 |
| Maatskaplike werk | 20 | 6,4 |
| Tandarts | 14 | 4,5 |
| Regsgeleerde | 11 | 3,5 |
| Radiografie | 11 | 3,5 |
| Ingenieur | 7 | 2,2 |
| Tegnikus | 7 | 2,2 |
| Polisie en Verkeer | 7 | 2,2 |
| Godsdienswerker | 4 | 1,3 |
| Elektrisiën | 4 | 1,3 |
| Omroeper | 3 | 1,0 |
| Landmeter | 1 | 0,3 |
| Ander | 7 | 2,2 |
| TOTAAL | 313 | 100,0 |

Die beroep polisieman en verkeersbeampte is deur die stan= derd 8 leerlinge veel meer belangrik geag as deur die stan= derd 10 leerlinge. Die beroep van rekenmeester, daarenteen, is deur 'n veel groter persentasie standerd 10 as standerd 8 leerlinge gekies. Slegs 1,7 persent standerd 8 leerlinge teenoor die 9,3 persent standerd 10 leerlinge wil die beroep van rekenmeester volg. Die beroepskeuse van ambagsman het algeheel ontbreek by standerd 10 leerlinge terwyl slegs 0,6 persent van die standerd 8 leerlinge hierdie beroep gekies het.

Volgens die navorsing van Amadi (1979, p.175) in Nigerië, bestaan daar 'n swak verband tussen die mannekragbehoeftes en die studente se beroepsbegeertes. Die meeste studente het geaspireer vir "prestige" beroepe terwyl baie min enige belangstelling getoon het in ambags- en ander handearbeid= beroepe. Dit skyn asof hierdie neiging ook in Qwaqwa sterk teenwoordig is.

### 5.2.3. Die beroepsverwagtings van leerlinge in drie verskil= lende gemeenskappe

Rosenberg (Amadi, 1979, p.3) is van mening dat daar 'n dui= delike verband bestaan tussen die beroepsbegeertes en ver= wagtings van 'n persoon en sy gemeenskap. Hierdie mening word deur verskeie skrywers gehuldig soos aangetoon in hoof= stuk 2, afdeling 2.3.

In die navorsing gedoen in Qwaqwa is daar nie doelbewus

gepoog om die beroepsverwagtings van leerlinge in verskil= lende gemeenskappe te ondersoek nie. Die drie skole in Qwaqwa kom toevallig voor in drie verskillende gemeenskappe, naamlik Makabelane in 'n stedelike gemeenskap, Sekgutlong wat 'n kos= skool is en hoofsaaklik leerlinge buite Qwaqwa trek, en Tshibollo wat in 'n plattelandse omgewing geleë is.

TABEL 5.5 QWAQWA, 1981, DIE BEROEPSVERWAGTINGS VAN STANDERD 8 LEERLINGE IN DRIE VERSKILLENDE SKOLE

| Skool / Beroepskeuse | Makabelane | | Sekgutlong | | Tshibollo | | TOTAAL | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| Wetenskaplike | 0 | 0,0 | 3 | 4,2 | 0 | 0,0 | 3 | 0,8 |
| Ingenieur | 6 | 3,2 | 0 | 0,0 | 2 | 2,0 | 8 | 2,2 |
| Medicse Dokter | 21 | 11,2 | 3 | 4,2 | 4 | 4,0 | 28 | 7,8 |
| Verpleegster | 59 | 31,6 | 21 | 29,2 | 34 | 34,0 | 114 | 31,7 |
| Rekenmeester | 6 | 3,2 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 6 | 1,7 |
| Regsgeleerde | 5 | 2,7 | 0 | 0,0 | 3 | 3,0 | 8 | 2,2 |
| Onderwyser | 38 | 20,3 | 13 | 18,0 | 25 | 25,0 | 76 | 21,2 |
| Tegnikus | 9 | 4,8 | 0 | 0,0 | 7 | 7,0 | 16 | 4,5 |
| Maatskaplike Werk | 8 | 4,3 | 14 | 19,4 | 1 | 1,0 | 23 | 6,4 |
| Klerklik en Verwante | 26 | 13,9 | 14 | 19,4 | 9 | 9,0 | 49 | 13,7 |
| Polisie en Verkeer | 2 | 1,1 | 2 | 2,8 | 9 | 9,0 | 13 | 3,6 |
| Elektrisiën | 4 | 2,1 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 4 | 1,1 |
| Ambagsman | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 2 | 2,0 | 2 | 0,6 |
| Ander | 3 | 1,6 | 2 | 2,8 | 4 | 4,0 | 9 | 2,5 |
| TOTAAL | 187 | 100,0 | 72 | 100,0 | 100 | 100,0 | 359 | 100,0 |

In die kosskool Sekgutlong is daar 'n definitiewe beïnvloe= ding van die leerlinge onder mekaar te bespeur, wat uitloop op beroepskeusekonsentrasies. Uit die 13 beroepe wat hoof= saaklik deur standerd 8 leerlinge van al drie skole gekies is, is slegs 8 beroepe deur die leerlinge van Sekgutlong uitgewys. Uit die 16 beroepe wat deur die standerd 10 leer=

linge van die drie skole in Qwaqwa genoem is, is slegs elf deur die Sekgutlong leerlinge genoem. Die beroepe wat hoof=saaklik in hierdie skool gekies is, is verpleegster, klerklik en verwante werk, maatskaplike werk en die onderwys. Hierdie vier beroepe is deur 86,0 persent van die standerd 8 leer=linge en 81,4 persent van die standerd 10 leerlinge gekies (tabel 5.5 en 5.6).

TABEL 5.6 QWAQWA, 1981, DIE BEROEPSVERWAGTINGS VAN STANDERD 10 LEERLINGE IN DRIE VERSKILLENDE SKOLE

| Skool / Beroepskeuse | Makabelane | | Sekgutlong | | Tshibollo | | TOTAAL | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| Ingenieur | 5 | 2,9 | 2 | 1,8 | 0 | 0,0 | 7 | 2,2 |
| Mediese Dokter | 24 | 14,0 | 4 | 3,5 | 1 | 3,6 | 29 | 9,3 |
| Tandheelkunde | 9 | 5,2 | 5 | 4,4 | 0 | 0,0 | 14 | 4,5 |
| Verpleegster | 20 | 11,6 | 49 | 43,4 | 9 | 32,0 | 78 | 24,9 |
| Radiografie | 5 | 2,9 | 4 | 3,5 | 2 | 7,1 | 11 | 3,5 |
| Rekenmeester | 29 | 16,9 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 29 | 9,3 |
| Regsgeleerde | 5 | 2,9 | 2 | 1,8 | 4 | 14,3 | 11 | 3,5 |
| Onderwyser | 20 | 11,6 | 17 | 15,0 | 5 | 17,9 | 42 | 13,4 |
| Landmeter | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 1 | 3,6 | 1 | 0,3 |
| Godsdienswerker | 4 | 2,3 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 4 | 1,3 |
| Tegnikus | 6 | 3,5 | 0 | 0,0 | 1 | 3,6 | 7 | 2,2 |
| Maatskaplike werk | 9 | 5,2 | 11 | 9,7 | 0 | 0,0 | 20 | 6,4 |
| Omroeper | 0 | 0,0 | 2 | 1,8 | 1 | 3,6 | 3 | 1,0 |
| Klerklik en Verwant | 21 | 12,2 | 15 | 13,3 | 3 | 10,7 | 39 | 12,5 |
| Polisie en Verkeer | 5 | 2,9 | 2 | 1,8 | 0 | 0,0 | 7 | 2,2 |
| Elektrisiën | 3 | 1,8 | 0 | 0,0 | 1 | 3,6 | 4 | 1,3 |
| Ambagsman | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0 |
| Ander | 7 | 4,1 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 7 | 2,2 |
| TOTAAL | 172 | 100,0 | 113 | 100,0 | 28 | 100,0 | 313 | 100,0 |

Baie meer van die leerlinge in die stedelike gebied van Qwaqwa het van die "hoë professionele" beroepe gekies. So byvoorbeeld is die beroep mediese dokter verreweg die meeste

deur die standerd 8 (11,2 persent) en standerd 10 leerlinge (14,0 persent) van die skool in die stedelike gebied gekies. Wat die plattelandse gebied betref, het slegs 4,0 persent van die standerd 8 leerlinge en 3,6 van die standerd 10 leer=linge die beroep mediese dokter gekies.

In die stedelike gemeenskap is die beroep ingenieur deur 3,2 persent van die standerd 8 leerlinge teenoor 2,0 per=sent van die leerlinge in die plattelandse gemeenskap gekies. Hierdie tendens is sterker te bespeur onder die standerd 10 leerlinge waar 2,9 persent van die leerlinge in die stede=like gemeenskap teenoor die 0,0 persent van die leerlinge in die plattelandse gebied die beroep ingenieur gekies het.

Wat die beroep van onderwyser betref was die teenoorgestelde waarneembaar. In die plattelandse gebied wou meer van die standerd 8 leerlinge (25,0 persent) onderwysers word, teen=oor die 20,3 persent in die stedelike gebied. Wat die stan=derd 10 leerlinge betref was dieselfde tendens merkbaar, waar 19,7 persent van die leerlinge in die plattelandse gemeenskap die onderwysersberoep wou volg, teenoor die 11,6 persent van die leerlinge in die stedelike gemeenskap.

Waar daar in die stedelike gemeenskap geen leerlinge is wat die beroep ambagsman gekies het nie, het hierdie beroepskeuse wel in enkele gevalle voorgekom onder die leerlinge van die plattelandse gemeenskap.

Dit wil derhalwe voorkom of die sterk invloed wat die gemeen=

skap op die beroepsverwagtings van leerlinge uitoefen, soos uiteengesit in hoofstuk 2, ook van toepassing is op Qwaqwa.

5.2.4. Die beroepsverwagtings volgens die beroep van die hoof van die huis (vader)

Prinsloo (1955, p.3) is van mening dat dit menslik is dat die ouer sy ideale aan sy kind sal wil oordra, maar dat menige mense hul hele lewe ongelukkig was omdat hulle nooit gegun is om hul eie keuse te maak nie (kyk ook afdeling 2.4, hoof= stuk 2). Die ideale van die ouers van die leerlinge van Qwaqwa kon uiteraard nie deur hierdie vraelys bepaal word nie. Wat wel gedoen kon word is om te bepaal of daar 'n verband is tussen die beroep wat die ouer volg en die beroeps= keuse van die kind.

TABEL 5.7 QWAQWA, 1981, DIE BEROEPSKEUSE VAN LEERLINGE TEEN= OOR DIE BEROEP BEOEFEN DEUR DIE VADER, STANDERD 8 LEERLINGE

| Beroepskeuse van leerling / Beroep van Vader | Profes= sioneel | Admini= stratief | Klerklik en Verkoops | Diens= werker | Plaas= werker | Produksie en vervoer | Ander | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Professioneel | 48 | 0 | 9 | 4 | 0 | 1 | 2 | 64 |
| Administratief | 9 | 0 | 2 | 0 | 0 | 0 | 0 | 11 |
| Klerklik | 31 | 0 | 5 | 0 | 0 | 0 | 1 | 37 |
| Verkoopswerker | 8 | 0 | 1 | 0 | 0 | 0 | 0 | 9 |
| Dienswerker | 11 | 0 | 3 | 2 | 0 | 0 | 0 | 16 |
| Plaaswerker | 32 | 0 | 7 | 0 | 0 | 0 | 0 | 39 |
| Produksie en Vervoer | 73 | 0 | 11 | 4 | 0 | 4 | 0 | 92 |
| Ander | 3 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 3 |
| Geen Respons | 67 | 0 | 11 | 3 | 0 | 1 | 6 | 88 |
| TOTAAL | 282 | 0 | 49 | 13 | 0 | 6 | 9 | 359 |

Van die ouers wat wel 'n professionele beroep beoefen het, wil 75 persent van die standerd 8 leerlinge ook 'n profes= sionele beroep beoefen, teenoor die 85 persent van die stan= derd 10 leerlinge (tabel 5.7 en 5.8).

TABEL 5.8 QWAQWA, 1981, DIE BEROEPSKEUSE VAN LEERLINGE TEENOOR DIE BEROEP BEOEFEN DEUR DIE VADER, STANDERD 10 LEERLINGE

| Beroepskeuse van leerling / Beroep van Vader | Profes= sioneel | Admini= stratief | Klerklik en Verkoops | Diens= werker | Plaas= werker | Produksie en Vervoer | Ander | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Professioneel | 44 | 0 | 6 | 0 | 0 | 10 | 2 | 52 |
| Administratief | 10 | 0 | 5 | 0 | 0 | 0 | 0 | 15 |
| Klerklik | 17 | 0 | 1 | 0 | 0 | 0 | 1 | 19 |
| Verkoopswerker | 13 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 13 |
| Dienswerker | 9 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 9 |
| Plaaswerker | 60 | 0 | 8 | 3 | 0 | 1 | 1 | 73 |
| Produksie en Vervoer | 51 | 0 | 9 | 0 | 0 | 3 | 0 | 63 |
| Ander Geen Respons | 52 | 0 | 10 | 4 | 0 | 0 | 3 | 69 |
| TOTAAL | 256 | 0 | 39 | 7 | 0 | 4 | 7 | 313 |

Van die standerd 8 leerlinge wat 'n professionele beroep gekies het, doen slegs 17,0 persent se ouers professionele werk. Hierdie leerlinge se ouers doen meestal produksie- en vervoerwerk (25,9 persent in tabel 5.7). Van die stan= derd 10 leerlinge wat 'n professionele beroep gekies het, doen 17,2 persent se ouers ook professionele werk. Die res van die ouers is hoofsaaklik plaaswerkers (23,4 persent),

produksie- en vervoerwerkers (19,9 persent) en klerklike werkers (6,6 persent).

Uit tabelle 5.7 en 5.8 blyk dit dat die ouers redelik wyd verspreid is tussen die beroepe, met produksie en vervoer, plaaswerk, en professioneel die sterkste verteenwoordig. Daarteenoor wend kinders hulle byna uitsluitlik tot profes= sionele en klerklike en verwante werk. Daar is derhalwe nie 'n definitiewe positiewe verband tussen die beroep wat die ouer beoefen en die beroepsverwagting soos weerspieël deur die beroepskeuse van die leerlinge nie. Dit is te verstane dat die beroepsverwagtings van die kinders heelwat hoër sal wees as die beroepe beoefen deur die ouer, omdat die onderwyspeil van die kinders in 'n ontwikkelende land dikwels hoër is as die onderwyspeil van hul ouers. Dit blyk dat Qwaqwa nie 'n uitsondering op die reël is nie.

5.2.5. Die beroepsverwagtings volgens ouderdom en portuur= groep

Daar word algemeen aanvaar dat die beroepsverwagtings van leerlinge beïnvloed word deur 'n rypwordingsproses (vergelyk afdeling 2.5, hoofstuk 2). Dit sou beteken dat die beroeps= verwagtings deur die ouderdom van leerlinge beïnvloed kan word.

Volgens Brazelle et al.,(1980, p.49) sou die normale ouder= dom van 'n standerd 6 leerling wat op sewejarige ouderdom met sy sub-standerd A begin het, 14 jaar wees. In 1980 was 85,6

persent van alle standerd 6 leerlinge bo die normale ouder= dom vir standerd 6. Vir standerds sewe, agt , nege en tien was die persentasie leerlinge bo die normale ouderdom vir elke standerd, 85,1; 86,8; 82,3 en 81,8 persent respektiewe= lik. Hieruit kan afgelei word dat die gemiddelde senior leerling in Qwaqwa ver bokant die normale ouderdom vir sy standerd is. Dit kan hoofsaaklik daaraan toegeskryf word dat 'n groot persentasie leerlinge eers op 'n relatief hoë ouderdom met skoolopleiding begin het.

TABEL 5.9 QWAQWA, 1981, BEROEPSVERWAGTING TEENOOR OUDERDOM, STANDERD 8 LEERLINGE

| Ouderdom / Beroepskeuse | Jonger as 16 | | 16 jr. | | 17 jr. | | 18 jr. | | 19 jr. | | 20 jr. | | 21 jr. | | 22 jr. | | Ouer as 22 | | TOTAAL | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % |
| Wetenskaplike | 0 | 0,0 | 1 | 33,3 | 0 | 0,0 | 1 | 33,3 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 1 | 33,4 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 3 | 100,0 |
| Ingenieur | 0 | 0,0 | 2 | 25,0 | 3 | 37,5 | 1 | 12,5 | 1 | 12,5 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 1 | 12,5 | 0 | 0,0 | 8 | 100,0 |
| Mediese Dokter | 2 | 7,1 | 5 | 18,0 | 9 | 32,1 | 7 | 25,0 | 2 | 7,1 | 1 | 3,6 | 2 | 7,1 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 28 | 100,0 |
| Verpleegster | 2 | 1,8 | 14 | 12,3 | 19 | 16,7 | 28 | 24,5 | 21 | 18,4 | 12 | 10,5 | 9 | 7,9 | 6 | 5,3 | 3 | 2,6 | 114 | 100,0 |
| Rekenmeester | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 2 | 33,3 | 2 | 33,3 | 1 | 16,7 | 0 | 0,0 | 1 | 16,7 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 6 | 100,0 |
| Regsgeleerde | 2 | 25,0 | 1 | 12,5 | 2 | 25,0 | 1 | 12,5 | 2 | 25,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 8 | 100,0 |
| Onderwyser | 0 | 0,0 | 3 | 3,9 | 9 | 11,8 | 19 | 25,1 | 14 | 18,4 | 10 | 13,2 | 9 | 11,8 | 6 | 7,9 | 6 | 7,9 | 76 | 100,0 |
| Tegnikus | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 5 | 31,2 | 2 | 12,5 | 5 | 31,2 | 1 | 6,3 | 2 | 12,5 | 1 | 6,3 | 0 | 0,0 | 16 | 100,0 |
| Maatskaplike werk | 1 | 4,3 | 4 | 17,4 | 5 | 21,8 | 6 | 26,1 | 5 | 21,8 | 1 | 4,3 | 1 | 4,3 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 23 | 100,0 |
| Klerklik + Verwant | 0 | 0,0 | 2 | 4,1 | 7 | 14,3 | 6 | 12,2 | 14 | 28,6 | 11 | 22,4 | 4 | 8,2 | 4 | 8,2 | 1 | 2,0 | 49 | 100,0 |
| Polisie en Verkeer | 1 | 7,7 | 1 | 7,7 | 1 | 7,7 | 3 | 23,1 | 3 | 23,1 | 1 | 7,7 | 2 | 15,3 | 1 | 7,7 | 0 | 0,0 | 13 | 100,0 |
| Elektrisiën | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 1 | 25,0 | 2 | 50,0 | 0 | 0,0 | 1 | 25,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 4 | 100,0 |
| Ambagsman | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 1 | 50,0 | 0 | 0,0 | 1 | 50,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 2 | 100,0 |
| Ander | 0 | 0,0 | 1 | 11,1 | 3 | 33,4 | 2 | 22,2 | 2 | 22,2 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 1 | 11,1 | 9 | 100,0 |
| TOTAAL | 8 | 2,2 | 34 | 9,5 | 65 | 18,1 | 80 | 22,2 | 72 | 20,1 | 38 | 10,6 | 32 | 8,9 | 19 | 5,3 | 11 | 3,1 | 359 | 100,0 |

Waar 52 persent (tabel 5.9) van die standerd 8 leerlinge 18 jaar en jonger is, bevind 82 persent van dié wat mediese dokters wil word hulle in hierdie jonger groep, 70 persent

van die maatskaplike werkers en 55 persent van die verpleeg= sters. Daarteenoor wil veel minder van die jonger mense in polisie en verkeer (23 persent), onderwys (31 persent), klerk= lik en verwante werk (31 persent) en tegnikus werk (44 per= sent) ingaan.

TABEL 5.10 QWAQWA, 1981, BEROEPSVERWAGTING TEENOOR OUDERDOM, STANDERD 10 LEERLINGE

| Ouderdom / Beroepskeuse | Jonger as 16 jr. | | 16 jr. | | 17 jr. | | 18 jr. | | 19 jr. | | 20 jr. | | 21 jr. | | 22 jr. | | Ouer as 22 jr. | | TOTAAL | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % |
| Ingenieur | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 5 | 71,4 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 2 | 28,6 | 0 | 0,0 | 7 | 100,0 |
| Mediese Dokter | 0 | 0,0 | 2 | 6,9 | 2 | 6,9 | 6 | 20,7 | 6 | 20,7 | 7 | 24,1 | 4 | 13,8 | 2 | 6,9 | 0 | 0,0 | 29 | 100,0 |
| Tandheelkunde | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 1 | 7,1 | 4 | 28,7 | 7 | 50,0 | 1 | 7,1 | 0 | 0,0 | 1 | 7,1 | 0 | 0,0 | 14 | 100,0 |
| Verpleegster | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 4 | 5,1 | 5 | 6,4 | 16 | 20,5 | 25 | 32,1 | 19 | 24,4 | 7 | 8,9 | 2 | 2,6 | 78 | 100,0 |
| Radiografie | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 2 | 18,2 | 4 | 36,3 | 2 | 18,2 | 1 | 9,1 | 0 | 0,0 | 2 | 18,2 | 11 | 100,0 |
| Rekenmeester | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 2 | 6,9 | 3 | 10,4 | 7 | 24,2 | 5 | 17,2 | 5 | 17,2 | 5 | 17,2 | 2 | 6,9 | 29 | 100,0 |
| Regsgeleerde | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 2 | 18,2 | 4 | 36,3 | 1 | 9,1 | 2 | 18,2 | 2 | 18,2 | 0 | 0,0 | 11 | 100,0 |
| Onderwyser | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 1 | 2,4 | 4 | 9,5 | 10 | 23,8 | 7 | 16,7 | 10 | 23,8 | 9 | 21,4 | 1 | 2,4 | 42 | 100,0 |
| Landmeter | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 1 | 100,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 1 | 100,0 |
| Godsdienswerker | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 1 | 25,0 | 0 | 0,0 | 1 | 25,0 | 2 | 50,0 | 4 | 100,0 |
| Tegnikus | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 1 | 14,3 | 2 | 28,6 | 2 | 28,6 | 0 | 0,0 | 1 | 14,3 | 1 | 14,2 | 7 | 100,0 |
| Maatskaplike werk | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 6 | 30,0 | 4 | 20,0 | 4 | 20,0 | 4 | 20,0 | 2 | 10,0 | 0 | 0,0 | 20 | 100,0 |
| Omroeper | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 2 | 66,7 | 0 | 0,0 | 1 | 33,3 | 0 | 0,0 | 3 | 100,0 |
| Klerklik en Verwant | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 2 | 5,1 | 2 | 5,1 | 10 | 25,6 | 8 | 20,5 | 9 | 23,2 | 7 | 17,9 | 1 | 2,6 | 39 | 100,0 |
| Polisie en Verkeer | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 1 | 14,2 | 2 | 28,6 | 0 | 0,0 | 2 | 28,6 | 0 | 0,0 | 2 | 28,6 | 7 | 100,0 |
| Elektrisiën | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 1 | 25,0 | 3 | 75,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 4 | 100,0 |
| Ander | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 1 | 14,3 | 2 | 28,6 | 2 | 28,6 | 1 | 14,3 | 0 | 0,0 | 1 | 14,2 | 7 | 100,0 |
| TOTAAL | 0 | 0,0 | 2 | 0,6 | 12 | 3,8 | 42 | 13,4 | 75 | 24,0 | 70 | 22,4 | 58 | 18,5 | 40 | 12,8 | 14 | 4,5 | 313 | 100,0 |

Wat die standerd 10 leerlinge betref (kyk tabel 5.10), waar 42 persent hulle in die ouderdomsgroep 19 jaar en jonger bevind, was 68 persent van dié wat tandarts wou word in hierdie jonger groep, 55 persent van dié wat mediese dokters

wou word en 50 persent van die maatskaplike werksters. Daarteenoor het veel minder jonger mense die volgende beroepe gekies; rekenmeester (42 persent), onderwyser en klerklik en verwante werk (36 persent) en verpleging 32 persent. Veel minder leerlinge in standerd 10 as leerlinge in standerd 8 in die jonger groep, het dus die beroepe mediese dokter en verpleging gekies.

5.2.6. Die beroepsverwagtings volgens geslag

Volgens tabel 2.1 bestaan daar ŉ definitiewe verskil in die arbeidsmark-betrokkenheid van mans en vroue. Uit die na=vorsing wat deur Perry (n.d. p.58) onder die Indiërs en Kleurlinge van Durban gedoen is, is gevind dat dames meer geneig is om professionele beroepe te kies as mans. Tunmer (Perry, n.d. p.58) het ook bevind dat dames meer professio=nele beroepe kies as mans, en dat mans meer klerklike werk kies as dames. Vyftig persent dames het verpleging as beroep gekies, 21 persent mans klerklike werk, terwyl slegs 2 persent dames klerklike werk gekies het. Uit die litera=tuur is egter ook die teenoorgestelde bewys. Volgens Froehlich, (1952, p.295) verskil die belangstellings van mans en dames in ŉ groot mate. Dames se belangstelling is meer in ŉ nie-professionele rigting wat beskryf kan word as "prior-to-marriage" werk. Belangstellings lê meer in die skeppende en skoonheidsrigtings.

Volgens tabel 5.11 gee meer seuns as meisies in standerd 8 voorkeur aan onderwys (25,7 persent teenoor 19,2 persent)

en medies (13,8 persent teenoor 5,2 persent). Meer meisies gee voorkeur aan klerklike en verwante werk (15,2 persent teenoor 10,1 persent).

TABEL 5.11 QWAQWA, 1981, BEROEPSVERWAGTINGS VOLGENS GESLAG VAN STANDERD 8 LEERLINGE

| Beroep | Manlik | | Vroulik | | TOTAAL | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| Wetenskaplike | 0 | 0,0 | 3 | 1,2 | 3 | 0,8 |
| Ingenieur | 8 | 7,3 | 0 | 0,0 | 8 | 2,2 |
| Mediese Dokter | 15 | 13,8 | 13 | 5,2 | 28 | 7,8 |
| Verpleging | 2 | 1,8 | 112 | 44,8 | 114 | 31,8 |
| Rekenmeester | 2 | 1,8 | 4 | 1,6 | 6 | 1,7 |
| Regsgeleerde | 6 | 5,5 | 2 | 0,8 | 8 | 2,2 |
| Onderwyser | 28 | 25,7 | 48 | 19,2 | 76 | 21,2 |
| Tegnikus | 16 | 14,7 | 0 | 0,0 | 16 | 4,5 |
| Maatskaplike Werk | 1 | 0,9 | 22 | 8,8 | 23 | 6,4 |
| Klerklik en Verwant | 11 | 10,1 | 38 | 15,2 | 49 | 13,6 |
| Polisie en Verkeer | 10 | 9,2 | 3 | 1,2 | 13 | 3,6 |
| Elektrisiën | 4 | 3,7 | 0 | 0,0 | 4 | 1,1 |
| Ambagsman | 2 | 1,8 | 0 | 0,0 | 2 | 0,6 |
| Ander | 4 | 3,7 | 5 | 2,0 | 9 | 2,5 |
| TOTAAL | 109 | 100,0 | 250 | 100,0 | 359 | 100,0 |

By die standerd 10 leerlinge (tabel 5.12) is die volgende gevind: meer seuns as meisies het voorkeur gegee aan onder= wys (17,5 persent teenoor 10,5 persent), medies (15,2 per= sent teenoor 5,0 persent) en klerklik en verwante werk (12,9 persent teenoor 12,2 persent). Meer meisies het weer voorkeur gegee aan die beroep rekenmeester (9,9 persent teenoor 8,3 persent).

Dit blyk dat meisies in standerd 8 nie besef dat daar ook

beroepsgeleenthede vir meisies in tegniese rigtings bestaan nie. Volgens tabel 5.11 stel geen meisies belang in 'n teg= niese beroep nie, hoewel 14,7 persent seuns dit wel gekies het. Dieselfde geld vir die beroep ingenieur, elektrisiën en ambagsman, waar 7,3; 3,7 en 1,8 persent seuns respek= tiewelik hierdie beroepe gekies het, teenoor die 0,0 per= sent meisies in elke geval. Die onbekendheid van tegniese beroepsmoontlikhede vir meisies skyn ook teenwoordig te wees onder standerd 10 leerlinge, omdat geen meisies die beroep ingenieur, tegnikus of elektrisiën gekies het nie.

TABEL 5.12 QWAQWA, 1981, DIE BEROEPSVERWAGTINGS VOLGENS GESLAG VAN STANDERD 10 LEERLINGE

| Beroep | Manlik | | Vroulik | | TOTAAL | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| Ingenieur | 7 | 5,3 | 0 | 0,0 | 7 | 2,2 |
| Mediese Dokter | 20 | 15,2 | 9 | 5,0 | 29 | 9,3 |
| Tandarts | 6 | 4,5 | 8 | 4,4 | 14 | 4,5 |
| Verpleging | 6 | 4,5 | 72 | 39,8 | 78 | 24,9 |
| Radiografie | 4 | 3,0 | 7 | 3,9 | 11 | 3,5 |
| Rekenmeester | 11 | 8,3 | 18 | 9,9 | 29 | 9,3 |
| Regsgeleerde | 9 | 6,8 | 2 | 1,1 | 11 | 3,5 |
| Onderwyser | 23 | 17,5 | 19 | 10,5 | 42 | 13,4 |
| Landmeter | 1 | 0,8 | 0 | 0,0 | 1 | 0,3 |
| Godsdienswerker | 4 | 3,0 | 0 | 0,0 | 4 | 1,3 |
| Tegnikus | 7 | 5,3 | 0 | 0,0 | 7 | 2,2 |
| Maatskaplike Werk | 1 | 0,8 | 19 | 10,5 | 20 | 6,4 |
| Omroeper | 2 | 1,5 | 1 | 0,5 | 3 | 1,0 |
| Klerklik en Verwant | 17 | 12,9 | 22 | 12,2 | 39 | 12,5 |
| Polisie en Verkeer | 5 | 3,8 | 2 | 1,1 | 7 | 2,2 |
| Elektrisiën | 4 | 3,0 | 0 | 0,0 | 4 | 1,3 |
| Ander | 5 | 3,8 | 2 | 1,1 | 7 | 2,2 |
| TOTAAL | 132 | 100,0 | 181 | 100,0 | 313 | 100,0 |

Vir die res van die beroepe was dit vir standerd 8 en 10 soos dit verwag kan word en dus ook nie onrealisties nie. Seuns gee voorkeur aan meer bepaalde mansberoepe soos tegnikus, polisie en ingenieurswerk, terwyl die dogters voorkeur gee aan verpleging en maatskaplike werk.

### 5.2.7. Die beroepsverwagtings teenoor die Junie-maand eksamenuitslae

Soos deur verskeie skrywers (kyk hoofstuk 2) en veral Rutter (1979, p.25) aangedui, het 'n hoër opvoedkundige stan= daard 'n verhoogde beroepsverwagting tot gevolg. Daar kan verwag word dat 'n leerling wat meer tyd en geld aan sy eie opleiding bestee het, 'n hoër beroepsverwagting sal koester veral ten opsigte van die vergoeding verbonde aan die beroep. Dit sal ook meebring dat 'n persoon wat beter presteer op skool 'n hoër beroepsverwagting sal hê.

Omdat die minimum persentasie vereis om te slaag 40 persent is, moes daar van 'n gewysigde statistiese interval gebruik gemaak word. Die intervalle gebruik is derhalwe 0 tot 19 persent, 20 tot 39 persent, 40 tot 59 persent, 60 tot 79 persent en 80 tot 100 persent. Omdat dit belangrik geag is om te bepaal hoe sleg leerlinge gedruip het, is die inter= val 20 tot 39 opgedeel in twee intervalle, naamlik 20 tot 29 en 30 tot 39 persent.

Slegs 40,4 persent van die standerd 8 leerlinge (tabel 5.13) het 'n slaagpunt behaal, van wie slegs 0,6 persent 60 persent

of daarbo. Die meer algemene beroepskeuse wat die hoogste persentasie slagelinge opgelewer het, is polisie en verkeer

TABEL 5.13 QWAQWA, 1981, DIE BEROEPSVERWAGTINGS TEENOOR DIE JUNIE-MAAND EKSAMENUITSLAE, STANDERD 8 LEERLINGE

| Beroepskeuse | Getal leerlinge | | Gemiddelde Persentasies Behaal | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | 0-19% | | 20-39% | | | | 40-59% | | 60-79% | | 80-100% | |
| | | | | | 20-29% | | 30-39% | | | | | | | |
| | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % |
| Wetenskaplike | 3 | 100,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 1 | 33,3 | 2 | 66,7 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 |
| Ingenieur | 8 | 100,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 5 | 62,5 | 3 | 37,5 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 |
| Mediese Dokter | 28 | 100,0 | 0 | 0,0 | 3 | 10,7 | 11 | 39,3 | 13 | 46,4 | 1 | 3,6 | 0 | 0,0 |
| Verpleging | 114 | 100,0 | 0 | 0,0 | 13 | 11,4 | 56 | 49,1 | 45 | 39,5 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 |
| Rekenmeester | 6 | 100,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 3 | 50,0 | 3 | 50,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 |
| Regsgeleerde | 8 | 100,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 6 | 75,0 | 2 | 25,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 |
| Onderwys | 76 | 100,0 | 0 | 0,0 | 5 | 6,6 | 37 | 48,7 | 34 | 44,7 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 |
| Tegnikus | 16 | 100,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 10 | 62,5 | 6 | 37,5 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 |
| Maatskaplik | 23 | 100,0 | 0 | 0,0 | 1 | 4,3 | 18 | 78,4 | 3 | 13,0 | 1 | 4,3 | 0 | 0,0 |
| Klerklik en Verwant | 49 | 100,0 | 0 | 0,0 | 9 | 18,4 | 24 | 48,9 | 16 | 32,7 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 |
| Polisie en Verkeer | 13 | 100,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 4 | 30,8 | 9 | 69,2 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 |
| Elektrisiën | 4 | 100,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 3 | 75,0 | 1 | 25,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 |
| Ambagsman | 2 | 100,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 2 | 100,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 |
| Ander | 9 | 100,0 | 0 | 0,0 | 2 | 22,2 | 3 | 33,3 | 4 | 44,5 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 |
| TOTAAL | 359 | 100,0 | 0 | 0,0 | 33 | 9,2 | 181 | 50,4 | 143 | 39,8 | 2 | 0,6 | 0 | 0,0 |

(69,2 persent), mediese dokter (50,0 persent) en onderwys (44,7 persent). Van dié wat in verpleging wou gaan, het slegs 39,5 persent 'n slaagpunt behaal, tegnikus (37,5 per= sent) en klerklik (32,7 persent).

Van die standerd 10 leerlinge (tabel 5.14) het slegs 23,3 persent 'n slaagpunt behaal, van wie geen 'n persentasie van 60 persent en hoër behaal het nie. Die hoogste slaagsyfers

het voorgekom onder die leerlinge wat landmeter (100 persent, slegs een leerling) en tandarts (57,2 persent) wou word. Van dié wat onderwyser (26,2 persent) en mediese dokter (20,7 persent) wou word het 'n veel laer persentasie 'n slaagpunt behaal.

TABEL 5.14 QWAQWA, 1981, DIE BEROEPSVERWAGTINGS TEENOOR DIE JUNIE-MAAND EKSAMENUITSLAE, STANDERD 10 LEERLINGE

| Beroepskeuse | Getal leerlinge | | Gemiddelde Persentasie behaal | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | 0-19% | | 20-39% | | | | 40-59% | | 60-79% | | 80-100% | |
| | | | | | 20-29% | | 30-39% | | | | | | | |
| | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % |
| Ingenieur | 7 | 100,0 | 0 | 0,0 | 1 | 14,3 | 5 | 71,4 | 1 | 14,3 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 |
| Mediese Dokter | 29 | 100,0 | 0 | 0,0 | 9 | 31,0 | 14 | 48,3 | 6 | 20,7 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 |
| Tandarts | 14 | 100,0 | 0 | 0,0 | 1 | 7,1 | 5 | 35,7 | 8 | 57,2 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 |
| Verpleging | 78 | 100,0 | 0 | 0,0 | 21 | 26,9 | 43 | 55,1 | 14 | 18,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 |
| Radiografie | 11 | 100,0 | 0 | 0,0 | 3 | 27,3 | 6 | 54,5 | 2 | 18,2 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 |
| Rekenmeester | 29 | 100,0 | 0 | 0,0 | 6 | 20,7 | 17 | 58,6 | 6 | 20,7 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 |
| Regsgeleerde | 11 | 100,0 | 0 | 0,0 | 1 | 9,1 | 6 | 54,5 | 4 | 36,4 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 |
| Onderwys | 42 | 100,0 | 0 | 0,0 | 8 | 19,0 | 23 | 54,8 | 11 | 26,2 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 |
| Landmeter | 1 | 100,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 1 | 100,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 |
| Godsdienswerker | 4 | 100,0 | 0 | 0,0 | 2 | 50,0 | 2 | 50,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 |
| Tegnikus | 7 | 100,0 | 0 | 0,0 | 2 | 28,6 | 3 | 42,8 | 2 | 28,6 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 |
| Maatskaplik | 20 | 100,0 | 0 | 0,0 | 5 | 25,0 | 11 | 55,0 | 4 | 20,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 |
| Omroeper | 3 | 100,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 2 | 66,7 | 1 | 33,3 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 |
| Klerklik en Verwant | 39 | 100,0 | 0 | 0,0 | 12 | 30,8 | 18 | 46,1 | 9 | 23,1 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 |
| Polisie en Verkeer | 7 | 100,0 | 0 | 0,0 | 1 | 14,3 | 5 | 71,4 | 1 | 14,3 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 |
| Elektrisiën | 4 | 100,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 4 | 100,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 |
| Ander | 7 | 100,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 4 | 57,1 | 3 | 42,9 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 |
| TOTAAL | 313 | 100,0 | 0 | 0,0 | 72 | 23,0 | 168 | 53,7 | 73 | 23,3 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 |

'n Veel hoër persentasie standerd 10 leerlinge wat verpleging gekies het, het 'n slaagsyfer behaal (57,2 persent) teenoor die 39,5 persent van die standerd 8 leerlinge. By die groep

wat mediese dokter gekies het, het die teenoorgestelde voor= gekom, naamlik dat die slaagsyfer by standerd 8 veel hoër was as by standerd 10 (50,0 persent teenoor 20,7 persent).

Weens die hoë toelatingsvereistes wat daar aan voornemende mediese studente deur universiteite gestel word, is dit duidelik dat baie min, indien enige,wel tot mediese studies toegelaat sal kan word. Dit is derhalwe duidelik dat die beroepsverwagtings van hierdie groep leerlinge hoogs onrea= listies is.

Uit die standerd 8 groep blyk dit dat die beroepskeuse wat enigsins aan realisme grens, die beroepskeuse van polisie= man en verkeersbeampte kan wees, omdat byna 70 persent van hierdie leerlinge hul eksamen geslaag het. Hierdie groep leerlinge beskik ook oor die tweede hoogste slaagpersen= tasie onder die standerd 8 leerlinge. Die groepie leerlinge wat ambagsman wil word, het oor die hoogste slaagsyfer, naamlik 100 persent beskik en hul beroepsverwagtings kan ook as realisties beskou word. Slegs twee leerlinge het egter die beroep van ambagsman gekies. Uit tabel 5.14 kan die gevolgtrekking gemaak word dat ook die beroepsverwag= tings, soos gemeet aan die skoolprestasies van standerd 10 leerlinge hoogs onrealisties is.

Indien hierdie onrealistiese beroepsverwagtings sou voort= duur sonder dat die leerlinge se skoolprestasies verbeter, kan hierdie toedrag van sake tot groot frustrasie by die leerlinge aanleiding gee.

5.2.8. Die beroepsverwagtings en die onderwyser

Die mate waarin die onderwyser 'n invloed kan uitoefen op die beroepsverwagtings van leerlinge deur middel van beroeps= oriëntering sal in hoofstuk 6 aandag ontvang. Wat hier met die invloed van die onderwyser bedoel word, is die mate waar= in die onderwyser in sy persoonlike- en beroepshoedanigheid die leerling in sy beroepsverwagtings kan beïnvloed. In tabel 5.3 en 5.4 is aangetoon dat 21,2 persent van die stan= derd 8 leerlinge en 13,4 persent van die standerd 10 leer= linge onderwysers wil word.

Die huidige toestand, met betrekking tot die onderwyskorps van Qwaqwa is nie bevorderlik om as voorbeeld vir leerlinge te dien nie. Omdat opgeleide en voldoende gekwalifiseerde onderwysers moeilik bekombaar is, word daar van onderwysers met swak akademiese kwalifikasies gebruik gemaak. Van alle onderwysers in Qwaqwa beskik soveel as 76,6 persent oor hoog= stens 'n standerd 8 sertifikaat. Uit 'n totaal van 2045 onder= wysers beskik 47 onderwysers oor slegs 'n standerd 6 sertifi= kaat. Dit beteken dat slegs een kwart van die onderwysers oor 'n standerd 10 of hoër akademiese kwalifikasie beskik (NEOB Ongepubliseerde statistiek, 1981).

Leerlinge moet tot die besef gebring word dat hierdie ten= dens slegs tydelik van aard is, en dat daar in die toekoms hoër vereistes vir die toetrede tot die beroep van onder= wyser gestel sal word.

## 5.3. DIE VOORKEURE VAN LEERLINGE TEN OPSIGTE VAN PRAKTIESE-, KOMMUNIKATIEWE- EN TEORETIESE BEROEPE

Die doel van hierdie afdeling is om die verband te bepaal tussen sekere voorkeure van leerlinge en die beroepskeuse uitgeoefen. Die voorkeure van leerlinge is gemeet aan vrae wat gerig is op 'n breë indeling van beroepe in prakties, kommunikatief en teoreties. Leerlinge moes in elke geval een uit drie moontlikhede kies.

Die twaalf vrae wat die voorkeure bepaal het, kan in drie afdelings verdeel word, naamlik:

- Waar verkies jy om te werk?
- Waarvan hou jy die meeste op skool?
- Wat wil jy die graagste doen?

Vraag 1 bestaan slegs uit een afdeling. Die drie moontlik= hede, waaruit daar gekies kon word, is werkswinkel, labora= torium en vertoonkamer, wat onderskeidelik die praktiese, teoretiese en kommunikatiewe beroepe verteenwoordig. Vraag 2 het uit vier onderafdelings, en vraag 3 uit sewe onderafde= lings bestaan. Die onderskeie moontlikhede wat voorts gestel is, verskyn in die vraelys in die bylae en die klassifikasie wat gevolg is in die meester naas die vraelys (kyk bylae A.1 en A.2).

Uit die twaalf vrae wat aan leerlinge gestel is (kyk vraelys, bylae A.1), is dit volgens praktiese, kommunikatiewe en teoretiese voorkeure geselekteer.

In tabelle 5.15 en 5.16 is hierdie voorkeure saamgevat en per beroepskeuse gegroepeer vir standerd 8 en 10 leerlinge, onderskeidelik. 'n Min of meer eweredige verspreiding tussen

TABEL 5.15 QWAQWA, 1981, DIE VOORKEURE T.O.V. PRAKTIESE-, KOMMUNIKATIEWE- EN TEORETIESE BEROEPE, STANDERD 8 LEERLINGE (PERSENTASIES)

| Voorkeur / Beroepskeuse | Prakties | | Kommunikatief | | Teoreties | | TOTAAL | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % | N | % | N | % |
| Wetenskaplike | 12 | 33,3 | 9 | 25,0 | 15 | 41,7 | 36 | 100,0 |
| Ingenieur | 33 | 34,4 | 32 | 33,3 | 31 | 32,3 | 96 | 100,0 |
| Mediese dokter | 108 | 32,1 | 87 | 25,9 | 141 | 42,0 | 336 | 100,0 |
| Verpleegster | 435 | 31,8 | 414 | 30,3 | 519 | 37,9 | 1368 | 100,0 |
| Rekenmeester | 6 | 8,3 | 37 | 51,4 | 29 | 40,3 | 72 | 100,0 |
| Regsgeleerde | 23 | 24,0 | 43 | 44,8 | 30 | 31,2 | 96 | 100,0 |
| Onderwyser | 207 | 22,7 | 351 | 38,5 | 354 | 38,8 | 912 | 100,0 |
| Tegnikus | 95 | 49,5 | 38 | 19,8 | 59 | 30,7 | 192 | 100,0 |
| Maatskaplik | 50 | 18,1 | 129 | 46,7 | 97 | 35,2 | 276 | 100,0 |
| Klerklik | 152 | 25,9 | 214 | 36,4 | 222 | 37,7 | 588 | 100,0 |
| Polisie en Verkeer | 51 | 32,7 | 50 | 32,1 | 55 | 35,2 | 156 | 100,0 |
| Elektrisiën | 27 | 56,3 | 7 | 14,6 | 14 | 29,1 | 48 | 100,0 |
| Ambagsman | 9 | 37,5 | 12 | 50,0 | 3 | 12,5 | 24 | 100,0 |
| Ander | 29 | 26,9 | 44 | 40,7 | 35 | 32,4 | 108 | 100,0 |
| TOTAAL | 1237 | 28,7 | 1467 | 34,1 | 1604 | 37,2 | 4308 | 100,0 |

die drie voorkeurgroepe bestaan by die standerd 8 leerlinge, hoewel hul voorkeure meer na teoretiese werk neig (37,2 per= sent). Dieselfde tendens is onder die standerd 10 leerlinge gevind. Veel meer teoretiese voorkeure (42,2 persent) is teenoor praktiese voorkeure (24,1 persent) aangeteken. Die standerd 8 leerlinge wat die beroep wetenskaplike gekies het se voorkeure was hoofsaaklik (41,7 persent) teoreties van aard. Hulle het heelwat minder belangstelling (25,0 persent)

getoon in kommunikatiewe werk.

Daar sou 'n meer bepaald praktiese-oriëntering by die ingenieur (ook sterk teoreties), tegnikus, ambagsman en elektrisiën verwag kon word. Dit word ook so bevind by die

TABEL 5.16 QWAQWA, 1981, DIE VOORKEURE T.O.V. PRAKTIESE-, KOMMUNIKATIEWE- EN TEORETIESE BEROEPE, STANDERD 10 LEERLINGE (PERSENTASIES)

| Voorkeur / Beroepskeuse | Prakties | | Kommunikatief | | Teoreties | | TOTAAL | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % | N | % | N | % |
| Ingenieur | 40 | 47,6 | 10 | 11,9 | 34 | 40,5 | 84 | 100,0 |
| Mediese Dokter | 124 | 35,6 | 63 | 18,1 | 161 | 46,3 | 348 | 100,0 |
| Tandheelkunde | 62 | 36,9 | 30 | 17,9 | 76 | 45,2 | 168 | 100,0 |
| Verpleegster | 257 | 27,5 | 294 | 31,4 | 385 | 41,1 | 936 | 100,0 |
| Radiografie | 49 | 37,1 | 19 | 14,4 | 64 | 48,5 | 132 | 100,0 |
| Rekenmeester | 44 | 12,6 | 127 | 36,5 | 177 | 50,9 | 348 | 100,0 |
| Regsgeleerde | 11 | 8,3 | 74 | 56,1 | 47 | 35,6 | 132 | 100,0 |
| Onderwyser | 73 | 14,5 | 216 | 42,8 | 215 | 42,7 | 504 | 100,0 |
| Landmeter | 6 | 50,0 | 3 | 25,0 | 3 | 25,0 | 12 | 100,0 |
| Godsdienswerker | 5 | 10,4 | 26 | 54,2 | 17 | 35,4 | 48 | 100,0 |
| Tegnikus | 51 | 60,7 | 9 | 10,7 | 24 | 28,6 | 84 | 100,0 |
| Maatskaplik | 42 | 17,5 | 111 | 46,2 | 87 | 36,3 | 240 | 100,0 |
| Omroeper | 5 | 13,9 | 23 | 63,9 | 8 | 22,2 | 36 | 100,0 |
| Klerklik | 75 | 16,0 | 198 | 42,3 | 195 | 41,7 | 468 | 100,0 |
| Polisie en Verkeer | 16 | 19,1 | 32 | 38,1 | 36 | 42,8 | 84 | 100,0 |
| Elektrisiën | 23 | 47,9 | 2 | 4,2 | 23 | 47,9 | 48 | 100,0 |
| Ambagsman | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 100,0 |
| Ander | 22 | 26,2 | 29 | 34,5 | 33 | 39,3 | 84 | 100,0 |
| TOTAAL | 905 | 24,1 | 1266 | 33,7 | 1585 | 42,2 | 3756 | 100,0 |

ingenieur (47,6 persent by standerd 10, maar nie by standerd 8 nie), tegnikus (49,5 persent by standerd 8; 60,7 persent by standerd 10) en elektrisiën (56,3 persent by standerd 8; 47,9 persent by standerd 10). Vir dié wat ambagsman wil word, is daar 'n sterker kommunikasie-oriëntering by standerd

8, wat onrealisties lyk; daar is geen voornemende ambags=manne by standerd 10 nie. Die relatiewe sterk praktiese-oriëntering by landmeter (50 persent by standerd 10) lyk ook realisties, hoewel 'n mens 'n sterker teoretiese oriëntering as 25 persent sou verwag. Ook die relatiewe sterk praktiese-oriëntering by mediese dokter, tandheelkundige en radiografie, as tweede-sterkste oriëntering, lyk realisties.

By die regsgeleerde, onderwyser, maatskaplike werker, gods=dienswerker en omroeper sou daar verwag word dat 'n meer kommunikatiewe-oriëntering verkry sou kon word. Tabel 5.15 en 5.16 staaf hierdie bewering, naamlik regsgeleerde (44,8 persent by standerd 8 en 56,1 persent by standerd 10); onder=wyser (38,5 persent by standerd 8 en 42,8 persent by standerd 10); maatskaplike werker (46,7 persent by standerd 8 en 46,2 persent by standerd 10); godsdienswerker (54,2 by standerd 10) en omroeper (63,9 persent by standerd 10). By die stan=derd 8 leerlinge wat rekenmeester wou word, is daar 'n sterker kommunikatiewe-oriëntering (51,4 persent) gevind wat onrea=listies is, aangesien 'n meer teoretiese-oriëntering hier ver=wag sou word, soos wel gevind by standerd 10 leerlinge (slegs 36,5 persent kommunikatief teenoor 50,9 teoreties). Die standerd 8 leerlinge wat ambagsmanne wou word, het 'n sterk kommunikatiewe-oriëntering (50,0 persent) getoon, terwyl 'n meer praktiese oriëntering (slegs 37,5 persent) hier verwag sou word.

Waar 'n sterk teoretiese-oriëntering by leerlinge wat weten=

skaplike, mediese dokter en tandarts gekies het, verwag sou word, is dit wel gevind soos weergegee in tabel 5.15 en 5.16. So het die leerlinge wat wetenskaplikes wou word (41,7 per= sent by standerd 8), mediese dokter (42,0 persent by standerd 8 en 46,3 persent by standerd 10) en tandarts (45,2 persent by standerd 10) ŉ sterk teoretiese neiging getoon.

## 5.4. DIE BEROEPSKENNIS VAN LEERLINGE

### 5.4.1. Die algemene beroepskennis van senior leerlinge in Qwaqwa

Hollingworth het reeds in 1929 (p.197) die stelling gemaak dat ŉ persoon skaars belangstelling en realistiese verwag= tings in ŉ saak kan toon, indien hy geen kennis daarvan dra nie. Hoe meer daar aangaande ŉ saak geleer word, hoe meer sal ŉ persoon se kennis toeneem, wat sy belangstelling sal prikkel.

Die ontleding van die kennis van senior leerlinge in Qwaqwa is aansluitend tot ŉ ontleding van hul beroepsverwagtings en voorkeure gemaak. Omdat beroepskennis moeilik bepaalbaar is, is slegs vier basiese vrae aan leerlinge gestel om hul algemene beroepskennis te peil. Die vrae wat gevra is, is die volgende:

- Wat is die minimum kwalifikasie om die volgende beroepe te mag beoefen?
- Hoe lank na skool dink jy, moet jy ten minste studeer om die volgende beroepe te mag beoefen?

- By watter tipe naskoolse inrigting kan jy verder studeer vir die volgende beroepe?
- Wat dink jy, is die maandelikse beginsalaris van die vol= gende beroepe?

Weens die ryke verskeidenheid van beroepe kon die kennis ten opsigte van alle beroepe nie getoets word nie. Slegs drie bekende beroepe naamlik mediese dokter, tegnikus en onderwy= ser is geselekteer. Hierdie drie beroepe verteenwoordig hoofsaaklik die teoretiese, praktiese en kommunikatiewe beroepe onderskeidelik. As gevolg van die vier vrae met drie onderafdelings elk is daar twaalf antwoorde per leer= ling verkry.

Wat vraag 1 betref, naamlik die minimum kwalifikasie benodig om 'n beroep te beoefen, is vyf moontlikhede verskaf (sien vraelys in bylae). Vir die beroep mediese dokter word 'n graad as minimum kwalifikasie gestel en vir die beroep onder= wyser, 'n diploma. Die minimum kwalifikasie vir 'n tegnikus is beide standerd 8 en standerd 10.

Vraag 2 het die kennis met betrekking tot die studietydperk getoets. Die studietydperk vir 'n mediese dokter is 7 jaar, 'n tegnikus 3 jaar en 'n onderwyser 2 of 3 jaar. Die kennis ten opsigte van die tipe naskoolse inrigting is deur vraag 3 getoets. Vir 'n mediese dokter, tegnikus en onderwyser is universiteit, technikon, en kollege of universiteit onderskeidelik as korrekte antwoorde aanvaar. Die maandelikse aanvangsalaris soos in vraag 4 getoets, word vir mediese dokter op R1000,

en 'n tegnikus en onderwyser elk op R300 gestel*.

Nadat elke vraag van elke leerling vir standerd 8 en 10 nagesien en aangeteken is, is tabel 5.17 opgestel. Uit

TABEL 5.17 QWAQWA, 1981, DIE ALGEMENE BEROEPSKENNIS VAN SENIOR LEERLINGE (STANDERD 8 EN 10)

| Antwoord verstrek | Getal | Persentasie |
|---|---|---|
| Korrek | 4010 | 49,7 |
| Verkeerd | 3110 | 38,6 |
| Nie geweet nie | 944 | 11,7 |
| TOTAAL | 8064 | 100,0 |

hierdie tabel blyk dit dat slegs 49,7 persent die vrae kor= rek geantwoord het. In die lig van die vier eenvoudige vrae kan 49,7 persent as baie swak beskou word. Ontstellend is die feit dat 38,6 persent gedink het hulle weet, maar ver= keerd geantwoord het. Buiten hierdie 38,6 persent wat ver= keerd geantwoord het, het 11,8 persent aangetoon dat hulle nie geweet het nie. In werklikheid kom dit daarop neer dat die helfte van die leerlinge nie die elementêre kennis gehad het om hierdie vier eenvoudige vrae korrek te beantwoord nie.

5.4.2. Die invloed van skoolstanderd op die beroepskennis van leerlinge

Uit afdeling 5.2.2. het die feit na vore gekom dat standerd 10 leerlinge 'n hoër beroepsverwagting as standerd 8 leerlinge

---

*Volgens staatsdiensskale, 1981.

koester. Die rede vir hierdie verskynsel kan moontlik gevind word in òf die beroepskennis van standerd 10 leerlinge wat veel beter sou wees as dié van standerd 8 leerlinge, òf dat hul 'n meer geselekteerde groep is, òf in die hoër verwagting wat spruit uit die standerd tien leerlinge se hoër kwalifi= kasie.

TABEL 5.18 QWAQWA, 1981, DIE INVLOED VAN SKOOLSTANDERD OP DIE BEROEPSKENNIS VAN LEERLINGE

| Antwoord verstrek | Standerd 8 | | Standerd 10 | | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|
| | Getal | % | Getal | % | |
| Korrek | 1978 | 45,9 | 2032 | 54,1 | 4010 |
| Verkeerd | 1672 | 38,8 | 1438 | 38,3 | 3110 |
| Nie geweet nie | 658 | 15,3 | 286 | 7,6 | 944 |
| TOTAAL | 4308 | 100,0 | 3756 | 100,0 | 8064 |

Tabel 5.18 toon die verskil in die beroepskennis wat hier getoets is van standerd 8 en standerd 10 leerlinge aan. Van die standerd 8 leerlinge wat ondervra is, het slegs 45,9 persent die vrae korrek geantwoord, terwyl 54,1 persent van die standerd 10 leerlinge korrek geantwoord het. Byna dieselfde persentasie standerd 8 (38,8 persent) as standerd 10 (38,3 persent) leerlinge het op die vrae verkeerd geant= woord. Minder van die standerd 10 leerlinge het geantwoord dat hulle nie weet nie.

Die $\chi^2$ kan nou met behulp van tabel 5.18, afsonderlik vir standerd 8 en 10 uitgewerk word, om vas te stel of daar 'n verband bestaan tussen die standerd en die vrae wat korrek beantwoord is. Die Chi-kwadraat ( $\chi^2$ )-toets sien soos volg daar uit:

$$\chi^2 = \sum \frac{(w-v)^2}{v}$$

met w = waargenome waarde

en v = verwagte waarde

<u>$\chi^2$ vir standerd 8 is</u>:

$$v = \frac{\text{Totaal korrekte antwoorde st.8 en 10 x Tot antw st.8}}{\text{Totale antwoorde verstrek deur st. 8 en 10}}$$

Verwagte waarde van die korrekte antwoorde (1978):

$$v_1 = \frac{4010 \times 4308}{8064}$$

$$= 2142,247$$

Verwagte waarde van die verkeerde antwoorde (1672):

$$v_2 = \frac{3110 \times 4308}{8064}$$

$$= 1661,443$$

Verwagte waarde van "nie geweet nie" (658):

$$v_3 = \frac{944 \times 4308}{8064}$$

$$= 504,310$$

| | | | |
|---|---|---|---|
| w | 1978,000 | 1672,000 | 658,000 |
| v | 2142,247 | 1661,443 | 504,310 |
| $\frac{(w-v)^2}{v}$ | 12,59 | 0,07 | 46,84 |

$$\chi^2 = \sum \frac{(w-v)^2}{v}$$

$$= 12{,}59 + 0{,}07 + 46{,}84$$

$$= 59{,}50$$

Die grade van vryheid (gv) is:

gv = (Aantal kolomme in tabel - 1) x (Aantal rye in tabel - 1)

= (2 - 1) x (3 - 1)

= 2

Volgens die $\chi^2$ -tabel is vir 'n gv van 2 by 99 persent seker=heid = 9,210

Met Nulhipotese ($H_o$): Aantal korrekte antwoorde is onaf=hanklik van die standerd.

Aangesien $\chi^2 > 9{,}210$ word die $H_o$ verwerp, daarom kan afgelei word dat daar wel 'n verband tussen die aantal korrekte antwoorde en die standerd bestaan.

$\chi^2$ vir standerd 10 is:

Verwagte waarde van die korrekte antwoorde (2032):

$$v_4 = \frac{4010 \times 3756}{8064}$$

$$= 1867{,}753$$

Verwagte waarde van die verkeerde antwoorde (1438):

$$v_5 = \frac{3110 \times 3756}{8064}$$

$$= 1448,557$$

Verwagte waarde van "nie geweet nie" (286):

$$v_6 = \frac{944 \times 3756}{8064}$$

$$= 439,690$$

| | | | |
|---|---|---|---|
| w | 2032,000 | 1438,000 | 286,000 |
| v | 1867,753 | 1448,557 | 439,690 |
| $\frac{(w-v)^2}{v}$ | 14,44 | 0,08 | 53,72 |

$$\chi^2 = \sum\frac{(w-v)^2}{v}$$

$$= 14,44 + 0,08 + 53,72$$

$$= 68,24$$

Met $\chi^2 = 68,24 > 9,210$ word die $H_o$ verwerp.

Die $\chi^2$ tabelwaarde by 2 grade van vryheid en 99 persent sekerheid is 9,210. Die berekende $\chi^2$ vir standerd 8 en 10 (59,50 en 68,24) is beide groter as die tabelwaarde.

Die $H_o$ word verwerp, gevolglik bestaan daar wel 'n verband tussen die standerd en die aantal korrekte antwoorde verskaf. Hierdie verband in die antwoorde verstrek van hierdie tabel sowel as die tabelle wat hierna volg, is so ooglopend dat geen verdere chi-kwadrate uitgewerk is nie.

### 5.4.3. Die invloed van die gemeenskap op die beroepskennis van leerlinge

In afdeling 5.2.3. is gevind dat daar 'n definitiewe verband bestaan tussen die gemeenskap en die beroepsverwagtings van leerlinge soos weerspieël in hul beroepskeuse. 'n Vergely=king kan nou getref word tussen die beroepskennis van die leerlinge in die drie skole, Makabelane, Sekgutlong en Tshibollo, wat onderskeidelik die stedelike, kosskool en plattelandse skool verteenwoordig.

TABEL 5.19 QWAQWA, 1981, DIE INVLOED VAN DIE GEMEENSKAP OP DIE BEROEPSKENNIS VAN STANDERD 8 LEERLINGE (PERSENTASIE KORREKTE ANTWOORDE VERSTREK)

| Gemeenskap / Kennis t.o.v. | Makabelane | Sekgutlong | Tshibollo |
|---|---|---|---|
| | % | % | % |
| Minimum kwalifikasies | 20,1 | 17,1 | 15,7 |
| Studietydperk | 56,0 | 61,1 | 48,7 |
| Na-skoolse inrigting | 84,3 | 90,3 | 73,7 |
| Beginsalaris | 28,3 | 29,2 | 26,0 |
| [illegible] | 47,2 | 49,4 | 41,0 |

In tabel 5.19 volg die persentasie korrekte antwoorde soos deur die standerd 8 leerlinge van elke skool, op elk van die vier vrae, verstrek. Die plattelandse skool Tshibollo het 'n kleiner persentasie (41,0 persent) korrekte antwoorde as die stedelike (47,2 persent) en kosskool (49,4 persent) gehad. Die stedelike skool het op sy beurt weer 'n kleiner persentasie korrekte antwoorde as die kosskool gehad. Op

elk van die vier vrae het die plattelandse skool minder korrekte antwoorde verstrek as die ander twee skole.

Dit lyk of die invloed wat die gemeenskap op die beroeps=kennis van standerd 8 leerlinge het, ook van toepassing is op standerd 10 leerlinge. Volgens tabel 5.20 was die beroeps=kennis van Tshibollo (52,1 persent) laer as dié van die

TABEL 5.20 QWAQWA, 1981, DIE INVLOED VAN DIE GEMEENSKAP OP DIE BEROEPSKENNIS VAN STANDERD 10 LEERLINGE (PERSENTASIE KORREKTE ANTWOORDE VERSTREK)

| Gemeenskap / Kennis t.o.v. | Makabelane | Sekgutlong | Tshibollo |
|---|---|---|---|
| | % | % | % |
| Minimum kwalifikasies | 26,2 | 23,0 | 15,5 |
| Studietydperk | 67,4 | 66,1 | 64,3 |
| Naskoolse inrigting | 90,9 | 90,6 | 92,9 |
| Beginsalaris | 35,9 | 32,7 | 35,7 |
| TOTAAL | 55,1 | 53,1 | 52,1 |

kosskool Sekgutlong (53,1 persent) en die skool in stede=like gebied, Makabelane ( 55,1 persent). Dis interessant dat 92,9 persent van die leerlinge in Tshibollo die vraag ten opsigte van die naskoolse inrigting korrek beantwoord het. Hoewel die verskille klein is, is dit interessant dat by al die standerdgroepe, die plattelandse leerlinge by Tshibollo se beroepskennis minder is.

Die feit dat die beroepskennis by die plattelandse skool swakker was as by die stedelike en kosskool, sluit aan by die bevindinge in afdeling 5.2.3, naamlik dat die beroeps=

verwagtings van leerlinge in die plattelandse gebied ook laer was. In 'n onderhoud gevoer met die skoolhoof van Tshibollo (Mnr. N.A. Khoapa), op 29 Julie 1981, het hy die bekommernis uitgespreek dat die leerlinge in plattelandse gebiede min te doen het met verskillende beroepe en daarom 'n swakker beroepskennis het.

5.4.4. Die kennis van leerlinge insake enkele beroepe

(a) Die algemene kennis van die beroepe

Soos reeds genoem, word die klem in hierdie afdeling geplaas op die beroep. Die kennis van die leerlinge aangaande die beroep is getoets volgens die genoemde vier vrae en word ten opsigte van die beroepe mediese dokter, tegnikus en onder=wyser afsonderlik bespreek.

TABEL 5.21 QWAQWA, 1981, DIE KORREKTE ANTWOORDE VERSKAF OP VIER VRAE, STANDERD 8 en 10 LEERLINGE

| Standerd / Tipe vraag | Standerd 8 | | Standerd 10 | |
|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % |
| Minimum kwalifikasie | 197 | 18,3 | 226 | 24,1 |
| Studietydperk | 592 | 55,0 | 626 | 66,7 |
| Naskoolse inrigting | 889 | 82,5 | 854 | 91,0 |
| Beginsalaris | 300 | 27,9 | 326 | 34,7 |
| TOTAAL | 1978 | 45,9 | 2032 | 54,1 |

Tabel 5.21 gee 'n samevatting van die kennis van die leerlinge oor al drie bogenoemde beroepe. Die vraag wat deur standerd 8 leerlinge die meeste korrek geantwoord is, handel oor die tipe naskoolse inrigting waarby verdere studie ter kwalifi=

sering van hierdie beroepe gevolg kan word. Sowat 82,5 persent het hier korrek beantwoord. Heelwat minder leer= linge (55,0 persent) het geweet wat die studietydperk vir hierdie drie beroepe is. Die vraag wat handel oor die begin= salaris is slegs deur 27,8 persent standerd 8 leerlinge korrek beantwoord. Die moeilikste vraag vir standerd 8 leer= linge was skynbaar die vraag aangaande die minimum kwalifi= kasie benodig om die genoemde drie beroepe te kon beoefen, omdat slegs 18,3 persent hierdie vraag korrek beantwoord het.

Die standerd 10 leerlinge het hierdie vrae in dieselfde orde van moeilikheid gevind, maar op elke vraag beter gevaar as die standerd 8 leerlinge.

(b) Die beroep mediese dokter

Die kennis van die beroep mediese dokter was veel swakker as vir al drie die beroepe saam, wat betref die aantal ant= woorde korrek verskaf deur senior leerlinge. Teenoor die gemiddelde aantal korrekte antwoorde van 49,7 persent (tabel 5.17) het slegs 45,2 persent die vrae wat betrekking het op die beroep mediese dokter korrek geantwoord.

Dit lyk asof die meeste senior leerlinge (89,7 persent) weet dat 'n mediese dokter slegs by 'n universiteit opgelei kan word (tabel 5.22). Die kennis op die oorblywende drie vrae was in elke geval swakker beantwoord vir die beroep mediese dokter as vir al drie beroepe saam soos weergegee in tabel 5.21. Veral die kennis oor die minimum kwalifikasie waaroor

'n mediese dokter moet beskik, was baie swak. Slegs 7,0 persent het hierdie vraag korrek beantwoord.

TABEL 5.22 QWAQWA, 1981, KENNIS* VAN SENIOR LEERLINGE TEN OPSIGTE VAN DIE BEROEPE MEDIESE DOKTER, TEGNIKUS EN ONDERWYSER

| Beroep / Kennis tov | Mediese dokter | | | | | | Tegnikus | | | | | | Onderwyser | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | St 8 | | St 10 | | TOTAAL | | St 8 | | St 10 | | TOTAAL | | St 8 | | St 10 | | TOTAAL | |
| | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % |
| Minimum kwalifikasie | 18 | 5,0 | 29 | 9,3 | 47 | 7,0 | 143 | 39,9 | 125 | 39,9 | 268 | 39,9 | 36 | 10,0 | 72 | 23,0 | 108 | 16,1 |
| Studietydperk | 191 | 53,2 | 214 | 68,3 | 405 | 60,3 | 98 | 27,3 | 121 | 38,7 | 219 | 32,6 | 303 | 84,4 | 291 | 93,0 | 594 | 88,4 |
| Naskoolse inrigting | 305 | 84,9 | 298 | 95,2 | 603 | 89,7 | 250 | 69,6 | 249 | 79,5 | 499 | 37,2 | 334 | 93,0 | 307 | 98,1 | 641 | 95,4 |
| Beginsalaris | 73 | 20,3 | 87 | 27,8 | 160 | 23,8 | 59 | 16,4 | 61 | 19,5 | 120 | 17,9 | 168 | 46,8 | 178 | 56,8 | 346 | 51,5 |
| TOTAAL | 587 | 40,9 | 628 | 50,2 | 1215 | 45,2 | 550 | 38,3 | 556 | 44,4 | 1106 | 41,2 | 841 | 58,6 | 848 | 67,7 | 1689 | 62,8 |

*Die aantal korrekte antwoorde verskaf

Die kennis van die leerlinge oor die beginsalaris (23,8 persent) was relatief swakker, gemeet aan tabel 5.21. Die beginsalaris, naamlik R1000 per maand, wat as korrek geneem is, word tans deur Suid-Afrikaanse hospitale aan swart geneeshere betaal.

(c) <u>Die beroep tegnikus</u>

Die korrekte antwoorde deur senior leerlinge verskaf op die vier vrae soos uiteengesit in tabel 5.22 insake die beroep tegnikus skyn relatief laag (41,2 persent) te wees. Uit die vraelys blyk dit dat opvallend baie leerlinge aangetoon het dat hul nie geweet het wat die antwoord op al vier die

vrae was nie (19,5 persent). Die rede vir hierdie hoë persentasie persone wat erken het dat hulle nie weet nie, kan moontlik toegeskryf word aan die ongeërgdheid van leer= linge teenoor die beroep tegnikus. Tydens die voltooiing van die vraelyste in Qwaqwa het menige leerlinge die navor= ser en sy helpers gevra of hulle die vrae oor tegnikus ook moet beantwoord, aangesien hulle geen belang by die beroep tegnikus het nie.

Opvallend baie senior leerlinge het die vraag oor die minimum kwalifikasie benodig (39,9 persent) in verhouding tot die algemene antwoord op hierdie vraag (tabel 5.21) korrek beantwoord. Die antwoorde op die drie ander vrae was rela= tief laer (tabel 5.22). Die kennis ten opsigte van die naskoolse inrigting, studietydperk en die beginsalaris laat veel te wense oor (tabel 5.22). Veral die kennis oor die beginsalaris van 'n tegnikus word meestal onderskat. Slegs 17,9 persent het die beginsalaris wat deur 'n tegnikus ver= dien word, korrek beantwoord. Die salaris wat as korrek geneem is, is R300, wat tans deur onder ander die Poskantoor betaal word.

(d) Die beroep onderwyser

Die algemene beroepskennis van senior leerlinge insake die beroep onderwyser was die beste van al drie die beroepe onder bespreking. Sowat 62,8 persent (tabel 5.22) het kor= rek op al vier die vrae geantwoord.

Die meeste vrae ten opsigte van die onderwyser het 'n rela= tief hoë persentasie korrekte antwoorde bevat, behalwe die vraag wat die vraag oor die minimum kwalifikasie vereis, getoets het. Hier was die korrekte persentasie slegs 16,1 persent (tabel 5.22), omdat die oorgrote meerderheid leer= linge standerd 8 as die minimum vereiste beskou het. Om 'n vaste aanstelling as onderwyser te kry word 'n primêre of sekondêre onderwysdiploma vereis. Beide twee en drie jaar is korrek geneem wat betref die studietydperk vir onderwy= sers, gevolglik het 88,4 persent hier korrek geantwoord. Die naskoolse studie-inrigting is deur 95,4 persent korrek geantwoord, terwyl 51,5 persent die beginsalaris reg gehad het. Die beginsalaris van onderwysers is volgens die Depar= tement van Onderwys en Opleiding ongeveer R300 per maand.

Na die individuele bespreking van die beroep mediese dokter, tegnikus en onderwyser, het dit duidelik na vore gekom dat leerlinge oor die beste beroepskennis van die beroep onder= wyser beskik het. Anders as wat verwag kon word, is die beroepskennis oor die beroep tegnikus die swakste.

### 5.4.5. Die verband tussen die beroepsverwagting en beroeps= kennis van leerlinge

(a) Algemene opmerkings

Hierdie afdeling lê meer klem op die beroepsverwagtings soos weerspieël deur die beroepskeuse van leerlinge en hul spesi= fieke kennis aangaande daardie beroep. Die indeling van die beroepe volgens die beroepskennis is aangepas by die breë

raamwerk soos gestel in afdeling 5.4.4, naamlik mediese beroepe, tegniese beroepe en die onderwysberoep. Die groot aantal beroepe wat deur leerlinge gekies is, is vir hierdie doel gereduseer tot die volgende beroepskeuses:

- Mediese dokter
- Verpleegster
- Tegnikus
- Onderwyser
- Ander beroepe

Elkeen van hierdie beroepe word in verband gebring met die kennis wat die leerlinge besit van die drie beroepe wat in afdeling 5.4.4. bespreek is, naamlik mediese dokter, tegni= kus en onderwyser. Spesiale aandag sal byvoorbeeld aan kennis aangaande die beroep mediese dokter gegee word, waar die leerling aangetoon het dat hy die beroep mediese dokter of verpleging wou volg. Op dieselfde wyse sal die beroeps= verwagting en kennis van die tegniese, en daarna die onder= wysberoep in verband met mekaar gebring word.

(b) <u>Die verband tussen die beroepsverwagting en beroeps= kennis ten opsigte van die minimum kwalifikasie vereis</u>

Die senior leerlinge wat die beroep mediese dokter wil volg, het 'n uiters swak kennis van die minimum kwalifikasie wat vereis word om hierdie beroep te volg. Slegs 1,8 persent het korrek geantwoord. Tabel 5.23 toon aan dat hierdie groep leerlinge se kennis ten opsigte van die beroep tegni= kus veel beter is (47,4 persent) as hul kennis aangaande mediese dokter.

TABEL 5.23 QWAQWA, 1981, DIE BEROEPSKENNIS VAN SENIOR LEERLINGE VOLGENS BEROEPSKEUSE

| Kennis tov / Beroepskeuse | Minimum kwalifikasie | | | | | | Studietydperk | | | | | | Naskoolse inrigting | | | | | | Beginsalaris | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | St 8 | | St 10 | | TOTAAL | | St 8 | | St 10 | | TOTAAL | | St 8 | | St 10 | | TOTAAL | | St 8 | | St 10 | | TOTAAL | |
| | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % |
| **Mediese dokter gekies:** | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| (i) Mediese dokter | 1 | 3,6 | 0 | 0,0 | 1 | 1,8 | 23 | 82,2 | 16 | 55,2 | 39 | 68,4 | 28 | 100,0 | 29 | 100,0 | 57 | 100,0 | 9 | 32,1 | 10 | 34,5 | 19 | 33,3 |
| (ii) Tegnikus | 13 | 46,5 | 14 | 48,3 | 27 | 47,4 | 3 | 10,7 | 16 | 55,2 | 19 | 33,3 | 20 | 71,4 | 22 | 75,9 | 42 | 73,7 | 7 | 25,0 | 7 | 24,1 | 14 | 24,6 |
| (iii) Onderwyser | 1 | 3,6 | 6 | 20,7 | 7 | 12,3 | 21 | 75,0 | 26 | 89,6 | 47 | 82,5 | 25 | 89,3 | 28 | 96,5 | 53 | 93,0 | 12 | 42,8 | 18 | 62,1 | 30 | 52,6 |
| **Verpleegster gekies:** | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| (i) Mediese dokter | 7 | 6,1 | 6 | 7,7 | 13 | 6,8 | 52 | 45,6 | 57 | 73,1 | 109 | 56,8 | 101 | 88,6 | 72 | 92,2 | 173 | 90,1 | 21 | 18,4 | 15 | 19,2 | 36 | 18,8 |
| (ii) Tegnikus | 43 | 37,7 | 31 | 39,7 | 74 | 38,5 | 26 | 22,8 | 27 | 34,6 | 53 | 27,6 | 80 | 70,2 | 60 | 76,9 | 140 | 72,9 | 11 | 9,7 | 15 | 19,2 | 26 | 13,5 |
| (iii) Onderwyser | 15 | 13,2 | 15 | 19,2 | 30 | 15,6 | 99 | 86,8 | 69 | 88,5 | 168 | 87,5 | 109 | 95,6 | 75 | 96,1 | 184 | 95,8 | 58 | 50,9 | 44 | 56,4 | 102 | 53,1 |
| **Tegnikus gekies:** | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| (i) Mediese dokter | 3 | 18,8 | 0 | 0,0 | 3 | 13,0 | 9 | 56,2 | 5 | 71,4 | 14 | 60,9 | 11 | 68,7 | 7 | 100,0 | 18 | 78,3 | 2 | 12,5 | 3 | 42,9 | 5 | 21,7 |
| (ii) Tegnikus | 10 | 62,4 | 2 | 28,6 | 12 | 52,2 | 10 | 62,5 | 4 | 57,1 | 14 | 60,9 | 12 | 75,0 | 7 | 100,0 | 19 | 82,6 | 2 | 12,5 | 3 | 42,9 | 5 | 21,7 |
| (iii) Onderwyser | 2 | 12,5 | 2 | 28,6 | 4 | 17,4 | 15 | 93,7 | 6 | 85,7 | 21 | 91,3 | 14 | 87,5 | 7 | 100,0 | 21 | 91,3 | 5 | 31,3 | 3 | 42,9 | 8 | 34,8 |
| **Onderwyser gekies:** | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| (i) Mediese dokter | 3 | 3,9 | 4 | 9,5 | 7 | 5,9 | 42 | 55,3 | 29 | 69,1 | 71 | 60,2 | 62 | 81,6 | 41 | 97,6 | 103 | 87,3 | 14 | 18,4 | 13 | 31,0 | 27 | 22,9 |
| (ii) Tegnikus | 35 | 46,1 | 16 | 38,1 | 51 | 43,2 | 25 | 32,9 | 15 | 35,7 | 40 | 33,9 | 58 | 76,3 | 34 | 81,0 | 92 | 78,0 | 16 | 21,1 | 10 | 23,8 | 26 | 22,0 |
| (iii) Onderwyser | 9 | 11,8 | 13 | 30,9 | 22 | 18,6 | 67 | 88,2 | 41 | 97,6 | 108 | 91,5 | 73 | 96,1 | 42 | 100,0 | 115 | 97,5 | 36 | 47,4 | 24 | 57,1 | 60 | 50,9 |
| **Ander beroepe gekies:** | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| (i) Mediese dokter | 4 | 3,2 | 19 | 12,1 | 23 | 8,2 | 65 | 52,0 | 107 | 68,1 | 172 | 61,0 | 103 | 82,4 | 149 | 94,8 | 252 | 89,4 | 27 | 21,6 | 46 | 29,3 | 73 | 25,9 |
| (ii) Tegnikus | 42 | 33,6 | 62 | 39,5 | 104 | 36,9 | 34 | 27,2 | 59 | 37,6 | 93 | 33,0 | 80 | 64,0 | 126 | 80,2 | 206 | 73,1 | 23 | 18,4 | 26 | 16,6 | 49 | 17,4 |
| (iii) Onderwyser | 9 | 7,2 | 36 | 22,9 | 45 | 16,0 | 101 | 80,8 | 149 | 94,9 | 250 | 88,7 | 113 | 90,4 | 155 | 98,7 | 268 | 95,0 | 57 | 45,6 | 89 | 56,6 | 146 | 51,8 |
| **TOTAAL:** | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| (i) Mediese dokter | 18 | 5,0 | 29 | 9,3 | 47 | 7,0 | 191 | 53,2 | 214 | 68,3 | 405 | 60,3 | 305 | 84,9 | 298 | 95,2 | 603 | 89,7 | 73 | 20,3 | 87 | 27,8 | 160 | 23,8 |
| (ii) Tegnikus | 143 | 39,9 | 125 | 39,9 | 268 | 39,9 | 98 | 27,3 | 121 | 38,7 | 219 | 32,6 | 250 | 69,6 | 249 | 79,5 | 499 | 74,3 | 59 | 16,4 | 61 | 19,5 | 120 | 17,9 |
| (iii) Onderwyser | 36 | 10,0 | 72 | 23,0 | 108 | 16,1 | 303 | 84,4 | 291 | 93,0 | 594 | 88,4 | 334 | 93,0 | 309 | 98,1 | 641 | 95,4 | 168 | 46,8 | 178 | 56,8 | 346 | 51,5 |

Die leerlinge wat verpleging as beroep gekies het, het maar effens beter gevaar in bogenoemde vraag as die groep wat mediese dokter gekies het. Hier het 6,8 persent die vraag korrek beantwoord.

Die groep leerlinge wat die beroep onderwyser gekies het, het in bogenoemde vraag slegs 18,6 persent korrek geantwoord.

Volgens tabel 5.21 blyk dit dat die vraag oor die minimum kwalifikasie verreweg die moeilikste vraag was. Daar kon egter verwag word dat hierdie kennis oor die bepaalde beroep wat gekies is, beter sou wees. Geen ooreenstemming bestaan egter tussen die beroepsverwagtings van die leerlinge en die kennis van hierdie bepaalde aspek van die beroep nie.

Die minimum kwalifikasie vereis vir 'n beroep is 'n belangrike aspek wat die leerlinge behoort te lei in hul beroepskeuse. Tog lyk dit asof hierdie aspek hoegenaamd geen positiewe invloed kon uitoefen op hul keuse nie, vanweë die gebrekkige kennis hiervan. Die gebrek aan hierdie kennis kan eerder as bydraende faktor tot onrealistiese beroepskeuses gesien word.

(c) Die verband tussen die beroepsverwagting en beroeps=kennis ten opsigte van die minimum studietydperk na skool

Wat bogenoemde vraag betref skyn daar 'n verband te wees tussen die beroepsverwagting en beroepskennis van die senior leerling wat mediese dokter wou word. Uit tabel 5.23 volg

dit dat 68,4 persent van die groep leerlinge wat mediese dokter wou word, bogenoemde vraag oor mediese dokter korrek beantwoord het. Interessant is die feit dat die kennis van die groep wat verpleegster wou word, veel laer is, omdat slegs 56,8 persent die vraag wat betrekking het op mediese dokter korrek kon beantwoord. Sowat 87,5 persent van hier= die groep het die vraag wat toegespits was op die onderwyser, korrek beantwoord. Uit die groep wat tegnikus wou word, het 60,9 persent die vraag oor tegnikus korrek beantwoord. Soveel as 91,5 persent van die senior leerlinge wat onder= wyser wou word, het die betrokke vraag wat handel oor die onderwyser korrek beantwoord.

Oor die algemeen is die kennis van leerlinge oor die minimum tydperk van studie na skool beter as hul kennis oor die minimum kwalifikasie. Die persentasie korrekte antwoorde verskaf, was volgens tabel 5.23 nie betekenisvol hoog nie, behalwe in die geval van die beroep onderwyser. Met hierdie relatief eenvoudige vraag sou heelwat meer antwoorde korrek moes gewees het, indien die leerlinge voldoende kennis gehad het om 'n weldeurdagte keuse te kon uitoefen.

(d) <u>Die verband tussen die beroepsverwagting en beroeps= kennis ten opsigte van die naskoolse studie-inrigting</u>

Van al vier die vrae was die persentasie korrekte antwoorde op bogenoemde vraag die hoogste, soos reeds aangetoon in tabel 5.21. Die senior leerlinge wat mediese dokter wou word, het almal hierdie vraag oor die mediese beroep korrek

beantwoord. Die persentasie korrekte antwoorde op hierdie vraag onder die groep wat verpleegster gekies het, was ook baie hoog, naamlik 90,1 persent (tabel 5.23).

Nie baie leerlinge het skynbaar geweet wat 'n technikon is nie, aangesien hierdie vraag vir die beroep tegnikus die swakste beantwoord is. Selfs van die leerlinge wat tegnici wou word, het 82,6 persent hierdie vraag korrek gehad. Dit is relatief laag as die besondere eenvoudigheid van hierdie vraag in ag geneem word. 'n Baie sterk verband bestaan tussen die leerlinge wat onderwyser wou word en hul kennis oor hierdie aspek van die beroep onderwyser (97,5 persent in tabel 5.23).

Uit tabel 5.23 blyk dit dat die kennis oor die tipe naskoolse inrigting baie goed is. Die feit dat die meeste van hierdie leerlinge hierdie vraag korrek beantwoord het, toon aan dat hulle weet waarheen hulle na skool wil gaan. Wat hulle egter hier te wagte kan wees, is aan die meeste leerlinge onbekend.

(e) <u>Die verband tussen die beroepsverwagting en beroeps= kennis ten opsigte van die maandelikse aanvangsalaris</u>

Die aantal korrekte antwoorde ten opsigte van hierdie vraag is, van al vier vrae, die tweede swakste beantwoord. Van die groep senior leerlinge wat mediese dokter wil word, het relatief min geweet dat die aanvangsalaris van 'n mediese dokter R1000 per maand is. Die groep wat verpleegster wil word, het hierdie vraag nog swakker beantwoord (18,8 persent

korrek volgens tabel 5.23).

Die maandelikse aanvangsalaris van 'n tegnikus is ook onder=skat, terwyl die groep wat die beroep van onderwyser gekies het, minder kennis oor die salaris van die onderwyser gehad het, as die groep wat verpleegster wou word.

Uit hierdie ontleding blyk dit dat die besoldiging vir die onderskeie beroepe nie noodwendig die keuse van die leerling kon beïnvloed nie. Daar is 'n baie swak verband tussen die korrekte antwoorde en die beroepskeuse.

Die feit dat die meeste leerlinge die salaris van die mediese dokter te hoog geskat het, en dié van tegnikus te laag, is 'n verdere bewys dat hul beroepsverwagtings ten opsigte van die salarisse van wit-boordjie en blou-boordjie beroepe nie tred hou met die werklikheid nie.

## 5.5. SLOTOPMERKING

Die titel van hierdie verhandeling, naamlik die beroepsver=wagtings en -oriëntering van senior leerlinge in Qwaqwa, impliseer dat beide die beroepsverwagtings en oriëntering gedoen sal word. Weens die uitgebreidheid hiervan kon dit nouliks in een enkele hoofstuk behandel word, daarom word daar hier met die eerste gedeelte volstaan.

Gevolgtrekkings sal op hierdie stadium onvanpas wees, aange=sien die toepassing van hierdie hoofstuk eers in hoofstuk 6 gedoen sal word. Hoofstuk 6 dien die doel om gevolgtrekkings

uit hoofstuk 5 te maak en bevat ook enkele aanbevelings ten opsigte van beroepsoriëntering.

# HOOFSTUK 6. DIE BEROEPSORIëNTERING VAN SENIOR LEERLINGE IN QWAQWA NA AANLEIDING VAN HUL BEROEPSVERWAGTINGS, -VOORKEURE EN -KENNIS

## 6.1. ALGEMEEN

In hierdie hoofstuk sal die drie hipoteses soos gestel in hoofstuk 1, bespreek word aan die hand van die bevindinge in hoofstuk 5. Hierdie aanbevelings sal aansluit by die huidige situasie met betrekking tot skoolvoorligting soos beskryf in hoofstuk 4, en voorts gebaseer word op die agter= grond van hoofstuk 3 waar daar na beroepsvoorligting in internasionale verband gekyk is. Voorts sal die invloede van buite soos bespreek in hoofstuk 2 in ag geneem word. Perspektiewe uit hierdie agtergrondstudies verkry, sal waar paslik uitgelig word.

Die instrument wat hoofsaaklik gebruik word in die beroeps= oriëntering van leerlinge naamlik beroepsvoorligting, sal spesifieke aandag ontvang. Aanbevelings vir beroepsoriën= tering van senior leerlinge in Qwaqwa sal hieruit voortvloei. Wat die empiriese gedeelte van hierdie verhandeling betref, moet hoofstuk 5 en hoofstuk 6 as 'n eenheid beskou word.

## 6.2. BEROEPSORIëNTERING MET INAGNEMING VAN DIE INVLOEDE BUITE DIE SKOOL

Volgens hoofstuk 5 bestaan daar wel 'n verband tussen die invloede van buite en die beroepsverwagtings van leerlinge.

Die hoof-hipotese is opgedeel in verskeie sub-hipoteses wat elk onder sy eie hofie bespreek sal word.

6.2.1. Gemeenskap

Dié sub-hipotese stel dat daar 'n verband bestaan tussen die beroepsverwagtings van leerlinge en die gemeenskap waarbinne hulle hul bevind. Hoewel die verskille ten opsigte van die drie skole in drie gemeenskappe in Qwaqwa nie besonder hoog was nie, het die verwagtings van hierdie leerlinge wel 'n verskil getoon (afdeling 5.2.3).

Uit die literatuur word hierdie bevinding gestaaf. Die struktuur van beroepe verskil volgens Illsley (Doxiadis, 1979, p.87) van gemeenskap tot gemeenskap, in die sin dat dieselfde beroep in verskillende lande, verskillende take behels. In sy werk lewer die mens 'n besondere bydrae tot die uitbouing van sy gemeenskap (Lindhard, 1978, p.3). Die gemeenskap beoordeel hom volgens hierdie bydrae asook aan sy resultate en sy vordering in sy beroep.

Die gemeenskap het ook 'n invloed op sy lede. 'n Sterk interbeïnvloeding van leerlinge, wat beroepskeusekonsentrasies veroorsaak het, is onder die leerlinge in die kosskool gevind. Leerlinge in die stedelike gebied was meer geneig om "hoë professionele" beroepe te kies, en geen leerling hier het tegniese beroepe gekies nie. Die teenoorgestelde was waarneembaar in die plattelandse gebied, waar meer leer=linge die beroep onderwyser gekies het, en hul ook bereid

was om tegniese beroepe te volg.

Wat die beroepskennis van leerlinge volgens gemeenskap betref, (afdeling 5.4.3) is gevind dat die kennis in die stedelike en kosskool veel beter as dié van die plattelandse skool was. Die skoolhoof van die plattelandse gemeenskap Tshibollo het bevestig dat die beroepskennis van sy leerlinge baie swak is. Om dit te verbeter het hy vanaf 1981 reeds met behulp van die Loopbaangids (Departement van Mannekragbe= nutting, 1981), self met beroepsvoorligting deur middel van vertellings, begin.

Die land waar beroepsvoorligting die meeste van gemeenskap tot gemeenskap verskil, is Switserland. Hier verskil al die voorligtingstelsels van kanton tot kanton, terwyl beroeps= voorligting eers in die laaste skooljaar eenvormig aangebied word.

In die beroepsvoorligtingsproses kan daar van velerlei hulp= middele gebruik gemaak word, wat sal aanpas by die behoeftes van elke gemeenskap. So kan die vrye tyd van kosskoolleer= linge doeltreffend bestee word deur byvoorbeeld saans na films oor verskillende beroepe te kyk. 'n Volledige film- katalogus is beskikbaar. Hierdie hulpmiddel kan ook in stedelike gebiede doeltreffend aangewend word om buite skool= ure leerlinge (en selfs hul ouers) te prikkel en hul bewus te maak van die ryke verskeidenheid van beroepe wat beskik= baar is. Op sigself sal dit leerlinge motiveer om doelgerig met hul skoolopleiding voort te gaan. In die plattelandse

gebiede kan die afwesigheid van elektriese krag probleme lewer met die uitvoering van hierdie gedagte.

6.2.2. Ouerhuis

In afdeling 5.2.4. is gevind dat daar 'n negatiewe verband bestaan tussen die beroep wat die ouer volg en die beroep wat die kind wil volg. Baie min van die ouers doen byvoor= beeld professionele werk, terwyl meer as 80 persent van die leerlinge professionele werk gekies het. Hierdie negatiewe verband kan onder meer toegeskryf word aan die hoër onderwys= peil van die kinders teenoor hul ouers, en kan in 'n ont= wikkelende land soos Qwaqwa verwag word.

Uit hoofstuk 2 (afdeling 2.4.) blyk dit uit die literatuur dat die huis waarin die kind grootword 'n definitiewe invloed het op sy beroepsrealisme. Ook Jesser (1976, p.52) is van mening dat die huis die mees deurdringende en bestendige invloed op die ambisies, verwagtings en houdings van die kind het.

In beroepsvoorligting kan die huis waarin die leerling groot= word nie buite rekening gelaat word nie, omdat die kennis wat die leerling in sy ouerhuis opdoen dikwels nie bevorder= lik is vir realistiese beroepsverwagtings nie. Die ouer se beroepsverwagtings kan soms meer onrealisties wees as dié van die kind. Prinsloo (1955, p.3) beweer dat menige ouer bydra tot sy kind se ongeluk, omdat hy sy eie ideale op sy kind wil projekteer.

## 6.2.3. Ouderdom

Uit afdeling 5.2.5. blyk dit dat die beroepsverwagtings van jonger leerlinge hoër is as dié van ouer leerlinge. So byvoorbeeld bevind 82 persent van die standerd 8 leerlinge wat mediese dokters wil word, hulle in die groep 18 jaar en jonger, terwyl veel minder van hierdie jonger groep belang=stel in beroepe soos polisie en verkeer (23 persent) en onderwys (31 persent). In standerd 10 is dieselfde tendens gevind (tabelle 5.9 en 5.10), gevolglik bestaan daar wel ŉ positiewe verband tussen die beroepsverwagtings van leer=linge en hul skoolstanderd en ouderdom.

Die kind se skoollewe as sodanig brei volgens Jesser (1976, p.25) sy belangstelling ten opsigte van die beroepslewe uit. Kennis word daagliks versamel waardeur hy homself oriënteer, en wat daartoe bydra dat hy ŉ realistiese beroepskeuse maak.

Die algemene kennis wat die leerling in sy skoollewe opdoen namate hy ouer word en in standerd vorder, neem sterk toe. Dit veroorsaak dat daar ŉ gaping tussen die kennis en rea=lisme van jonger en ouer leerlinge ontstaan. Beroepsvoor=ligting kan hierdie gaping vernou, indien voldoende inlig=ting reeds vanaf ŉ vroeë stadium aan leerlinge voorsien word.

Beroepsvoorligting in Denemarke slaag goed daarin om hierdie probleem te bowe te kom, deurdat hulle van die standpunt uitgaan dat leerlinge nie in staat is om ŉ sinvolle finale keuse uit te oefen nie. Beroepsvoorligting in Denemarke is

daarop ingestel om leerlinge te help om 'n aantal korttermyn=keuses uit te oefen wat aangepas word namate die leerling vorder. Hierdie korttermynkeuses loop uiteindelik uit op 'n beroepskeuse.

6.2.4. Geslag

Soos algemeen verwag kon word, is daar wel 'n ooglopende verband tussen die beroepsverwagtings van seuns en meisies. Seuns is meer geneig tot mansberoepe soos mediese dokter, ingenieur, ambagsman en elektrisiën, terwyl meisies voorkeur gee aan beroepe soos verpleging en maatskaplike werk (afde=ling 5.2.6.).

In afdeling 2.6. is daar uit die literatuur gevind dat seuns en meisies in byna elke opsig verskil. Dit geld ook vir hul beroepsverwagtings.

Beroepsvoorligting moet deeglik rekening hou met die uiteen=lopende belangstelling en verwagtings wat tussen seuns en meisies bestaan. Met die aanbieding van beroepsvoorligting kan hierdie verskil deeglik benut word. Beroepsvoorligting kan apart vir die twee groepe aangebied word, veral indien daar van massavoorligting gebruik gemaak kan word, soos byvoorbeeld by die vertonings van films.

Indien Qwaqwa van "expert" kennis gebruik wil maak, soos in die geval van Wes-Duitsland (afdeling 3.2.2.) wat van beroeps=voorligtingsagente en buite-instansies gebruik maak, sou die

verdeling in die twee geslagte, hierdie taak vergemaklik. Die voordele wat kenners op die gebied van beroepsvoorlig=ting bied kan hierdeur maksimaal benut word. Ook in Skotland word van 'n unieke buitediens, aanvullend tot beroeps=voorligting in skole, gebruik gemaak. Beroepsvoorligting word aangevul deur die beroepsbeamptes van die "Youth employ=ment service" wat elke skool ten minste 'n halwe skooldag per week besoek.

## 6.3. BEROEPSORIëNTERING NA AANLEIDING VAN DIE LEERLING SE SKOOLPRESTASIE

Volgens afdeling 5.2.7. bestaan daar 'n negatiewe verband tussen die Junie-maand eksamenuitslae van leerlinge en hul beroepsverwagtings soos weerspieël deur hul beroepskeuse. Van die leerlinge wat die swakste presteer, het beroepe gekies wat veel beter prestasies veronderstel.

'n Voorvereiste vir 'n realistiese beroepsverwagting is die besef dat skoolprestasies die werklike toetrede tot verdere opleiding direk beïnvloed. Die aard van die naskoolse oplei=ding sal die toetrede tot 'n sekere beroep bepaal.

Beroepsvoorligting moet daarop ingestel word om leerlinge te wys op die noodsaaklikheid van goeie eksamenuitslae as voorvereiste vir die toetrede tot bepaalde beroepe. Baie leerlinge in Qwaqwa sal op grond van hul skoolprestasies nie eers toelating tot 'n universiteit kan kry nie. Uit 57 senior leerlinge wat mediese dokter as beroep gekies het,

het slegs een leerling bo 60 persent in die Junie-maand eksamen behaal. Waar streng keuring tot die mediese beroep plaasvind, is dit noodsaaklik dat leerlinge hierop gewys moet word.

Korrekte beroepsvoorligting kan leerlinge oriënteer tot beter skoolprestasies, wat sal aanpas by hul beroepsbegeer= tes. Hierdie onrealistiese hoë verwagtings, ten spyte van hul swak prestasies, kan aanleiding gee tot groot frustrasie onder leerlinge.

## 6.4. BEROEPSORIëNTERING NA AANLEIDING VAN DIE VOORKEURE VAN LEERLINGE

Hierdie afdeling hanteer die derde hoof-hipotese. In Qwaqwa is daar gevind dat daar 'n noue verband tussen die oriëntasie van leerlinge ten opsigte van kommunikatiewe , teoretiese en praktiese werk en hul beroepskeuse bestaan (Kyk afdeling 5.3.).

Leerlinge wie se oriëntasie (of ingesteldheid) en aanleg (soos weerspieël in hulle meer algemene voorkeure) meer teoreties gerig is, kies beroepe wat daardie aanleg vereis. Dieselfde geld vir kommunikatiewe en praktiese oriëntasie. Die leerlinge mik egter net te hoog. 'n Goeie instrument van beroepsoriëntasie kan dus help om hul sterkste rigtings aan te toon. Indien toetse van aanleg in dieselfde rigtings later kan bykom, kan die oriëntasie bevestig word en die vlak daarvan bepaal word. Voorts moet beroepsvoorligting

gegee word om leerlinge kennis te laat maak met hul sterk punte en die vlak daarvan.

Daar bestaan 'n teenstrydigheid tussen beroepsvoorkeure van leerlinge aan die een kant en beskikbare beroepsgeleenthede aan die ander kant (Hobbs, 1965, p.299). Wanneer hierdie leerlinge in die werklike beroepsituasie staan, blameer hulle die skool wat hulle nie van die nodige beroepsvoorlig= ting voorsien het nie.

Beroepsvoorligting moet so aangewend word dat dit nie slegs die verwagtings van leerlinge sal beïnvloed nie, maar ook hul kennis sodanig sal uitbrei dat hul voorkeure meer rea= listies sal wees.

## 6.5. BEROEPSORIËNTERING MET INAGNEMING VAN DIE BEROEPSVER= WAGTINGS EN KENNIS VAN SEKERE BEROEPE

Die eerste hoof-hipotese soos in hoofstuk 1 gestel, dat daar 'n verband bestaan tussen die beroepsverwagtings van leerlinge in Qwaqwa en hul kennis aangaande die beroepswêreld, sal nou onder verskeie subhoofde hanteer word.

### 6.5.1. Professionele beroepe

(a) Algemeen

Die algemene kennis van leerlinge in Qwaqwa aangaande beroepe is volgens tabel 5.21 relatief swak, waar slegs 45,9 persent van die standerd 8 en 54,1 persent van die standerd 10 leer=

linge die vrae korrek beantwoord het, gevolglik is daar in die lig van hul hoë verwagtings 'n negatiewe verband tussen hul beroepsverwagtings en hul kennis.

Wat die beroepsverwagtings van leerlinge soos weerspieël deur hul beroepskeuse betref, skyn dit of die professionele beroepe 'n besondere bekoring inhou (80,1 persent in tabel 5.1) nieteenstaande hul besondere swak kennis oor hierdie beroepe. Hierdie belangstelling in professionele beroepe het sterk toegeneem van standerd 8 na standerd 10. Die dui= delike toename in die verwagtings van leerlinge met standerd 8 en hoër ten opsigte van professionele beroepe, en die uit= eindelike toetrede tot hierdie beroepe, toon aan dat daar 'n sterk onrealistiese verwagting ten opsigte van professionele beroepe bestaan.

Die onrealistiese beroepsverwagtings van leerlinge ten opsigte van wit-boordjie werk is 'n wêreldwye verskynsel veral in ontwikkelende lande. Amadi (1979, p.175) beweer dat daar 'n swak verband tussen die mannekragbehoeftes en die studente se beroepsverwagtings bestaan, aangesien die meeste studente (in Nigerië) geaspireer het vir "prestige" beroepe. Ook Perry (n.d. p.82) beweer dat dieselfde tendens onder Kleur= linge en Indiërs in Durban voorkom.

Beroepsvoorligting moet bogenoemde onrealistiese verwagtings deeglik in ag neem. Leerlinge moet daarop gewys word dat slegs 19,7 persent van alle Suid-Sotho in 1970 met standerd 8 en hoër uiteindelik 'n professionele beroep volg. Die

bestaande professionele poste kon wel matig toegeneem het, maar dit is onwaarskynlik dat die professionele beroepsge= leenthede die vlak van hul verwagtings sal bereik.

Hierdie onrealistiese beroepsverwagtings ten opsigte van professionele beroepe is 'n teken dat leerlinge oor te min kennis ten opsigte van verskeie beroepe beskik. Die onrea= lisme wat spruit uit 'n tekort aan kennis is reeds in 1929 deur Hollingworth (1929, p.197) uitgewys. Die kennis van leerlinge ten opsigte van professionele beroepe moet deur beroepsvoorligting aangevul en verbeter word, sodat die leerlinge georiënteer kan word tot realisme.

Hoewel 'n persoon gelei en georiënteer kan word tot 'n realis= tiese beroepskeuse, is daar volgens Wolfbein (1967, p.99) steeds baie probleme wat die beroepsvoorligter in ag moet neem. So byvoorbeeld moet die houding wat 'n leerling inslaan ten opsigte van 'n sekere beroep eers verander word. Hierdie houding kon die leerling alreeds sedert sy jongste kinderjare opgedoen het, wat met behulp van sy emosies, sy verwagtings gevorm het.

Die stigting van 'n universiteit by Qwaqwa kan meehelp om studente in professionele beroepe te laat kwalifiseer. Die universiteit as sodanig kan ook die onrealistiese beroeps= verwagtings van sekere leerlinge versterk. Dit is belangrik dat voornemende studente deeglik ingelig moet word insake die toelatingsvereistes van 'n universiteit, aangesien daar nie van 'n jong universiteit verwag kan word om 'n swak naam te verkry weens verlaagde toelatingsvereistes nie.

(b) Mediese beroepe

Die onrealisme in die senior leerlinge van Qwaqwa se beroeps= verwagtings ten opsigte van professionele beroepe word verder geïllustreer deur die feit dat meer as 40 persent die beroep mediese en tandheelkundige werker wil volg. Slegs 9,5 persent van alle swartes wat oor 'n standerd 8 en hoër kwalifikasie beskik, het in die verlede (1970) hierdie beroep gevolg. 'n Groot gedeelte van hulle was egter hulp= verpleegster. Hoewel die nood aan medici onder die Swartes baie hoog is, is dit hoogs onwaarskynlik dat meer as 40 per= sent uiteindelik hierdie beroep sal kan volg.

Die hipotese word verder gestaaf deur die feit dat hoewel 'n groot persentasie leerlinge die beroep van mediese dokter wou volg, die kennis van hierdie beroep veel swakker as die gemiddelde was. Die mediese beroep is een van die beroepe waar 'n hoë skoolpersentasie benodig word vir toelating tot enige universiteit. Verder word leerlinge onderwerp aan streng keuring.

Die meeste leerlinge het wel geweet dat hul universiteit toe moet gaan om vir mediese dokter te kwalifiseer, maar baie min het geweet wat die beginsalaris of minimum kwalifikasie van 'n mediese dokter is.

Indien beroepsvoorligting so aangebied word dat hierdie basiese vrae van leerlinge beantwoord word, sou dit 'n direkte invloed kon uitoefen op die beroepsverwagtings van leerlinge.

Veral wat hierdie beroep betref, is dit 'n goeie vertrekpunt om leerlinge eers van die elementêre inligting te voorsien, alvorens daar tot die oordra van meer gesofistikeerde kennis oorgegaan word.

(c) <u>Onderwysberoep</u>

Uit die navorsing soos gedoen in hoofstuk 5, blyk dit dat die beroep onderwyser 'n hoë prioriteit onder leerlinge geniet. Dit kan moontlik toegeskryf word daaraan dat dit dié professionele beroep is waarmee die leerling daagliks te doen het, en dat hy daarom 'n besondere verwagting aan= gaande hierdie beroep koester.

Ook die kennis van leerlinge oor die beroep van onderwyser was relatief goed, waar byna 60,0 persent standerd 8 en 67,7 persent van die standerd 10 leerlinge die vier vrae wat gestel is, korrek beantwoord het.

In beroepsvoorligting is dit belangrik dat leerlinge van die veranderinge wat daar in die vereistes vir toetrede tot die onderwysberoep plaasgevind het, kennis moet neem. Baie leerlinge is byvoorbeeld nog onder die indruk dat hulle met 'n standerd 8 kwalifikasie die beroep van onderwyser sal kan beoefen. Leerlinge hoef geensins afgeraai te word om die beroep onderwyser te volg nie, maar moet daarop gewys word dat die huidige situasie, met betrekking tot die onderwys= beroep in Qwaqwa vinnig aangepas word, en derhalwe nie as voorbeeld beskou kan word nie. Daar bestaan steeds 'n groot tekort aan goed gekwalifiseerde onderwysers in Qwaqwa.

6.5.2. Tegniese beroepe

Oor die algemeen bestaan daar 'n neiging by leerlinge om weg te skram van tegniese beroepe. Volgens Rautenbach (1981, p.7) volg slegs ongeveer 0,2 persent van die swart leer=linge met standerd 10, tegniese kursusse. Onder die Blanke standerd 10 leerlinge van Transvaal volg ongeveer 14,3 per=sent tegniese kursusse. 'n Opleidingskoers van 0,2 persent is te laag om aan die huidige en toekomstige ontwikkelings=behoeftes van Qwaqwa en Suid-Afrika te voorsien. Klerck (1981, p.5) beweer dat die uiteindelike doel van beroeps=voorligting moet wees om 'n balans te bewerkstellig tussen die opleiding van skoliere en die mannekragbehoeftes wat daar in Suid-Afrika bestaan.

Dit is jammer dat die leerlinge wat standerd 8 en 10 in Qwaqwa bereik het, geen belangstelling toon in enige tegniese beroepe nie. In 'n land waar die produksie en vervoernywer=heid 'n sterk groei toon, kan daar verwag word dat die werk=geleenthede in hierdie rigting ook sterk sal toeneem. Van die Suid-Sotho met standerd 8 en hoër was 22,8 persent reeds in 1970 by hierdie nywerheid betrokke. Dit nieteen=staande die feit dat daar in 1970 min Swartes was wat oor hierdie kwalifikasie beskik het.

Die beroepsvoorligting in Swede beskik oor 'n unieke stelsel waarvan sekere gedagtes nuttig aangewend kan word, mits dit prakties uitvoerbaar is. Tegniese oriëntering vind hier plaas deurdat die beroepsvoorligting aangevul en toegepas

word deur middel van praktiese werksoriëntering. Dit sluit verpligte werk vir alle leerlinge gedurende vasgestelde tye in sekere nywerhede in. ŉ Voorwaarde vir suksesvolle toe= passing hiervan is dat daar ŉ goeie verhouding tussen die industrie en die skool moet bestaan. Bestaande werkgeleent= hede in die landsekonomie word deeglik in berekening gebring.

Die Hoofminister van Qwaqwa mnr. T.K. Mopeli (S.A.U.K. streek= nuus, 1981-10-27, 13h25) het verklaar dat beroepsoriënte= ringsentrums nodig is om die leerlinge van Qwaqwa in die regte beroepsrigting te stuur. Die teenkanting wat daar onder leerlinge teen tegniese en beroepsopleiding bestaan, kan toegeskryf word aan te min kennis oor tegniese beroepe, en moet deur hierdie sentrums teëgewerk word. Uit die lite= ratuur blyk dit dat beroepsoriënteringsentrums ŉ nuttige hulpmiddel is om kennis van leerlinge te verbreed sodat dit sal bydra tot meer realistiese beroepsverwagtings. Sommige skrywers noem hierdie sentrum ŉ beroepsentrum. ŉ Beroep= sentrum kan volgens Gysbers (1981, p.92) ŉ waardevolle instru= ment wees om die teoretiese kennis van leerlinge en die werk= like werksituasie bymekaar te bring. So ŉ sentrum kan ook baie nuttig deur werkgewers gebruik word wat werknemers soek.

### 6.5.3. Plaas en bosbouwerkers

Volgens Moodie (1981, p.4) bestaan daar ŉ groot tekort aan entrepreneurs in Suid-Afrika. Landboukundiges kan ŉ belang= rike bydrae lewer in die ontwikkeling van entrepreneurskap

binne die landboubedryf. 'n Produktiewe landbou-eenheid kan as 'n klein nywerheid beskou word.

Die beroep plaas en bosbouwerker wil deur geeneen van die leerlinge ondervra in Qwaqwa, gevolg word nie. Daar bestaan blykbaar 'n groot teenkanting teen hierdie beroep omdat dit hoofsaaklik met die beroep arbeider verwar word. Goeie beroepsmoontlikhede bestaan vir leerlinge in hierdie rigting, sowel binne as buite Qwaqwa. In 1970 het byna 4 persent van die Suid-Sotho met 'n kwalifikasie van standerd 8 en hoër hierdie beroep gevolg. Die feit dat Qwaqwa oor sy eie landbouskool beskik, behoort veel beter deur middel van voorligting onder leerlinge gepropageer te word.

## 6.6. BEROEPSORIëNTERING EN DIE KENNISVLAK VAN LEERLINGE

Tolbert (1978, p.1) is van mening dat die beroep slegs realisties gekies kan word indien 'n leerling oor die nodige kennis van hierdie beroep beskik. Waardevolle hulp word verleen aan leerlinge wat wel 'n definitiewe besluit ten opsigte van hul toekomstige beroep geneem het en hul kennis=vlak ten opsigte van hierdie beroep brei daagliks uit. Die probleem vir Newsome (1973, p.65) is egter dat daar min gedoen word aan diegene wat verward en onseker is, wat nog ver van 'n realistiese beroepskeuse staan, en wat oor 'n swak beroepskennis beskik.

Die twee belangrikste vrae wat leerlinge aan Guttman (1979, p.xv) as skoolraadgewer gevra het, was:

- wat moet ek doen na my skoolopleiding?
- waar moet ek die opleiding hiervoor kry?

In hoofstuk 5 (afdeling 5.4.5) is die kennis van leerlinge ten opsigte van hierdie tipe vrae getoets. Die vier elemen=têre vrae wat aan leerlinge gevra is, is relatief swak beantwoord, wat aantoon dat hulle nie oor die primêre kennis ten opsigte van sekere beroepe beskik nie.

Hierdie primêre vrae van leerlinge moet deur die skoolvoor=ligter beantwoord kan word. Beroepsvoorligting moet nie te ingewikkeld gemaak word nie, aangesien die leerlinge gewoon=lik eenvoudige vrae vra oor die beroepe. Indien die onder=wyser hierdie vrae kan beantwoord,is hy volgens Guttman (1979, p.xv) 'n waardevolle vriend en professionele bron.

## 6.7. SLOTOPMERKING

Die oorgang van skool tot werk is volgens Lindhard (1978, p.3) soos 'n bergklimmer wat van een rots na 'n ander beweeg, oor 'n afgrond. Een van die belangrikste besluite in enige mens se lewe is om 'n beroep te kies en daarvoor voor te berei. Hierdie keuse kan 'n aangename of onaangename gebeurtenis wees, afhangende van die kennis waaroor die persoon beskik (Ferris, 1975, p.130).

Hierdie hoofstuk moet nie as 'n bloudruk van 'n nuwe voorlig=tingstelsel vir Qwaqwa beskou word nie. Slegs enkele perspek=tiewe is uitgewys wat ter aanvulling van die reeds bestaande skoolvoorligtingstelsel in Qwaqwa (soos bespreek in hoofstuk 4) kan dien.

# HOOFSTUK 7. GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

## 7.1. GEVOLGTREKKINGS TEN OPSIGTE VAN HIPOTESES

Die eerste hoof-hipotese soos in hoofstuk 1 gestel, naamlik: die beroepsverwagtings van leerlinge in Qwaqwa is nie rea=listies nie vanweë die gebrekkige kennis aangaande die beroepswêreld, word deur sowel die literatuurstudie as die empiriese ondersoek, gestaaf. Reeds in 1929 het Hollingworth (1929, p.197) uitgewys dat beroepsonrealisme onder leerlinge voortspruit uit 'n tekort aan kennis. Verskeie skrywers soos onder andere Newsome (1973, p.65), Guttman (1979, p.xv), Amadi (1979, p.175), Perry (n.d. p.82) en Tolbert (1978, p.1) is dit eens dat die beroep slegs realisties gekies kan word, indien die leerling oor die nodige kennis beskik.

In Qwaqwa is daar gevind dat leerlinge onrealistiese beroeps=keuses maak weens die gebrek aan kennis.

- Die kennis oor die hoë professionele beroepe was relatief swak, nieteenstaande die hoë verwagtings wat van hierdie beroepe gekoester word.
- Die hipotese word verder versterk deurdat 'n groot persen=tasie leerlinge die beroep van mediese dokter wou volg, nieteenstaande daar gevind is dat hul kennis van hierdie beroep swakker as die gemiddelde was.
- Die kennis van die beroep onderwyser is gebaseer op die bestaande situasie in Qwaqwa, en is nie in lyn met die vereistes wat deur die onderwysberoep gestel word nie.

Weens die gebrek aan die regte kennis, lei dit tot onrea= listiese beroepsverwagtings by leerlinge ten opsigte van die onderwysberoep.

- Die beroepsverwagtings van leerlinge in Qwaqwa hou nie tred met die werksgeleenthede beskikbaar nie. So byvoor= beeld wou 40 persent van die senior leerlinge die beroep mediese- en tandheelkundige werker volg, terwyl slegs 9,5 persent van alle Swartes wat in 1970 oor standerd 8 en hoër kwalifikasies beskik het, hierdie beroep gevolg het.
- In Qwaqwa is daar gevind dat baie min leerlinge (0,03 persent) die beroep tegnikus wou volg. Tydens die opname het vele leerlinge navorser genader om seker te maak of dit vir hulle nodig is om die vrae oor tegnikus te beant= woord, aangesien hul geen belangstelling het in hierdie beroepe nie. Hierdie gesindheid onder leerlinge kan moont= lik toegeskryf word aan 'n gebrek aan kennis.
- Ook die Hoofminister van Qwaqwa, mnr. T.K. Mopeli het ver= klaar dat beroepsoriënteringsentrums nodig is om die kennis van leerlinge aangaande tegniese beroepe te verbeter, sodat teenkanting teen tegniese beroepe teëgewerk kan word.

Die tweede hoof-hipotese soos in hoofstuk 1 gestel, naamlik: dat daar verband tussen die invloede van buite en die beroeps= verwagtings van leerlinge bestaan, sal vervolgens aan die hand van die sub-hipoteses bespreek word.

(a) Daar bestaan wel 'n verband tussen die beroepsverwagtings van leerlinge en die gemeenskap waarbinne hulle hul bevind. Uit die literatuur word hierdie bevinding gestaaf. Doxiadis, 1979, p.87; Lindhard, 1978, p.3; Badenhorst, 1975, p.40; Lipsett, 1968, p.112; Groenewald 1963, p.92; Ligon, 1970, p.64 en Weinberg, 1969, p.30 is almal van mening dat die gemeenskap 'n belangrike invloed uitoefen op die beroepsverwagtings van leerlinge en dat dit derhalwe nie geïgnoreer kan word in beroeps= voorligting nie.

In Qwaqwa is daar nie spesifiek daarop klem gelê om verskil= lende gemeenskappe apart te ondersoek nie. Die navorsing is wel gedoen by 'n plattelandse-, stedelike- en kosskool.

- 'n Sterk interbeïnvloeding van leerlinge wat beroepskonsen= trasies veroorsaak is onder leerlinge in die kosskool gevind.
- Leerlinge in die stedelike gebied was meer geneig om hoë professionele beroepe te kies, terwyl geen leerlinge teg= niese beroepe gekies het nie.
- Tegniese beroepskeuses het wel voorgekom onder leerlinge in die plattelandse gebied.

(b) Daar bestaan 'n verband tussen die beroepsverwagtings van leerlinge en die beroep beoefen deur die vader. Uit die literatuur blyk dit dat die kind nie noodwendig die beroep van die ouer volg nie, maar dat die verwagting van die ouer vir sy kind, dikwels hoër kan wees as dié van die kind self (Jesser, 1976, p.52; Prinsloo, 1955, p.3).

In Qwaqwa is daar 'n negatiewe verband gevind tussen die beroep wat die ouer volg, en die beroep wat die kind wil volg.

- Baie min ouers doen byvoorbeeld professionele werk, terwyl meer as 80 persent van die leerlinge professionele beroepe gekies het.
- Hierdie tendens in Qwaqwa is tipies van 'n ontwikkelende land, waar die kinders oor beter kwalifikasies beskik as die ouers.

(c) Daar bestaan 'n verband tussen die beroepsverwagtings van leerlinge en hul ouderdom. Heelwat skrywers is van mening dat 'n beroepskeuse 'n langtermynproses is, wat uit ver= skillende stadia in die kind se lewe bestaan. Vergelyk die bevindinge van Keil (1968, p.164), Ferris (1975, p.134), Ligon (1970, p.107) en van der Walt (1979, p.63).

In Qwaqwa is daar gevind dat daar wel 'n verband bestaan tus= sen die beroepsverwagtings van leerlinge en hul ouderdom.

- Relatief meer jonger leerlinge wil mediese dokter word.
- Jonger leerlinge stel minder belang in beroepe soos polisie en verkeer, en onderwyser.

(d) Daar bestaan 'n verband tussen die beroepsverwagtings en die geslag van die leerlinge. Uit die literatuur is daar bevind dat daar 'n verskil is tussen die beroepsver= wagtings van seuns en meisies. Hierdie verskille is duidelik uitgespel in afdeling 2.6 en word toegelig met aanhalings van Ligon, Sandell, Mortensen en Stefflre.

In Qwaqwa is daar gevind dat daar wel 'n verskil bestaan tussen die beroepsverwagtings van seuns en meisies, soos algemeen verwag sou word.

- Seuns is meer geneig tot mansberoepe soos mediese dokter, ingenieur, ambagsman en elektrisiën.
- Meisies gee voorkeur aan beroepe soos verpleegster en maatskaplike werk.
- Geen meisies het tegniese beroepe gekies nie.

(e) Daar bestaan 'n verband tussen die beroepsverwagtings van leerlinge en hul skoolprestasies. Die graad van oplei= ding en prestasie het 'n direkte invloed op die verwag= ting ten opsigte van die beroep en sy loonskale. Verge= lyk in hierdie verband die werk van Sandell, Lazear, Karlin, Keil, Rees, Langenhoven, Illsley, Coetzee, Rutter en Badenhorst soos aangehaal in afdeling 2.7.

In Qwaqwa is daar 'n negatiewe verband gevind tussen die beroepsverwagtings van leerlinge en hul skoolprestasies.

- Van die leerlinge wat die swakste presteer het, het beroepe gekies wat veel beter prestasies veronderstel.
- Van die standerd 10 leerlinge wat die beroep mediese dokter gekies het, het byna 80 persent in Junie-maand die eksamen gedruip.

Die derde hipotese soos in hoofstuk 1 gestel, naamlik dat daar 'n verband bestaan tussen die beroepsoriëntering van leerlinge wat ingedeel kan word in 'n teoretiese, kommunika= tiewe en praktiese instelling en die beroepskeuse van leer=

linge, word slegs in die empiriese ondersoek behandel.

- Leerlinge wie se ingesteldheid en aanleg meer teoreties gerig is, kies beroepe soos mediese dokter, tandheelkunde en wetenskaplike, wat hoofsaaklik teoretiese opleiding behels.
- Leerlinge met 'n meer praktiese voorkeur, kies beroepe soos ambagsman, ingenieur, tegnikus en elektrisiën, wat 'n meer praktiese aanleg vereis.
- Dieselfde geld vir die leerlinge met kommunikatiewe voor= keure, wat beroepe soos verpleegster, maatskaplike- en godsdienswerker gekies het.

## 7.2. AANBEVELINGS NA AANLEIDING VAN DIE HIPOTESES

Vanweë die gebrekkige kennis van leerlinge in Qwaqwa waar= uit die onrealistiese beroepsverwagtings spruit, sou dit nodig wees om enkele aanbevelings met betrekking tot beroeps= voorligting, wat kan lei tot oriëntering van leerlinge, te doen:

- Leiding moet aan leerlinge gegee word, hoofsaaklik deur hul kennis insake hulleself en beroepe te verbreed. Vol= doende kennis sal die leerling in staat stel om tot rea= lisme te kom, ook wat betref die keuse van sy toekomstige beroep.
- 'n Praktiese benadering tot beroepsvoorligting moet gevolg word waar leerlinge se probleme en vrae daadwerklike aandag sal geniet. Die stelsel wat in Swede in gebruik is, waar beroepsvoorligting met werksessies in die praktyk

gekombineer word, is hier 'n goeie voorbeeld.

- Die relatief lae kennisvlak van leerlinge moet deeglik in ag geneem word by die aanbieding van beroepsvoorligting, en ook in die gebruik van reeds opgestelde sillabusse en handboeke (Kyk hoofstuk 4, afdeling 4.7 en 4.8).
- Daar kan van geen onderwyser verwag word om al die kennis oor al die beroepe in pag te hê nie. Daar kan wel van hom verwag word om kennis te dra van die handboeke, sillabusse, films en inligtingsmateriaal soos uiteengesit in afdelings 4.6 tot 4.12. Met hierdie hulpmiddele byderhand kan die verlangde kennis aan leerlinge oorgedra word.
- In 'n ontwikkelende land, soos Qwaqwa waar opgeleide voor= ligter-onderwysers skaars is, kan daar nuttig gebruik gemaak word van vakspesialiste. In Skotland word daar byvoorbeeld van 'n beroepsbeampte van die "Youth employment service" (YES) gebruik gemaak ter aanvulling van die werk wat in die skool gedoen word.
- Die beroepsvoorligter moet kennis dra van die onrealistiese verwagtings van leerlinge ten opsigte van professionele beroepe. Leerlinge moet daarop gewys word dat hierdie beroepe bepaalde toelatingsvereistes stel.
- Die beroepsverwagtings van leerlinge moet in ooreenstem= ming gebring word met die werksgeleenthede beskikbaar in die land. So word beroepsvoorligting in Denemarke geköör= dineer met die mannekragbehoeftes van dié land, sodat dit verhoed kan word dat potensiële werkloses opgelei word.

- Buite-instansies en maatskappye moet aangemoedig word om skole te besoek soos die geval in Wes-Duitsland is. Selfs die werwingsveldtogte van werkgewers kan doeltreffend gekoördineer word om die kennis van leerlinge te verbreed.
- Die onregverdige teenkanting wat daar teen tegniese beroepe bestaan, moet deur middel van beroepsvoorligting teëgewerk word. Die beroepsoriënteringsentrum wat tans in sy beplan=ningstadium is in Qwaqwa moet nou saamwerk met die beroeps=voorligtingstelsel in skole.
- Wat voorligting in verband met die onderwysberoep betref, moet leerlinge kennis neem van die veranderinge wat daar in die vereistes vir toetrede tot dié beroep plaasgevind het.

Weens die invloede van buite op die beroepsverwagtings van leerlinge, kan daar nou enkele aanbevelings gedoen word, veral hoedat voorligter-onderwysers hierdie faktore in ag moet neem:

- Die beroepsvoorligter-onderwyser moet die faktore wat die houdings van leerlinge in die verlede gerig het in aanmer=king neem by beroepsvoorligting indien hy die leerling suksesvol wil oriënteer.
- Hoewel skoolvoorligting van gemeenskap tot gemeenskap kan verskil is dit noodsaaklik dat beroepsvoorligting eenvor=mig aangebied moet word. In Switserland byvoorbeeld ver=skil algemene voorligting van kanton tot kanton, terwyl beroepsvoorligting eenvormig deur die sentrale owerheid bepaal word.

- Die beroepsvoorligter moet die ouerhuis in aanmerking neem, omdat die kennis wat die leerling in sy ouerhuis opdoen in ŉ ontwikkelende land, dikwels nie bevorderlik is vir die realistiese beroepsverwagtings van leerlinge nie.
- Die gaping wat daar in die realisme van jonger en ouer leerlinge bestaan kan deur middel van beroepsvoorligting vernou word, sodat jonger leerlinge betyds tot realisme gebring kan word.
- Omdat daar so ŉ groot verskil is tussen die beroepskeuse van meisies en seuns, kan massavoorligting vir die twee groepe afsonderlik aangebied word. Die hulpmiddele, soos films (kyk hoofstuk 4) kan hier doeltreffend aangewend word.
- Beroepsvoorligting moet daarop ingestel wees om leerlinge te oriënteer tot beter skoolprestasies, sodat dit sal aan= pas by hul beroepsbegeertes.

In die aanbieding van beroepsvoorligting is ŉ nuttige beroeps= klassifikasie wat gevolg kan word, dié van praktiese , kommunikatiewe en teoretiese beroepe. In die ondersoek is daar gevind dat ŉ sterk positiewe verband bestaan tussen die voorkeure van leerlinge en die keuse van hul beroepe soos geklassifiseer deur hierdie indeling.

## 7.3. ALGEMENE AANBEVELINGS

- In 'n vrye kapitalistiese land, waarvan Qwaqwa deel is, kan geen leerling in 'n rigting gedwing word soos in 'n kommu= nistiese land nie. Verskeie skrywers, onder andere Azuma (Doxiadis, 1979, p.96) is dit eens dat die vryheid van die leerling ook ten opsigte van die beroepskeuse ten alle tye gerespekteer moet word.
- Die uiteindelike beroepskeuse moet die verantwoordelikheid van die leerling wees. Geeneen mag hom die reg toe-eien om namens 'n leerling 'n beroepskeuse of selfs 'n vakkeuse te doen nie. Die finale onus moet by die leerling self berus.
- Beroepsvoorligting moet nie afgewater word deur algemene skoolvoorligting nie. Uit die literatuur blyk dit dat beroepsvoorligting oorspronklik ingestel is, met die ander voorligtingsdienste soos persoons- en onderwysvoorligting as ondersteunende dienste. Beroepsoriëntering het reeds noodsaaklik geword in die tyd toe Adam en Eva uit die Paradys verdryf is en die mens in die sweet van sy aangesig brood moes eet. Die jongeling moet reeds van vroeg af geleer word hoe om lewensbenodigdhede te verkry (kyk ook Wulfsohn, 1959, p.21).
- Beroepsvoorligting is geregtig op 'n regmatige plek in die diens skoolvoorligting. In verskeie lande soos onder andere Switserland en Oostenryk, is hierdie twee reeds van mekaar geskei weens die omvangrykheid van elk.
- Beroepsvoorligting moet nie slegs ingestel wees op die

beroepskeuse nie, maar ook op die inhoudelike van die beroep. Steffler (Shertzer, 1970, p.312) en andere beweer dat 'n persoon se verwagtings verander sodra hy 'n beroep betree. Hierdie verandering kan dikwels 'n skok vir die leerling wees. Beroepsvoorligting kan hierdie skok-effek verminder.

- Beroepsbeplanning is 'n ewig-veranderende proses. In Denemarke word geen leerling se keuse as finaal beskou nie. Met beroepsvoorligting moet volgehou word tot die dag wat die kind die skool verlaat en sy beroep betree. Tot op hierdie stadium "the school has a definite respon= sibility to do its part in assisting youth to develop realistic value conceptions" (Hobbs, 1965, p.299).
- Beroepskeuses word al hoe moeiliker namate meer beroepe en beroepsgebiede op die horison verskyn. Die buigsaam= heid in die aanbieding van beroepsvoorligting moet besef word. Geen voorgeskrewe handboek kan alleen as voldoende beskou word nie.
- Waar die leerling van vandag die werker van môre is, is dit belangrik dat hy deeglik toegelig en voorberei sal word vir die beroepswêreld.
- Met inagneming dat skoolvoorligting eers in 1981 ten volle in skole vir swartes ingestel is, hou hierdie gebied vele verdere navorsingsmoontlikhede in.

BYLAE : VRAELYS EN MEESTER

QWAQWA

3/6/81

VRAELYS AAN STANDERD 8 EN 10 LEERLINGE

QUESTIONNAIRE TO STANDARD 8 AND 10 PUPILS

Naam van skool:
Name of school: ----------------------------------------

Naam van leerling:
Name of pupil : -------------------------------------

Standerd:
Standard: ----------

Geslag:
Sex : ------------

Ouderdom:
Age : ----------

Ouderdom toe jy begin skool gaan het (in SSA):
Age at which you started school (in SSA) : -----------

Jaar toe jy begin skool gaan het (in SSA): 19
Year when you began school (in SSA) : --

Beroep van Vader :
Occupation of Father: ------------------------------------

Beroep van Moeder :
Occupation of Mother: ------------------------------------

Skoolvakke:
Subjects :

1. ----------------------------------------
2. ----------------------------------------
3. ----------------------------------------
4. ----------------------------------------
5. ----------------------------------------
6. ----------------------------------------
7. ----------------------------------------
8. ----------------------------------------

VOLTOOI DIE ONDERSTAANDE VRAE :

COMPLETE THE FOLLOWING QUESTIONS:

1. Watter beroep wil jy die graagste volg, as jy begin werk? ; Which occupation would you most like to follow, when you start working? : --------------------------------------------
2. Watter skoolstanderd dink jy, moet jy slaag om toegelaat te word tot bogenoemde beroep? ; Which school standard do you think that you would have to pass for the above occupation? : Std. -------
3. Hoeveel jare naskoolse opleiding dink jy is nodig om bogenoemde beroep te kan beoefen? ; How many years of post-school training do you think are necessary for the above occupation? : --------- years
4. Hoeveel, dink jy sal 'n persoon tans per maand in hierdie werk verdien? ; How much do you think a person would earn at present if he starts to work in this occupation? : R -----------
5. By watter soort inrigting of plek sal jy die nodige opleiding kry vir die bepaalde werk? ; At which kind of institution or place would you obtain the necessary training for this particular occupation? : -----------
6. Hoekom het jy hierdie beroep gekies? ; Why did you choose this occupation? : -------------------------

-----------------------------------------------------------------

-----------------------------------------------------------------

Vir kantoorgebruik:
For office use :

a)

b)

c)

d)

e)

f)

MERK MET 'n KRUISIE DIE EEN WAT JY VERKIES:

MARK WITH A CROSS THE ONE YOU PREFER :

1. Waar verkies jy om te werk ?
   Where would you prefer to work?

| | | | |
|---|---|---|---|
| a) | ☐ werkswinkel<br>workshop | ☐ laboratorium<br>laboratory | ☐ vertoonkamer<br>showroom |

2. Waarvan hou jy die meeste op skool?
   What do you like most at school ?

| | | | |
|---|---|---|---|
| a) | ☐ debatteer<br>debating | ☐ hout/naaldwerk<br>wood/needlework | ☐ lees en skryf<br>reading and writing |
| b) | ☐ met mense werk<br>working with people | ☐ syfers<br>reckoning | ☐ masjinerie<br>machines |
| c) | ☐ praatwerk<br>talking | ☐ handewerk<br>handwork | ☐ dinkwerk<br>thinking |
| d) | ☐ wiskunde-<br>mathematics tr. | ☐ tale-<br>language training | ☐ vakopleiding<br>vocational training |

3. Wat wil jy die graagste doen ?
   Which one do you prefer to do?

| | | | |
|---|---|---|---|
| a) | ☐ boekhouwerk<br>bookkeeping | ☐ tikwerk<br>typing | ☐ verkoopswerk<br>selling |
| b) | ☐ taal-<br>language teacher | ☐ houtwerk-<br>carpentry teacher | ☐ wetenskaponderwyser<br>science teacher |
| c) | ☐ ingenieur<br>engineer | ☐ advokaat<br>advocate | ☐ rekenmeester<br>accountant |
| d) | ☐ klerk<br>clerk | ☐ werktuigkundige<br>mechanic | ☐ kelner<br>waiter |
| e) | ☐ vertaler<br>translator | ☐ maatskaplik<br>social worker | ☐ apteker<br>chemist |
| f) | ☐ skoonmaker<br>cleaner | ☐ bode<br>messenger | ☐ pompjoggie<br>petrol pump attendant |
| g) | ☐ dokter<br>doctor | ☐ politikus<br>politician | ☐ prokureur<br>attorney |

MAAK 'n KRUISIE IN DIE BLOKKIE WAT JY AS KORREK BESKOU :

PUT A CROSS IN THE SPACE THAT YOU CONSIDER TO BE CORRECT:

1. Wat is die minimum kwalifikasie om die volgende beroepe te mag beoefen?
   What is the minimum qualification needed to practise the following occupations?

blaai om/ turn over

| | Weet nie<br>Don't know | St 8<br>Std 8 | St 10<br>Std 10 | Diploma<br>Diploma | Graad<br>Degree | Doktorsgraad<br>Doctor's degr |
|---|---|---|---|---|---|---|
| a) mediese dokter<br>medical doctor | ☐ | ☐ | ☐ | ☐ | ☐ | ☐ |
| b) tegnikus<br>technician | ☐ | ☐ | ☐ | ☐ | ☐ | ☐ |
| c) onderwyser<br>teacher | ☐ | ☐ | ☐ | ☐ | ☐ | ☐ |

2. Hoe lank na skool dink jy moet jy ten minste studeer om die volgende beroepe te kan beoefen?
   At least how many years after school do you expect to study in order to practise the following occupations?

| | Weet nie<br>Don't know | 0jr<br>0yr | 2jr<br>2yr | 3jr<br>3yr | 4jr<br>4yr | 6jr<br>6yr | 7jr<br>7yr | 9jr<br>9yr |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| a) mediese dokter<br>medical doctor | ☐ | ☐ | ☐ | ☐ | ☐ | ☐ | ☐ | ☐ |
| b) tegnikus<br>technician | ☐ | ☐ | ☐ | ☐ | ☐ | ☐ | ☐ | ☐ |
| c) onderwyser<br>teacher | ☐ | ☐ | ☐ | ☐ | ☐ | ☐ | ☐ | ☐ |

3. By watter tipe Naskoolse inrigting kan jy verder studeer vir die volgende beroepe?
   At which type of post-school institution is it possible to study for the following occupations?

| | Weet nie<br>Don't know | Kollege<br>College | Universiteit<br>University | Technikon<br>Technicon |
|---|---|---|---|---|
| a) mediese dokter<br>medical doctor | ☐ | ☐ | ☐ | ☐ |
| b) tegnikus<br>technician | ☐ | ☐ | ☐ | ☐ |
| c) onderwyser<br>teacher | ☐ | ☐ | ☐ | ☐ |

4. Wat dink jy is die maandelikse beginsalaris van die volgende beroepe
   What do you think would the monthly commencing salary be of the following occupations?

| | Weet nie<br>Don't know | R100 | R300 | R600 | R1000 | R2000 | R4000 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| a) mediese dokter<br>medical doctor | ☐ | ☐ | ☐ | ☐ | ☐ | ☐ | ☐ |
| b) tegnikus<br>technician | ☐ | ☐ | ☐ | ☐ | ☐ | ☐ | ☐ |
| c) onderwyser<br>teacher | ☐ | ☐ | ☐ | ☐ | ☐ | ☐ | ☐ |

MERK MET 'n KRUISIE DIE EEN WAT JY VERKIES:

MARK WITH A CROSS THE ONE YOU PREFER :

1. Waar verkies jy om te werk ?
   Where would you prefer to work?

a) [P] werkswinkel / workshop — [T] laboratorium / laboratory — [K] vertoonkamer / showroom

2. Waarvan hou jy die meeste op skool?
   What do you like most at school ?

a) [K] debatteer / debating — [P] hout/naaldwerk / wood/needlework — [T] lees en skryf / reading and writing

b) [K] met mense werk / working with people — [T] syfers / reckoning — [P] masjinerie / machines

c) [K] praatwerk / talking — [P] handewerk / handwork — [T] dinkwerk / thinking

d) [T] wiskunde- / mathematics tr. — [K] tale- / language training — [P] vakopleiding / vocational training

3. Wat wil jy die graagste doen ?
   Which one do you prefer to do?

a) [T] boekhouwerk / bookkeeping — [P] tikwerk / typing — [K] verkoopswerk / selling

b) [K] taal- / language teacher — [P] houtwerk- / carpentry teacher — [T] wetenskaponderwyser / science teacher

c) [P] ingenieur / engineer — [K] advokaat / advocate — [T] rekenmeester / accountant

d) [T] klerk / clerk — [P] werktuigkundige / mechanic — [K] kelner / waiter

e) [T] vertaler / translator — [K] maatskaplik / social worker — [P] apteker / chemist

f) [P] skoonmaker / cleaner — [K] bode / messenger — [T] pompjoggie / petrol pump attendant

g) [P] dokter / doctor — [K] politikus / politician — [T] prokureur / attorney

MAAK 'n KRUISIE IN DIE BLOKKIE WAT JY AS KORREK BESKOU :

PUT A CROSS IN THE SPACE THAT YOU CONSIDER TO BE CORRECT:

1. Wat is die minimum kwalifikasie om die volgende beroepe te mag beoefen?
   What is the minimum qualification needed to practise the following occupations?

blaai om/ turn over

| | Weet nie Don't know | St 8 Std 8 | St 10 Std 10 | Diploma Diploma | Graad Degree | Doktorsgraad Doctor's degree |
|---|---|---|---|---|---|---|
| a) mediese dokter medical doctor | | | | | X | |
| b) tegnikus technician | | X | X | | | |
| c) onderwyser teacher | | | | | | |

2. Hoe lank na skool dink jy moet jy ten minste studeer om die volgende beroepe te kan beoefen?
   At least how many years after school do you expect to study in order to practise the following occupations?

| | Weet nie Don't know | 0jr 0yr | 2jr 2yr | 3jr 3yr | 4jr 4yr | 6jr 6yr | 7jr 7yr | 9jr 9yr |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| a) mediese dokter medical doctor | | | | | | | X | |
| b) tegnikus technician | | | | X | | | | |
| c) onderwyser teacher | | | X | X | | | | |

3. By watter tipe Naskoolse inrigting kan jy verder studeer vir die volgende beroepe?
   At which type of post-school institution is it possible to study for the following occupations?

| | Weet nie Don't know | Kollege College | Universiteit University | Technikon Technicon |
|---|---|---|---|---|
| a) mediese dokter medical doctor | | | X | |
| b) tegnikus technician | | | | X |
| c) onderwyser teacher | | X | X | |

4. Wat dink jy is die maandelikse beginsalaris van die volgende beroepe?
   What do you think would the monthly commencing salary be of the following occupations?

| | Weet nie Don't know | R100 | R300 | R600 | R1000 | R2000 | R4000 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| a) mediese dokter medical doctor | | | | | X | | |
| b) tegnikus technician | | | X | | | | |
| c) onderwyser teacher | | | X | | | | |

BIBLIOGRAFIE

AMADI, N.J.O. An investigation of the relationship between educational programs and occupational aspirations and opportunities. Ann Arbor: University Microfilms Inter= national, 1979.

AZUMA, H. Discussion. In: Doxiadis, S. (ed). The child in the world of tomorrow: a window into the future. Oxford: Pergamon Press, 1979.

BADENHORST, H.J. Die leerwêreld van die Bantoekind as bele= weniswêreld. Pretoria: RGN, 1975. (no. 53).

BEUKES, J.H. Skoolvoorligting in Switserland. Pretoria: RGN, 1976. (Instituut vir Opvoedkundige Navorsing, verslag no. O-45).

BEUKES, J.H. Skoolvoorligting in Wes-Duitsland. Pretoria: RGN, 1976. (Instituut vir Opvoedkundige Navorsing, verslag no. O-47).

BEUKES, J.H. Skoolvoorligting in Oostenryk. Pretoria: RGN, 1977. (Instituut vir Opvoedkundige Navorsing, verslag no. O-72).

BRAZELLE, R.R. et al. Education in Qwaqwa: planning report 1980. Bloemfontein: UOFS, Research Unit for Education System Planning, 1980.

CARSTENS, J.H. Skoolvoorligting in die VSA. Pretoria: RGN, 1976. (Instituut vir Opvoedkundige Navorsing, verslag no. O-49).

CARSTENS, J.H. Skoolvoorligting in Frankryk. Pretoria: RGN, 1976. (Instituut vir Opvoedkundige Navorsing, ver= slag no. O-79).

CARSTENS, J.H. Skoolvoorligting in Denemarke. Pretoria: RGN, 1978. (Instituut vir Opvoedkundige Navorsing, verslag no. O-92).

COETZEE, C.J.S. Opleiding en beroepsgeleenthede vir skool=verlaters voor standerd 10. Pretoria: RGN, 1974. (Voor=ligtingsreeks vr-3).

COETZEE, C.J.S. Tersiêre opleiding buite die universiteit en beroepsgeleenthede. Pretoria: RGN, 1973. (Voorlig=tingsreeks vr-4).

COETZEE, T.M. Beroepsbelangstellingsvraelys vir leerlinge in Vorms I-V (BBV). Pretoria: RGN, 1974. (Instituut vir Psigometriese Navorsing).

ENGELBRECHT, G. et al. Active Guidance. Standard 6. Pretoria: De Jager-HAUM, 1981.

FERRIS, R.W. Pupil personnel strategies and systems. Springfield: Charles C. Thomas Publisher, 1975.

FROEHLICH, C.P. and DARLEY, J.G. Studying students: guidance methods of individual analysis. U.S.A.: The Teographical Publishing Co, 1952.

GROENEWALD, J.C. Leerling en loopbaan: die pedioterapeu=tiese aspek van beroepsoriëntering. Johannesburg: Voor=trekkerpers, 1963.

GUTTMAN, M. Comprehensive guide to college and career planning. New York: Richards Rosen Press, 1979.

GYSBERS, N.C. and MOORE, E.J. Improving guidance programs. Englewood Cliffs: Prentice-Hall, 1981.

HARTZENBERG, F. Nuusberig, SAUK, Nuus om 13h15 op 21 Oktober 1981.

HOBBS, N. Some notes on science and guidance. In: McDaniel, H.B., Readings in guidance. New York: Holt, Rinehard and Winston, 1965.

HOLLINGWORTH, H.L. Vocational psychology and character analysis. New York: D. Appleton and Company, 1929.

ILLSLEY, R. The child and the occupational world of tomorrow. In: Doxiadis, S. (ed). The child in the world of tomorrow: a window into the future. Oxford: Pergamon Press, 1979.

JACKSON, R. and JUNIPER, D.F. A manual of educational guidance. London: Holt, Rinehard and Winston, 1971.

JESSER, D.L. Career education: a priority of the chief state school officers. Salt Lake City: Olympus Publishing Com= pany, 1976.

JOHNSON, D. et al. Secondary schools and the welfare net= work. London: George Allen and Unwin, 1980.

KARLIN, M.S. Administrators guide to a practical career education. West Nyack: Parker Publishing Company, 1974.

KEIL, E.T. Youth and work: problems and perspectives. In: Hopson, B. (ed), The theory and practice of vocational guidance: a selection of readings. Oxford: Pergamon Press, 1968.

KLERCK, H.P. Onderwys en opvoedkundige beleid. Ongepubli= seerde referaat gelewer tydens die Afrikaanse Handelsin= stituut se kongres, Bloemfontein: 14 Mei 1981.

LANGENHOVEN, H.P. et al. Die benutting van nie-blanke arbeid in Suid-Afrika: 'n verkenningstudie. Bloemfontein: U.O.V.S., Afdeling Personeelnavorsing, 1974a.

LANGENHOVEN, H.P. Beperking op die benutting van nie-blanke arbeid in Suid-Afrika. Referaat gelewer tydens die dertiende kongres van SIRSA. Bloemfontein: 1974b.

LIGON, M.G. and MCDANIEL, S.W. The teacher's role in coun= seling. Englewood Cliffs: Prentice-Hall, 1970.

LINDHARD, N. Beroepe en studierigtings. Kaapstad: Tafelberg uitgewers, 1978.

LIPSETT, L. Social factors in vocational development. In: Hopson, B. (ed), The theory and practice of vocational guidance: a selection of readings. Oxford: Pergamon Press, 1968.

LOMBAARD, S.G. Skoolvoorligting in Swede. Pretoria: RGN, 1976. (Instituut vir Opvoedkundige Navorsing, verslag no. O-52).

MACLEAN, I.C. Child guidance and the school: modern teaching. London: Methuen & Co Ltd, 1966.

MINNIE, R. Akademiese aanlegtoets (Vorm V) (AAT). Pretoria: RGN, 1974. (Instituut vir Psigometriese Navorsing).

MOODIE, T. Entrepreneurskap onder skoliere. Ongepubli= seerde referaat gelewer tydens die Afrikaanse Handelsin= stituut se kongres, Bloemfontein: 12 Mei 1981.

MOPELI, T.K. Nuusberig, SAUK, streeknuus om 13h25 op 27 Oktober 1981.

MORTENSEN, D.G. and SCHUMULLER, A.M. Guidance in today's schools. Third Edition. New York: John Wiley and Sons, 1976.

NEOB ongepubliseerde statistiek. Bloemfontein: U.O.V.S., Navorsingseenheid vir Onderwysstelselbeplanning, 1981.

NEWSOME, A. et al. Student counselling in practice. London: University of London Press, 1973.

PERRY, A. African secondary school leavers: employment experiences and attitudes to employment. Johannesburg: S.A. Institute of Race Relations, n.d.

PRINSLOO, M.J. U kind se beroep. Kaapstad: Nasionale Boekhandel Beperk, 1955.

RAUTENBACH, W.L. Herbetragting van beroeps- en tegniese opleiding en -onderwys in Suid-Afrika. In: Brief. Volume 10, 1981.

REES, A. and SCHULTZ, G.P. Workers and wages in an urban labor market. Chicago: University of Chicago Press, 1970.

RUTTER, M. Psychosocial issues in planning for the future. In: Doxiadis, S. (ed), The child in the world of tomorrow: a window into the future. Oxford: Pergamon Press, 1979.

SANDELL, S.H. and SHAPIRO, D. Work expectations, human capital accumulation and the wages of young women. In: The Journal of Human Resources. Vol.15, no.3, 1980, p.335.

SHERTZER, B. and SONE, S.C. Introduction to guidance: selec= ted readings. New York: Houghton Mifflin Company, 1970.

SPIES, P.G. van Z. Skoolvoorligting in Skotland. Pretoria: RGN, 1976. (Instituut vir Opvoedkundige Navorsing, verslag no. O-50).

STEFFLRE, B. Vocational development: ten propositions in search of a theory. In: Shertzer, B. (ed), Introduction to guidance: selected readings. New York: Houghton Mifflin Company, 1970.

SUID-AFRIKA(Republiek). Departement van Mannekragbenutting, Loopbaangids, Mannekrag 2000. Pretoria: 1981.

SUID-AFRIKA(Republiek). Departement van Nasionale Opvoeding. Filmbylaes.

SUID-AFRIKA(Republiek), Departement van Onderwys en Oplei= ding,Afdeling Sielkundige Dienste. Inligtingstuk no.1 "Personality".

SUID-AFRIKA(Republiek). Departement van Onderwys en Opleiding, Afdeling Sielkundige Dienste. Inligtingstuk no.3, "Vocational".

SUID-AFRIKA(Republiek). Departement van Onderwys en Opleiding, Afdeling Sielkundige Dienste. Inligtingstuk no.4, "General Guidance".

SUID-AFRIKA(Republiek). Departement van Onderwys en Opleiding, Afdeling Sielkundige Dienste. Werksprogram standerd 5, 1981.

SUID-AFRIKA(Republiek). Departement van Onderwys en Oplei=ding, Afdeling Sielkundige Dienste. Sillabus vir voor=ligting, standerd 5 vanaf 1981. Pretoria: Staatsdrukker, 1981.

SUID-AFRIKA(Republiek). Departement van Onderwys en Oplei=ding, Afdeling Sielkundige Dienste. Sillabus vir voorlig=ting, standerd 6,7 en 8 vanaf 1981. Pretoria: Staatsdrukker, 1981.

SUID-AFRIKA(Republiek). Departement van Onderwys en Oplei=ding, Afdeling Sielkundige Dienste. Sillabus vir voorlig=ting, standerd 9 en 10 vanaf 1981. Pretoria: Staatsdruk=ker, 1980 - 81.

SUID-AFRIKA(Republiek). Departement van Onderwys en Oplei=ding, Jaarverslag 1980. Pretoria: Staatsdrukker, 1981.

SUID-AFRIKA(Republiek). Departement van Statistiek, Bevol=kingsensus 1970, Beroepe. Pretoria: Staatsdrukker, 1976. (verslag no. 02-05-11).

SUID-AFRIKA(Republiek). Departement van Statistiek. Bevol=kingsensus 1970,Seshoeshoe. Pretoria: Staatsdrukker, 1976. (verslag no. 02-02-05).

SWANEPOEL, F. en DE VILLIERS, J.F. van K. Beroepe vir die Suid-Afrikaanse jeug: 'n alfabetiese gids. Kaapstad: Nasionale Boekhandel Beperk, 1960.

TOLBERT, E.L. An introduction to guidance. Boston: Little, Brown and Company, 1978.

VAN DER WALT, J.S. Skoolvoorligtingsprogram van die O.V.S.-skole. Metodiek van skoolvoorligting MSK 116. Bloemfontein: U.O.V.S., Departement van Opvoedkundige Sielkunde, Oktober 1978.

VAN DER WALT, J.S. Skoolvoorligting: beginsels, tegnieke en toepassings, Johannesburg: McGraw-Hill, 1979.

VAN DER WALT, J.S. Die filosofiese grondslag van voorligting. Toespraak gelewer voor SIRSA te U.O.V.S., Bloemfontein: 21 Mei 1981.

WALTON, L.E. The scope and function of vocational guidance. In: McDaniel, H.B. Readings in Guidance. New York: Holt, Rinehart and Winston, 1965.

WEINBERG, C. et al. Social foundations of educational gui= dance. New York: The Free Press, 1969.

WILCOX, D.L. Mass media in black Africa: philosophy and control. New York: Praeger Publishers, 1975.

WOLFBEIN, L.S. Education and training for full employment. New York: Columbia University Press, 1967.

WULFSOHN, B. 'n Vergelykende studie van beroepsonderwys in Suid-Afrika en in sekere Wes-Europese lande, met spesiale verwysing na Tegniese en Handelsonderwys. Kaapstad: Nasionale Boekhandel, 1959.

ONDERHOUDE

ADENDORFF, A.P.S. Hoof onderwysbeplanner Sielkundige Dienste, Departement van Onderwys en Opleiding, Pretoria, op 12 Augustus 1981 en 6 Oktober 1981.

BARNARD, M.J. Onderwysbeplanner Sielkundige Dienste, Departement van Onderwys en Opleiding, Pretoria, op 12 Augustus 1981.

KHOTSENG, B.M. Onderwysbeplanner, Qwaqwa Onderwysdeparte= ment, Phuthaditjhaba, op 29-30 Julie 1981.

KHOAPA, N.A. Skoolhoof Tshibollo Senior Sekondêre skool, Qwaqwa, 30 Julie 1981.

LEEUW, P.R. Inspekteur Sielkundige Dienste, Qwaqwa, op 29 Julie 1981.

MASEHLE, J.S. Skoolhoof Makabelane Senior Sekondêre skool, Qwaqwa, 29 Julie 1981.

MONEI, N.C. Inspekteur Sielkundige Dienste, Qwaqwa, op 29 Julie 1981.

SKOMOLO A. Skoolhoof Sekgutlong Senior Sekondêre skool, Qwaqwa, 29 Julie 1981.

OPSOMMING

ŉ Literatuurstudie sowel as ŉ empiriese ondersoek in Qwaqwa is gedoen om vas te stel of:

- daar ŉ verband bestaan tussen die beroepsverwagting van leerlinge en hul kennis aangaande die beroepswêreld,
- daar ŉ verband bestaan tussen die invloede van buite en die beroepsverwagtings van leerlinge,
- daar ŉ verband bestaan tussen die voorkeure van leerlinge ten opsigte van praktiese-, kommunikatiewe- en teoretiese beroepe en hul beroepskeuse.

Skoolvoorligting is sedert 1981 in Qwaqwa en ook landwyd in die skole vir Swartes ingestel. Die vrees bestaan dat skool=voorligting dieselfde pad sal loop as wat in so baie lande die geval is, naamlik dat die voorligtingperiode uiteindelik ŉ minderwaardige plek sal moet inneem naas die ander eksa=mineerbare skoolvakke.

Vir die bedryfsielkundige is veral die beroepsvoorligting=gedeelte van skoolvoorligting van belang omdat die geleent=heid hier beskikbaar is om met die toekomstige mannekrag kontak te maak. Velerlei van die probleme wat in die bedryf met werknemers ondervind word, kon uitgeskakel gewees het, indien voldoende beroepsvoorligting vroegtydig gegee was. Die teleurstelling van die werknemer in ŉ sekere beroep is dikwels baie groot en dit nadat daar vir hom geen kans tot terugkeer is nie.

Die onrealistiese beroepsverwagtings van leerlinge dui daarop dat menige leerling wel teleurgesteld anderkant sal uitkom. Verskeie faktore beïnvloed die realisme van hul beroepsver=wagtings soos die gemeenskap waarbinne hulle hul bevind, die ouerhuis, geslag, portuurgroep, verwagte loonskale, die skool, die onderwyser en die kommunikasiemedia. Die beroeps=voorligter moet nie slegs hierdie faktore in aanmerking neem nie, hy moet hulle nuttig aanwend sodat beroepsvoorligting uiteindelik kan deurbreek tot beroepsoriëntasie.

Die beste metode waardeur beroepsoriëntering kan plaasvind, is om aan die leerling voldoende kennis te verskaf sodat hy in staat sal wees om self 'n realistiese besluit te neem. Omdat die leerling se vakkeuses vroegtydig reg geneem moet word, word aanbeveel dat die leerling 'n aantal voorlopige en korttermynkeuses sal maak wat minstens die rigting kan aandui van sy toekomstige beroep. Namate die leerling ouer word en sy kennis vermeerder, kan hierdie keuse verfyn word. Hierdie metode word in Denemarke gevolg.

In Qwaqwa is gevind dat die kennis van leerlinge oor die hoë professionele beroepe relatief swak was, nieteenstaande die hoë verwagtings wat hulle van hierdie beroepe koester. Selfs die leerlinge wat mediese dokter wou word se kennis van die beroep mediese dokter was swakker as hul gemiddelde kennis van drie beroepe. Die kennis van die beroep onderwyser is realisties vir die huidige, maar onrealisties vir die toe=koms omdat die huidige situasie in Qwaqwa nie ooreenstem met

die vereistes wat vir die onderwysberoep gestel word nie.

Die beroepsverwagtings van leerlinge in Qwaqwa hou nie realisties tred met die werksgeleenthede beskikbaar nie. 'n Groot teenkanting bestaan steeds teen tegniese beroepe. Beroepsvoorligting kan tesame met die beroepsoriëntering=sentrum reeds op skool 'n bydrae lewer om leerlinge realisties te oriënteer.

Die empiriese studie het ook aangetoon dat daar wel 'n ver=band bestaan tussen die voorkeure van leerlinge ten opsigte van praktiese-, kommunikatiewe- en teoretiese beroepe. Hierdie beroepsindeling kan nuttig gebruik, word in die aanbieding van beroepsvoorligting.